TOIINGS

Mikro

TOIINGS

TOIINGS

DEUR

MIKRO

NEËNTIENDE DRUK

J. L. VAN SCHAIK, BEPERK, PRETORIA
1956

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Librigebou, Pretoria

INHOUD

Hoofstuk		Bl.
I.	Toiings	7
II.	Drome	15
III.	Dawid	24
IV.	Beproewing	34
V.	Bruilof	41
VI.	Voorbodes	50
VII.	Graswewenaar	59
VIII.	Dawid se Opvoeding	70
IX.	Afskeid	79
X.	Die ‚Eppentonse' Meid	85
XI.	Toiings Onverskillig	93
XII.	Die Voetbalwedstryd	106
XIII.	Maats	117
XIV.	Dawid se Siekte	127
XV.	Terug Plaas toe	137

Hoofstuk I.

TOIINGS

Sy naam is eintlik Frikkie, maar die plaasvolk het hom Toiings genoem. Vyftien jaar gelede het daar 'n klonkie op Kareeplaas aangestap gekom — sy klere toiings, sy gesig besmeer en sy lyf vol kneusplekke want baas Pieter, sy vorige baas, kan baie straf wees op 'n jong. Hy kan nie meer onthou hoe hy by baas Pieter uitgekom het nie, maar die baas sê hy was daar ingeboek. Die baie slae kon hy daar nie uithou nie, en so het hy een nag die wapad geskep en op Kareeplaas uitgekom. Die merke aan sy lyf was so beskuldigend dat baas Pieter liewers nie na die klong gesoek het nie. Baas Fanie Naudé het dit ook gesien en onthou. Toe hy sien hoeveel intelligensie die wakker oë verraai, het hy besluit om hom te hou. Die eerste môre dan al het Fanie Naudé vir sy vrou in die kombuis gesê: „Miemie, ek dink ek gaan die klonkie maar hou. Hy het sommer self van die skape begin uitvra, en ou Jafta is al baie oorlams." Dis darem nou al jare daarna en vandag is hy Kareeplaas se skaapwagter, en niemand sal dit beter doen as Toiings nie maar sy klere is nou skoon en heel. Fanie Naudé is 'n baie goeie, liewe baas — as die skaapwagter deug. Nou is Toiings egter een van die bevoorregtes op Kareeplaas. Elke Kersfees kry hy sy wyn en met Nuwejaar ag dae vakansie. Die bure kon sy baas nie verstaan nie. Hy moet iemand werklik lief hê as hy hom wyn en so baie vakansie gee.

Die jong bederf hy, sê hulle. Maar hulle ken darem nie vir Toiings nie.

Toiings het Siena nou al bra lankal in die oog maar die moeilikheid is dat sy nog nie ‚ja' wou sê nie, en hieroor is baas Fanie die gode baie dankbaar. Dit sal weer 'n nuwe stroois beteken en moontlik nog 'n ekstra ag dae vakansie sommer hier in die middel van die maand. Nou begin Toiings egter vuur vat en dan is daar nie keer aan hom nie.

Dis oggend. Baas Fanie het die moftrop klaar getel. Daar makeer nie een nie. Dit het hy geweet voordat hy begin tel het, en dit het Toiings in sy baas se oë gesien net toe die laaste ou mofooi verbystryk. Dit gaan nou al tien jaar so aan. Nooit tel die baas een kort nie, of Toiings het hom al die vorige aand daarvan vertel, maar daar is so'n stilswygende ooreenkoms tussen baas en jong — gemaakernstig tel die baas die vee en doodernstig vra die jong dan of die getal reg is. Die baas wil Toiings nie sy vreugde ontneem nie, en Toiings weet dat sy baas graag spog — anders waarom tel hy meer dikwels as ander base, en waarom staan hy so regop, die haakkierie in die regterhand. Vanmôre vra Toiings dan ook na gebruik ewe ernstig: „Is die getal reg, Baas?"

„Ja, Toiings."

„Dankie, my baas. Môre, Baas."

„Môre, Toiings."

„Ja, Baas."

Fanie Naudé het hom nog nooit na die bekentenis van die „ja, Baas" gevra nie en het dit maar as persoonlike bedanking vir 'n gesonde verhouding tussen baas en kneg beskou. Vanmôre slenter Toiings nog so 'n bietjie rond. Môre is Kersfees, en hy wil sy baas 'n gunsie vra, maar weet nie hoe om die saak aan te pak nie.

„Môre, Baas," en hy lig weer sy hoed.

„Toiings, wei maar vandag met die leegte langs, my jong."

„Ja, Baas . . . Baas Fanie? . . ."

„Ja, Toiings?"

„Ja, Baas. Dis so, Baas. Baas, kyk môreaand wou ek graag vir oompie Kerools en nig Meraai-goed hier gehad het. Oom Jan en neef Salmon wou ook graag kom en 'n paar meide . . . Siena ook, Baas."

„So, Toiings?"

„Ja, Baas."

„Moet ek nog 'n ekstra bottel wyn gee, Toiings?"

Toiings is baie skaam oor hierdie vraag. Hy vra mos nooit wyn vir die baas nie, en hoe sal die baas maak of hy net wil drink, en dit nogal as die nôi in die agterdeur staan. Hy lag maar. Die baas Fanie hou darem daarvan om so 'n grappie te maak.

„Nee, alla Baas! Ek wou maar net weet of hulle die aand op die werf kan wees. Ons wil 'n bietjie musiek maak, Baas."

„Toe maar, Toiings; nôi Miemie, die twee kleinbasies en ek sal ook môreaand 'n slaggie kom luister."

Maar nou is Toiings eers skaam, want sy respek vir sy nôi het geen grense nie en is so opreg dat hy skaars in die kombuis wil kom as sy daar is. Bruinmense hoort nie in die baas se huis nie! So skaam is hy dat as nôi Miemie 'n vraag vra, lag hy maar net tot baas Fanie dit weer moet vra.

„Ja, Baas. Dankie, Baas. Môre, Baas."

„Môre, Toiings."

„Ja, Baas." En met 'n vinnige stryk stap hy na die skape toe.

Dis Kersfeesaand. So 'n egte Karoo-Kersfeesaand. Nie 'n wolkie om die Karoo-bleekheid te oorskadu soos dit rustig in die maanskyn lê nie. Dis 'n stille slaap soos die van die dood self. Tweehonderd tree van die witgepleisterde woonhuis steun en herkou die mofskape, en oorkant die rivier,

net, duskant die vaal rantjie, flikker die vuur van die skaapwagter. Toiings se gaste sit al neergehurk in die stroois. Ou Jan met sy bietjie baard en baie lag, is daar; Meraai lek 'n ribbebeentjie af; ou Kerools met sy stywe been, klein voetjies en Boesmanpatroon, vertel vir neef Salmon hoe hy nou die dag sy duusman disnis gesny het op die koringland. Daar is nog twee ander — Windvoël wat so baie kan raas en Siena. Toiings gesels niks nie, troon voor in die deur op die waterkantientjie. 'n Goeie gasheer, reken hy, moet min gesels en baie lag. Hy voel tevrede, hoogs tevrede, want hy sit neffens Siena. Hy voel oortuig dat sy gaste die aand ten volle geniet. Hy kyk hulle so een vir een deur. Windvoël het eintlik sy kop agteroor gegooi so lekker soos hy die ghitaar slaan. Ai! die Windvoël darem!

Dis Toiings wat nou praat. „Siena, ou nig, hoe hou iy nou eintlik van my stroois?"

„Hoe sal ek nou sê . . . dit kan gaan. Of hoe sê oompie Jan?"

„Siena, kan jy nie sien Toiings soek meid nie?" sê ou Jan hierop, onderwyl hy sy knipmes onder sy veldskoen slyp.

„Ag wat, 'n man moenie so meid vra nie! Jy moet sommer die meid bydam. Dis soos ek vir Let gekry het."

„Hotnot! Windvoël se kind!"

„Hier kom my baas-goed nou."

Toiings staan eerbiedig op. En nou is dit weer 'n gedoente. Die kleingoed spat na die kookskerm toe, meer hout word op die vuur gestapel, en Toiings stap uit om sy baas en nôi naand te sê.

„Naand, Baas; naand, Nôi; naand my kleinbasies. Happy Krismis, Baas; en vir die nôi en kleinbasies ook. Ja, Baas."

„Loop, speel doer!" dreig ou Jan sy kleingoed met 'n stomp vuur en steek dan sy pyp op.

„Gelukkige Kersfees vir julle almal, volkies," sê baas Fanie en nôi Miemie tegelyk.

„Dankie, Baas; dankie, Nôi," antwoord die hele koor, en Toiings las nog 'n „ja, Baas" agterna.

„Dans, Baas? Nee, Baas; ons gaan nie dans nie. Ja, Baas."

Toe lag Toiings eers regtig. Watwou! waar sal hy dan nou so danig kan dans. En dit nogal voor die nôi. Die baasgoed laat 'n mens net sleg voel. „Baas, ons het nou eintlik nie stoele hier nie. Ai! tog, Baas!" En Toiings lag maar weer. Nog steeds staan hy met sy hoed in die hand alhoewel die ander volkies rond sit en nie juis maak of daar witmense naby is nie. Dis wat Toiings so die herrie in maak. Hy is darem baie bly dat Siena ook nie sit nie. Ja, maar dit is nou so. Siena is nou 'n uithaler meid. Daar is nie nog so een in die hele kontrei nie. Baas Fanie en nôi Miemie het nog so 'n rukkie vertoef en toe is hulle huis toe. Hulle voel hulle het hul plig teenoor Toiings gedoen.

En in die stroois sê Toiings: „Oompie Jan, julle base mag ryk wees en blink motors hê, maar my baas Fanie is die beste baas in hierdie kontrei. Ja, Oompie."

So teen middernag word die baas weer wakker. Die volkies staan voor hul venster en sing: „Stille nag, heilige nag." Alles is nou vreedsaam. Selfs die nag hou sy asem op. Die kleinbasies sit penorent op hul bedjies, roerloos. Dan weer die stilte wat 'n Kersnag alleen kan gee. As nôi Miemie haar dan omdraai kry sy die gedagte dat daar eendag in die hemel seker ook 'n bruinkoor sal wees.

Oorkant, by die vaal rantjie, begin die feestelikhede nou eers regtig. Windvoël dwing maar net om die ghitaar meer omgekrap te speel. Tant Meraai dans die nag met ou Kerools soos lanklaas in haar lewe. Ou Jan tik maar die wysie met sy skoen se punt so af, terwyl Toiings sit en lag op die waterkantientjie, Siena neffens hom, want sy hou net niks van dans

nie. Dit is wat Toiings se hart eintlik so warm laat gloei. Dis toe die ander so jolig is wat Toiings die ou kansie kry wat hy al lankal na smag. Nou Windvoël se bek so groot is, sal hy maar sy dingetjies sê.

Bleek lê die vaal rantjies rustig in die vroeë môre. Ou Jan en Meraai. Windvoël, Salmon en Siena is al op pad na hul werf. Ou Jan en neef Salmon stryk heel voor, die baadjies dwars oor hul rug gegooi en die moue voor vasgeknoop; agter hulle stryk die ander, en 'n hele ent agter hulle weer drafstap die kleingoed.

In die stroois rol Toiings weer rusteloos rond. Siena het ja gesê maar nou begin sy probleem eers regtig.

Fanie Naudé sê die volgende môre aan die ontbyttafel vir sy vrou: „Vrou ek wonder wat Toiings makeer. Vanmôre het hy vir my so skamerig gelyk en glad niks gesels nie. Ek hoop net nie hy dink aan trek nie."

Maar Toiings het glad nie so 'n plan nie. Daar is iets anders wat hom kwel. Hy voel diep ongelukkig. Net die dagster en hy weet wat Siena gesê het, maar dis nie wat hom so ongelukkig maak nie. Vanmôre toe die dagster doer staan, het hy met die meid gesels. Windvoël het altyd baie sêgoed maar hy wat Toiings is, steur hom nie aan Windvoël nie. Siena is 'n goeie meid. Daar is iets anders wat hom kwel . . . Sê nou maar net nôi Miemie en Siena stryk nie! . . . Sê nou maar net baas Fanie sê hy en Siena moet trek! En vanmôre het hy nie eens met die baas gesels nie. Sê nou die baas is kwaad! Wat doen 'n man in so 'n geval? Hy wil mos darem baie graag vir Siena trou. Sal hy nie bid nie? . . . Maar hy kan nie bid nie, het nog nooit gebid nie. Oompie Kerools kan lekker bid. Maar dit help mos nie vir hom nie. 'n Mens moet sommer op jou knieë gaan en jou hart uitgesels. Kan 'n mens dan helder oordag bid?

Dis al namiddag en Toiings voel al hoe meer ongelukkig. Nee so kan dit nie aangaan nie. Gisteraand was hy so wonderlik gelukkig en nou moet hy soos 'n gifsiek ding ronddwaal. Hy sal bid. Eerbiedig kniel hy in die skaduwee van 'n tamaai taaibos, maar daar begin die katlagters hom weer uitkoggel. Net so eerbiedig staan hy weer op, en met 'n „sjt!" en 'n swaai van die hoed verwilder hy die katlagters en kniel weer. Vas druk hy sy hoed teen sy bors en sê: „Liewe Oubaas, ek is Toiings. Ek pas skaap op by baas Fanie, en ek het Siena lief. Ja, Baas. Amen."

Met 'n gereinigde gemoed staan hy daar op, eet toe vir die eerste maal die dag 'n stukkie, kyk na die son en besluit dat dit tyd word om huis toe te gaan.

Soos ou gebruik, het baas Fanie die volgende môre twaalf klippies opgetel en toe die mowwe begin tel. Toiings kan sweer hy het skape verloor. Hy wil liewers vir Siena verloor as een van sy baas se skape. As 'n man so ronddwaal soos hy gister, kan jy sommer maklik honderd goed of meer wegsmyt. Sy baas moet hom dan maar ooptrek en 'n pak slae gee. Die baas behoort sy volkies meer te slaan, dan deug 'n mens tog. Kyk baas Pieter het jou sommer oor 'n koringsak oopgetrek en gelooi. Angstig vra hy nou: „Is die getal reg, Baas?"

„Ja, Toiings."

„Dankie, my baas."

Hoe sal hy nou begin? 'n Mens moet so 'n trouery se aansê handig aanvoor. Jy kan nie sommer sê: ‚Baas, ek wil meidvat' nie. Sê nou die baas lag hom uit. Meidvat is nie speletjies nie. En hy wil alreeds 'n nuwe stroois hê. Hy sal nie dat Siena sommer in die oue kom inkruip nie. Weer haal hy sy hoed af.

„Baas! Ai, Baas. Ja, Baas."

„Toiings, jy wil seker met my oor Siena gesels, né?"

„Dankie tog, Baas. Ja, Baas."

„En wanneer wou jy trou, Toiings?"

„Baas, net so gou as ek 'n nuwe stroois opgeslaan het. Baas."

„Dan wil jy nou regtig trou?"

„Ja nee, Baas. Baas . . . ek het daaroor gebid ook, Baas."

„Nou ja, as jy vir nôi Miemie daarvan sê, sal sy vir julle koek bak, en ek sal vir 'n bietjie wyn sorg."

„Dankie, my baas; dankie, baas Fanie. Baas moet maar sommer vir die nôi sê. Môre, Baas."

Daardie dag was Toiings se vreugdebeker blinkrand vol. Een van die dae moet sy vrou haar intrek neem.

Hoofstuk II

DROME

Hulle is een môre, so met die vat van die koue weertjies getroud. Haastig is hulle weer plaas toe, want nie een van hulle hou van die lokasielewe nie. Die volkies is daar op die dorp te onverskillig, en buitendien is hy haastig om vir Siena hul nuwe stroois te wys. Siena sal daarvan hou, dis wis en seker. Sy vier torre draf so omgesukkel dat hulle die aand al op Kareeplaas is. Van baas Fanie se aanbod wil hulle nie gebruik maak nie, want hulle wil nie hê ander moet by hulle van origheid kom lê nie. 'n Mens moet werk, dis wat Siena ook sê. Nou het Toiings net een ideaal en dis om gou ryk te word, nie om te spog nie, maar 'n man moet vir jou vrou en kinders sorg. Kinders moet daar wees. Sommer soveel. Dis waar hy altyd vir oompie Kerools beny het — die baie kinders. Dis mos lekker om vir hulle uitsoekname te gee. Hy wonder waar krap oompie Kerools al die name uit. Dis Sampie, Alet, Doppies, Woerwoer, Klaas, Olyn en Vaaltyn. Doppies kan gaan, maar hy hou nie daarvan om vir 'n kleinding 'n naam soos Woerwoer te gee nie. Woerwoer! dink 'n bietjie! En van daardie dag af dink Toiings net aan twee dinge — name vir sy kinders en hoe om gou ryk te word.

Sy skape is darem nie te min nie. Hulle moet nou so aan die vyftig lek. Dan het hy mos nog die groen kaalkarretjie en die vier donkies. Maar Siena kan dit almal vat. Dis nou

hare. Net wat Siena wil hê, is hare. Hy is tog te dankbaar dat Siena hom wil hê. Wie sal hom tog anders wil hê. Wie is hy dan nou miskien? 'n Slegte hotnot wat eers ingeboek was en nou nie eers meer weet wie sy pa en ma is nie. Nee, vir Siena kan hy maar goed oppas.

Ai! en Siena hou tog te baie van hul nuwe stroois. Daar is ses lekker gebreide bokvelle in, 'n paar paraffienkissies, 'n blikkoffertjie behalwe nog hul bekers, potte en 'n keteltjie. Toiings het 'n ou houtkatel van baas Fanie persent gekry en die het hy reggepiekel, 'n mielieblaar-matras daarop gesit. Siena is nie sommer so 'n meid nie! Die beste moet vir haar wees. Maar hy wil baie graag nog 'n paar wolkombêrse uitboer.

So sit hy maar heeldag agter die skape en peins. Een môre het hy vir Siena gevra om saam met hom en die vee te gaan; bewoë het hy haar toe die taaibos gewys waar hy gebid het. Daar agter die einste taaibos het sy hom toe 'n klapsoen gegee, iets wat Toiings se bestaan benat het want hy is gans te beskroomd om self te soen. Dit is nou al 'n ingewortelde gebruik van hom om Siena elke môre met die hand te groet as hy vee toe gaan. Saans groet hy haar weer so. As hy nou 'n beter jong was, kon hy haar gereeld gesoen het, maar hy is sommer 'n weggooihotnot. Hy sal Siena sy hele lewe lank dien.

Een aand sê hy vir Siena: „Siena, ek wil vir baas Fanie vra of ek nie 'n stukkie grond kan kry om te ploeë nie. 'n Mens sal sommer lekker baie koring in die leegte wen. Kyk hoe baie sakke koring maak die baas nie skoon en die baas sal nie omgee nie. Ek weet net nie wie dan die skaap kan vat nie."

„Ek sal, Toiings."

„Nee, nee, Siena. Jy is my vrou. Ek sal jou nooit laat skaap-oppas nie. Ja nee, so nooit as te nimmer nie. Kyk

hoe maak ou Jakob, die ou sleg, met sy vrou! Wil jy dan hê ek moet ook so maak?"

„Maar, Toiings, dit sal mos net vir 'n paar daggies wees en ek kan altyd na die leegte se kant toe wei."

„Nee, Siena. 'n Vrou van my sal nie werk nie. Vir nôi Miemie werk is nou 'n ander ding. Daarvoor gee ek nie om nie."

Nietemin het Toiings die idee oor en oor herkou. As hy, sê nou maar, dertig sakke koring wen, kan hy tien vir homself hou en die ander verhandel vir skape. Dit sal alweer 'n twintig skape beteken. As hy nou vir hom 'n saaiwalletjie sleep en elke jaar saai sal hy net gou 'n sterk man wees. Daar sal kinders wees en sy kinders moet ook eendag iets hê . . .

Dit was net die tyd toe baas Fanie besig was om in die leegte te ploeë. Dis wat Toiings so op hol gemaak het. Sy baas het pragtige saaiwalle en nou dwing hy net om ook een te maak. Hy was eers baie skaam om met sy baas daaroor te gesels totdat hy eendag met die hoogste nood voor die dag gekom het. Ja-nee, hy kan maar so maak, sê sy baas.

„Siena," sê hy dan daardie einste aand nog, „jy het mos so half en half gepraat of jy die skaap sal oppas as ek 'n saaiwalletjie wil maak. Ek is half so by die gedagte om een te maak."

„Toiings, ek is baie bly. Jy weet oompie Olyn sê my nou die dag hy wens jy wil saai. Hy sal sommer glo 'n paar sakke van jou oorneem."

„Dankie tog, Siena. Jy moet maar dat Flaai saam met jou bedags loop en dan sal jy nie so alleen voel nie. Ek dink ek gaan Maandag begin."

Nou is dit al wat Toiings saans oor kan gesels. Saans as hy Siena met die hand gegroet, die ghaap en kombro teen die kookskerm gesit, die waterkantientjie weer 'n slag volgemaak het, dan word die tuie reggemaak vir Maandag. „Siena, ek

het vandag net die regte plekkie vir so 'n saaiwal gekry. Ek het die graaf vanmôre saam gedra en 'n hele kol al skoongekap."

„Dan is ek bly. Toiings."

„Siena, jy weet die skaap het nou 'n mode om bedags baie te trek. Jy moet hulle sommer 'n paar keer maar op die dag omloop." Dan word hy sommer skielik oorstelp van liefde omdat Siena so 'n goeie meid is, en praat glad aaneen. „Siena, jy is darem die beste meid wat ek by die kennis het. Ek wonder wat my oompie Dissel sal sê as hy weet ek het so 'n goeie vrou op die lyf geloop. Jy ken mos my oompie Dissel van Blikkiesdorp?"

„Ja, Toiings. Maar, Toiings, ek wil darem ook nie 'n beter man hê nie. Baas Fanie sê ook nou die dag: „Siena jy het 'n goeie man."

„Dankie, Siena. Ai! dankie tog." En pure van aandoening skop hy vir Flaai, hul hond, uit die stroois uit.

„Nou ja, dan sê ek maar: nag, Siena." Weer gee hul mekaar die hand en soen ook hierdie keer, want Toiings sê 'n mens weet nie of jy mekaar weer die anderdagmôre in die lewe sal sien nie.

Die ploeëry was darem vir jou 'n gedoente. Sonder hulp het Toiings vir hom 'n walletjie geskraap en dit was nie meer as 'n walletjie nie. Skaars 'n voet hoog lê die wal draai-draai in die leegte. Vir Toiings is dit sommer 'n bul van 'n wal, met sy uitloop en al. Party dae as Siena met die vee daarlangs wei, sit sy eenkant op die wal en beskou Toiings. Dan wil hy net maak en breek. Die skraper hou hy net met sy sterk arms vas en as hy by die walletjie kom, smyt hy die skraper om of dit sommer 'n speeldingetjie is. En hy spog met sy donkies nie maklik nie. Toe Siena vir hom sê: „Toiings, ek hou nou regtig baie van daardie voordonkie van jou," moet sy dit teen

wil en dank vat. „Siena, kyk nou moet jy so reken dis joue. As jy vir Twaailaait wil hê dan is dit joue. Nee, nee, Siena, ek wil die donkie nie meer hê nie. Jy moet hom vir my net leen tot na die ploegtyd."

Bedags reken hy dan uit hoeveel sakke koring 'n mens van ses emmer saad kan wen. As die koring wil skiet soos baas Fanie s'n kan 'n man reken op dertig sak. Die helfte daarvan is Siena-hare. Van nou af gaan sy die helfte van alles kry. Nou ja, dis vyftien mud. Sy sal hare natuurlik verkoop. Vyf van syne hou hulle vir hulleself en vyf het oompie Olyn bestel. Die ander vyf sak sal oompie Jan maar net te bly wees om te kry. Hy kort nog 'n paar mooi kapaters en oompie Jan het nou rêrig 'n paar mooies. Oompie Jan kan darem gerus vir hom drie kapaters vir twee sakke koring gee.

Die walletjie is al klaar; die saad al ingeploeë. Nou begin hy haastig word. Netnou is die goed groot en dan het hy nog nie 'n bêreplek nie. Daar is darem altyd 'n plan voor. Die baas moet maar weer help.

„Baas Fanie," sê hy een aand laat by die kombuisdeur, „ek begin dink oor 'n bêreplekkie vir my koring. Baas weet ek sal seker so 'n dertig, of sê nou so na 'n veertig sakke wen en ek het mos nie 'n bêreplekkie nie."

„Toiings, maar jy kan altyd 'n plekkie in die pakkamer kry. Jy gaan darem nou fluks vooruit! Ek sien een van die dae is jy ryker as ek."

„Ai tog! Baas, hoe kan Baas dan nou so sê!"

Maar hy voel so gelukkig daaroor dat hy dit vir Siena die nag oorvertel. „Reken, Siena, baas Fanie sê mos vanaand vir my ek gaan dan nou so fluks vooruit. Die baas darem!" Dis nou vir hom 'n baie goeie grap. Hy vrywe sy kenbaardjies van genot. Die baardjies, nes die jong graan, is sy trots. Siena hou dan so baie van 'n jong met baard, en as sy so reken

dan is die saak afgehandel. Die baardjies is maar eina, so yl soos die bossies in die Koup, maar dit sê nie.

Toiings is al lankal weer agter die vee. So af en toe wei hy met die leegte maar net as baas Fanie sê hy kan gaan. Dan meet hy amper elke halmpie teen sy been, en daardie aand sê hy vir Siena dan: „Siena, daar is party stoeltjies wat al aan my broek raak as ek in die land staan." Weer 'n ander slag — „Siena, party plekke vat die stoele al aan my kuit." Die aand was hy regtig grootman toe hy kon sê: „Siena, plek-plek vat die graan al so aan my knie. Die koring gaan baie goed skiet vanjaar. Ek dink ons sal seker so veertig of alte-mitters vyf-en-veertig sak skoonmaak. Jy moet maar vir oompie Kerools sê ek dink hy kan ag sakke kry."

Maar die Karooweer neem 'n mens nie altyd in ag nie. Eers het die windjie daelank op wes gestaan, om- en omge-kom tot hy uiteindelik oos is. Daar het hy lank gestaan en toe loop gooi hy vir hom op noord. Die eerste dag het hy in die westekant sulke losserige wolkies gegee, die tweede dag vaster wolke en die derde dag, so teen twee-uur, lyk hulle eintlik so blou van onder. Oral het sulke yl buitjies uitge-sak, so yl dat dit jou aan oompie Kerools se baardjies laat dink het. Kort-kort brom die weer en piets so 'n kettingstraal af grond toe. Daardie nag het die groot weer eers gekom.

„Siena, vanaand se aand kry ons saaiwal water. Kyk net hoe staan die ligte daar. Nou sal hulle nie meer verdroë nie."

Kort-kort kyk hy leegte se kant toe. Dis darem 'n geseënde jaar hierdie. Eers het Siena ja gesê en nou hierdie reëntjie. Môre, as hy solank lewe, wei hy weer leegte se kant toe. Hy sal maar 'n graaf saamneem, want 'n mens weet nie of die graan dalk nie onder water staan nie. Siena moet ook maar kom — as haar werkies hier klaar is.

Siena weer voel vanaand beangs. Sy ken die verraderlik-heid van die Karooweer en wonder waarom haar Toiings nie

daaraan dink nie. Sy het op Saailaagte gesien dat groot-groot saaiwalle soos niks wegspoel. Maar waarom sal sy hom nou al ontmoedig. Dalk is die reën daar in die leegte nie so straf nie. Snaaks, partykeer reën so 'n strawwe donderweer amper niks nie.

Toiings is die volgende môre eintlik so haastig dat hy die oomblik, wat hy by die saaiwal kan wees, nie kan afwag nie. Die trop moet nou maar hier teen die hangetjies wei, hy sal aanstryk. Flaai draf, neus teen die wind, 'n hele ent voor hom. A, nee wag! hier het die water al sterk begin loop. As die reëntjie so gehou het, is sy land goed nat. Net daar anderkant die groot lap ganna is sy landjie. Nog net 'n klein rukkie en hy sal daar wees.

Toiings wou dit nie dadelik glo nie. Hy het maar seker 'n fout gemaak. Maar hoe sou hy! Hy wat elke duim van die leegte ken. Dan is sy land mos skoon weggespoel! Daar staan hy by die een punt van die ou voethoog-walletjie en aanskou die verwoesting . . . So hier en daar kom nog 'n groen polletjie bo die slik uit. Dit was seker 'n baster wolkbreuk. Ja-nee, dis dit. 'n Wolkbreuk! Treurig en verlate gaan hy op die ou puntjie walletjie sit. Sy landjie . . . Sy saaiwalletjie! Waarom? Dis mos nie vir hom wat hy dit gedoen hét nie! Hy werk mos maar vir Siena. Arme Siena! Nou sal sy nie eers 'n korreltjie koring hê om te stamp nie.

Toe Siena daar kom, sit hy nog so. Inmekaar, sommer vooroor met skouers wat hang; in sy hand het hy nog een van die graanpolletjies wat daar vasgespoel het.

„Siena, dis ons landjie hierdie. Onthou jy nog hoe ons oor ons eie ou landjie gesels het? Kyk daar hoe die water daarmee gespeel het. Kyk daar! ons ou walletjie is skoon weg."

Hy spring verwild op, gryp sy knapsak en stryk aan sonder om Siena dag te sê. Sy staan nog so 'n rukkie ingedagte, draai

dan om en stap werf toe. Maar in haar hart is geen wrok teen die noodlot nie — net 'n innige jammerte vir Toiings, haar man.

Maar die aand kom Toiings werf toe met 'n yslike drag hout, ghaap en 'n hasie wat Flaai per ongeluk disnis geloop het. Eers praat hy nie 'n woord nie om later net vir haar te vra om saam kraal toe te stap. Daar bely hy toe skuld by Siena.

„Siena, ek is jammer. Ek was vanmôre sommer 'n baie slegte hotnot. Ek weet nie hoekom jy my lief het nie, maar as ek weer so word, moet jy my sommer uitskel. Ek wou vanmôre net moor."

„Dis niks nie, Toiings. 'n Mens voel baie dae na moor maar jy moet dit net nie doen nie, dan is dit niks nie."

„Dankie, Siena." Dan rol die woord, woorde van dankbaarheid teenoor hierdie meid van hom. „Siena, al sal jy ook eendag dood gaan, ek sal nie weer trou nie. Nooit nie, Siena! 'n Mens kan maar net een so 'n vrou hê."

„Dankie, Toiings."

„Nie te danke nie, Siena."

En na hierdie eerste beroering in hul huwelikslewe, het Toiings se liefde vir Siena nog 'n keer sterker geword.

„As Siena daar kom, sit hy nog so."

Hoofstuk III

DAWID

Hoe meer die dag nader des te ongeruster het Toiings geword. Nou gaan hulle 'n kindjie hê en hy wonder of dit 'n meidjie of 'n klonkie sal wees. Dis wat hom nog ondersit — die naam. As dit nou 'n meidjie gaan wees, sal hy dit graag Bet wil noem want dis al tante wat hy by sy kennis het. Tant Bet sal ook so bly wees as hulle die dingetjie na haar noem. Die eintlike probleem gaan kom as dit nou 'n seuntjie moet wees, want alhoewel sy oompie Dissel 'n baie goeie man is nogtans hou hy nie te vreeslik baie van die naam nie. 'n Klong moet 'n mooi naam hê . . . Hy het vanmôre aan Siena se oë gesien dat sy hom baie graag by die stroois wil hê. Hy en Siena is so gelukkig saam en nou gaan hul geluk nog groter wees. Hy sal darem grootman wees as tant Sanna vir hom die môre sê dat Siena 'n kind het. 'n Dogter — dis eintlik wat hy wil hê want 'n dogter sal seker na haar ma lyk, en dit moet sommer 'n lelike klong wees as hy na hom lyk . . . Vanaand moet hy baie ghape na die stroois bring, miskien nog so een of twee kombro ook. Flaai is ook so vrotsig anders kan hy tog 'n hasie vang.

Daardie koue nat aand het groot nuus vir Toiings ingewag. Siena en hy is nou moeder en vader. Net jammer dat dit 'n klonkie is want netnou lyk hy soos sy pa. Ou Sanna kan maar nie ophou om te vertel van die mooi gesonde klonkie nie.

In die stroois het hy iets vreemds, geheimsinnigs in Siena se oë gewaar, iets wat hy nie bra kon verstaan nie. 'n Diepe, reine vreugde het hom oormeester toe hy die klonkie onhandig in sy arms neem. Ou Sanna wil haar so pap lag omdat hy nie 'n kind kan vashou nie. „Oppas, Toiings, die kleinding lê netnou op die grond!" Maar hy is wonderlik gelukkig en net daar het hy by Siena se houtkatel gekniel.

„Siena, maar so 'n hotnot is vanaand bly! . . . Jy weet, Siena, toe daardie ou donkiemerrie van baas Fanie gister 'n vulletjie kry, het ek so verlang, Siena . . . Siena, jy is mos ook bly?"

„Ja ,Toiings."

„Dis sommer 'n mooi klonkie, Siena."

„Ja, Toiings, en hy lyk kompleet nes sy pa."

„Nee, Siena, nee! Die klong lyk niks na my nie. Daar is nie 'n haar op sy kop wat na myne lyk nie. Vir my lyk hy nes sy mama."

As Toiings die aand gebukkend uit hul stroois uitkom, is die hele wêreld vir hom anders. Die ooie met hul lammertjies daar op die werf het nou vir hom 'n spesiale betekenis, 'n nuwe boodskap. Van vanaand af sal hy seker nie eers weer 'n muis kan doodmaak nie want strakkies het die ook kleintjies. 'n Mens moenie so moorddadig wees nie. Sê nou maar iemand was op Siena ook so moorddadig! Wat sou dan van hom word?

Daar kom baas Fanie en nôi Miemie ook. Wil seker hul klonkie kom kyk. Wag hy sal gou 'n paar dingetjies uit die pad uit sit. As hulle daar is, staan Toiings eerbiedig by die voetenent van die katel, sy hoed vas teen sy bors gedruk, en met 'n gesig wat straal van geluk.

„Toiings, maar dis 'n mooi klonkie." sê nôi Miemie vriendelik.

„Dankie, Noi. Ja, Nôi."

Hy gooi sy kop agteroor soos hy lag. Sy klonkie sal eendag vir die nôi moet werk . . . Kyk net hoe lê die dingetjie met sy toe oë, nes 'n moflammetjie wat teen die son lê en slaap.

„En wat gaan sy naam wees, Toiings?"

„Nôi, dis nou wat ek nog nie weet nie. Siena moet maar help naamgee."

Weer lag hy asof dit nou so danig snaaks is.

* * *

„Baas Fanie, Siena en ek wil die tjent laat doop. Ja, Baas."

Dié gewigtige aankondiging het Toiings een Donderdagmôre net voor hul nagmaal aan baas Fanie gemaak. Die son dwing al om uit te skuif bokant die rantjies, en die baas is al haastig dat die mowwe veld toe moet gaan, maar hy was die aankondiging te wagte. Siena se kleinding is dan al amper drie maande oud.

„Nou ja, Toiings, wanneer wou julle gaan?"

„Nou met nagmaal, asseblief baas Fanie."

„Nou ja. Toiings, maak dan maar so. Ek sal ou Willem agter die vee sit."

Maar hiervan wou Toiings nie hoor nie. Ou Willem het laas met sy troue twaalf lammers weggesmyt, en almal is doodgebyt deur die jakkals. Nee, dan kan die kinddopery al so lief net so bly. Die baas besluit toe om die Boesman agter die trop te sit.

„Ai, dankie, Baas! Môre, Baas. Ja, Baas."

So is Toiings dan vort met sy trop na die Langberg se buitewaters toe. Alweer 'n werkie agter die rug. Hy vra nie graag vir sy baas iets nie, veral nie nou meer, nou dat nôi Miemie so goed vir Siena is nie. Siena het darem 'n lekker dag by nôi Miemie, dis waar. Ja-nee, dis wis en seker . . .

Vandag sal hy die donkies gaan soek, sy karwiele natgooi, en môre as die maan se pens aan die Langberg raak, span hy in. Hy sal maar die eerste dag aanpiekel tot by oom Kerools-goed en die volgende middag kan hy dan speel-speel by sy oom Jangoed wees. Hy wonder of Windvoël en oom Jan-goed ook nagmaal toe gaan. Die Windvoël sal seker 'n klomp sêgoed hê omdat hy dan nou ook 'n klonkie het. Hy wonder wat oompie Kerools sal sê. Hy sal seker die klein-ding nie eers raaksien met sy waterige oë nie. Oompie Jan sal daar wees, want hulle het mos gereeld elke September-maand se nagmaal 'n kleinding om te laat doop. As hy nou so fluks boer sal hy seker aanstaande jaar weer enetjie hê om te laat doop. Sie! . . . Siena en hy kan sommer maklik die slag by oompie Jan-goed op die dorp in die einste stroois inkruip, maar dit sal ook nie gaan nie. Verus van ou Jan is glad te balhorig. Dié sal dalkies sy kleinding laat val of dalkies 'n klap gee of, wie weet, nog skop. Sowaar hy sal daar nie inkruip nie! . . . Laas met sy troue het oompie Klaas Tieties en tant Griet mos aan hom gekou dat hy tog daar moet gaan inkruip. Ja-nee, dis skikliker. Dis twee liewe ou mense daar-die! Nou lag hy. Hulle sal seker die kleinding se naam wil weet. Sy naam? . . . Wat het die baas nou die dag gesê? hulle moet hom sommer Toiings noem. So nooit as te nim-mer nie. Een Toiings in die familie is oorgenoeg. Net weer vir Verus om sy bek daarvan vol te hê. Verus kan maar een-dag sy kind Flenters noem as hy wil. Baas Fanie sal baie name ken, maar die baas is ook weer so onbruikbaar. Siena moes eintlik vir die nôi gevra het. 'n Mens kan hom Jan noem; Jan is nie sleg nie. Nee, dalkies word sy een been net so styf soos oompie Jan s'n, of miskien het hy dan eendag net so min baard. Kerools?

Toiings gaan eintlik botstil staan, so lekker dink hy. Kerools . . . en sê nou hy vloek eendag net so baie soos

oompie Kerools. Salmon is sommer 'n vrotsige naam. Oompie Klaas Tieties is 'n Christen. Wat makeer Klaas dan? . . . Is ook weer so: hy wil mos 'n bulnaam vir die kleinding kry.

Die trop mowwe is die aand al in die kraal, en Toiings het nog nie 'n bevredigende naam vir sy klonkie nie. Dit moet 'n waterpasnaam wees, nie sommer 'n naam net omdat 'n naam nou 'n naam is nie!

Hy sien Siena het al hul kar opgepak. Dis darem waar daar is nie een lui haar op Siena se kop nie . . . As hy deur die drif draf hoor hy Kleinding huil, en 'n warm liefdegloed stroom deur sy are. Dis sy Kleinding wat daar skree; syne en Siena s'n. Hy is 'n slegte hotnot, en hy weet nie waarom baas Fanie vir hom goed is nie. Hulle het vir hom die regte naam gegee — Toiings. Hy is net so sleg as 'n vadoek of 'n ou toiinglap daar agter die ashoop, maar sy kind gaan beter wees want hy het Siena vir 'n ma. As die mense dalk vir hom Toiings noem! Ander mag dit hoor en dan is die gort gaar.

Juis toe klink Siena se stem in die stroois: „Stil maar, Toiingtjies, hier kom jou pa. Kyk daar, Toiingtjies." Onwillekeurig begin Toiings te draal. Sy lus om Siena en Kleinding te sien, is weg. Iets druk swaar op sy hart. Hy kan dit nie verstaan nie. Siena is tog sy vrou en 'n dierbare mens, en waarom voel hy sommer uitwaans onstuimig? En môre moet hul dorp toe om Kleinding te laat doop. Salmon is onbruikbaar genoeg om die bloedjie Toiings te noem. Wat gee Salmon-goed dan om . . .

„Siena, ek gaan maar eers gou-gou die donkies omloop."

„Ja, Toiings," klink dit uit die stroois. Vir die eerste maal vanaf sy bestaan voel Toiings 'n opborreling in sy gemoed, en dis nou verdeksels of hy dit kan ondersit. Daar is rebellie in sy binneste. Hy wil verstik. Dis of die koel aandluggie ook bedompig is. Waarom moet sy klonkie gebore

word met so 'n terugslag? Toiingtjies! Die dingetjie het mos nie gesondig nie. As hy darem eendag skaam moet wees om hy so 'n vaar het dan loop hy, wat Toiings is, skoon weg uit hierdie kontrei.

Maar die aandkoelte bring lafenis. Die sterretjies steek die een na die ander kers op! Die jakkalse begin konsert hou. Nog voel Toiings so alleen in die groot ruimte. En toe het sy ware gees weer oorwin, en hy het so skuldig gevoel, dat trane van berou sy stoppelbaardjies geweek het. Wie is hy dan dat hulle hom nie Toiings mag noem nie, of Kleinding dat hulle hom nie Toiingtjies mag roep nie? As baas Fanie hom van die ewigheid vertel dan voel hy klein nes nou. Klein maar so tevrede. Nou ja, hy sal nou ook tevrede wees al noem hulle ook sy klonkie wat.

Voor hom stap sy vier spogdonkies en klap met hul ore. Hy voel maats met hulle. Die stomme goed moet ook net verdra en werk en kan nie eers 'n bietjie huil as die wêreld hulle druk, of Kersfees en Nuwejaar gaan hou nie. Môre moet hulle alweer vir hom en Siena en Kleinding dorp toe sleep . . .

En by sy werf, daar onder die vaal rantjie, snork Siena en Kleinding al. Hul ken mos geen kwelling nie.

Die eerste nag het hulle by oompie Kerools goed geslaap, of liewer tot twee-uur geginnegaap en toe gaan slaap. Die volgende middag was hulle by hul oom Jan. Daarvandaan is die twee trekke saam in dorp toe. Toiings se kar is al baie lendelam, en sy wiele kap die bak aan nes 'n koei haar uier. Die band en naaf van die ou groen karretjie is met doringdraad vasgedraai, en kort-kort tok die band teen die trap. Maar dit sê nie. Toiings se vier spogdonkies is voor en hulle is staatmakers. Eintlik is net drie syne — Starlaait, Askoek en Semels — want Twaailaait het hy mos vir Siena gegee, Ja-nee, hulle is vier ou beeskalwers.

Oompie Jan kry net opdraand om by te hou. Die ou ry weer met 'n veerwaentjie en ses maer donkies wat al kol-kol haaraf gaan. Die oompie Jan verwaarloos tog sy donkies! Hy het nou wel 'n stywe been, maar dit wil nou darem nie sê dat hy sy wa en donkies so moet verwaarloos nie. Kyk die ou bokseil hang toiings. Toiings skrik by hierdie oordinking. Toiings! Vol wrewel slaan hy vir Starlaait dat dié eintlik skeef lê in die tuig. Toe draf die vier torre weer klopdisselboom, en ou Jan Malgas moet net optel om by te hou.

By die stilhou-hoogtetjies korswil hulle altyd eers 'n bietjie. Beskouings word oor die komende nagmaal gewissel, wie laas daar was en wat hy gedoen het, word nog met baie juistheid navertel. Hulle hou nou weer op 'n hoogtetjie stil.

„Toiings, jou laatvye is vandag weer omgesukkel. Ja nee, jou torre is sowaar getee."

„Ja, oompie Jan."

„Jy ry of die joos agter jou is! My donkies is al poot-uit. Jy moenie dink jy is wie omdat jy 'n kleinding voor die preekstoel gaan sleep nie."

„Ja, oompie Jan."

„Nee! Dis wat jy wou sê. Siena, wys weer vir Toiings die kleinding dat hy suutjiester kan ry."

„Oompie Jan, ons wou graag so skuins voor sononder op die dorp wees."

En hulle was dan ook so skuins voor sononder in Rooiwal se lokasie. Die nagmaal begin nou vir Toiings en Siena in alle erns.

Dis Sondagmôre, en tweede gelui. Toiings staan voor ou Klaas Tieties se paraffienblik-pondok. Die nommersestienharde-boordjie van ou Klaas is baster wyd, maar Toiings het die groen das maar styf getrek en dit help 'n bietjie. Sy witbroek, ewe netjies gewas en gestryk, sit 'n bietjie noustrop

terwyl die baadjie vir 'n langer jong bedoel is. Sy trots is darem die witgespikkelde onderbaadjie wat hy van 'n smous gekoop het. Hy loop nie eintlik nie, vanmôre wandel hy sommer so op en neer voor die pondok.

Die hele lokasie wemel van die kleingoed. Toiings wonder waar hulle name vir almal gekry het. Dis 'n geskree, gelag en gestoei. Party klonkies gee hul pa-goed se donkies by 'n fontein water; 'n entjie verder weg kom twee verwaaide trekke aan. „Ho . . . haai!" klink dit as die jong die rieme vasvat, maar die donkies beur nog 'n tien tree vorentoe. Dit moet tog sy donkies wees, dink Toiings. As 'n mens die rieme bymekaarvat moet hulle staan of hulle is nikswêrd nie. Later swaai die voorstes dwars en die agterstes beur nog altyd vorentoe totdat die jong skree: „Afrika, jou sleg! Kan jy nie 'n mens help nie? Ruk die sleggoed voor in hul bekke!" By 'n ander stroois klink dit weer, as 'n ander trek daar aankom: „Gee pad! jou sleg. Kiewiet, jy bars!" Daar bars Verus van ou Jan-goed onder hul wa uit en toe spat die kleingoed want 'n mens maak nie speletjies met Verus nie.

Toiings voel verlore. Dis sy eerste nagmaal op Rooiwal na sy troue, en hy wat op 'n plaas grootgeword het, ken nie sulke taal en gewoontes nie. Hy voel nes 'n vink onder 'n klomp katlagters. Kyk daar! Daar borrel die kleingoed weer uit ou Lena se kroek en haar stem klap deur die môrelug: „Blikskottel! Sal julle heel môre hier bly lê!"

So, dan is dit nou Sondagmôre, dink Toiings. Hy kom dorp toe omdat die baas sê 'n mens moet van die Koning van die heelal leer. Sondae op die plaas agter die skape was dit vir hom iets anders. Daar hoef hulle jou van die Koning nie te vertel nie want hy is daar oral. Daar is rus, stilte, vrede. Daar skree die sonbesies, hier swets ou Lena. Daar kom hulle Sondae bymekaar en sing liedere, hier moker hulle mekaar

en trap saans die askoek. Nee, hy wil hier nie begrawe lê nie; ook nie eers vir al ou Sewestri se lawaaiwater nie.

Oompie Klaas roep hom. Hy, Toiings, Siena en ou Griet stryk so stadigaan kerk toe. Dis nog 'n rapsie te vroeg, maar oompie Klaas hou daarvan om eerste in die kerk te wees. Die kerkie vul so stadigaan. Dis meide met witgestrykte kappies, jong meide met hoëkapstewels, tantes met rooi kopdoeke en swart rokke wat tot op hul voete lê, jong volk met hul meide, die hare met olie gepleister, plat gekam met 'n kartel voor wat omlê soos 'n sekel; kleingoed wat mekaar albasters wys of mekaar van die bank afstamp. Ou Geel Hans, die koster, lui die derde gelui. Nou stroom nog 'n klomp in en die lug kry 'n sterk laventelruik.

Die diens vorder fluks. Toiings luister met aandag — sy mond hang lap-lap oop. Voor hom sit en slaap oompie Vaal-tyn de Lot. Sy gedagtes begin handuitruk. Dan is hy op Kareeplaas agter die mowwe en dan weer aan saaiwalle sleep. Toe hoor hy meneer sê 'n paar name wat hom regop laat sit. Dawid en Goliat! . . . Dis darem twee bulname daardie. En wat sê meneer nou weer? Die Filistyn was groot, 'n reus. Nou ja, maar dis mos wat sy klonkie moet word. Hy moet sommer eendag vir Verus van oompie-Jan-goed slaan dat hy die hane nooit weer hoor kraai nie. Dis hy. Kleinding se naam gaan wees Dawid Goliat Filistyn.

Met die namiddagdiens is Dawid dan onder blyke van groot belangstelling gedoop. Die volkes wou hulle destyds slap lag toe hulle hoor Toiings gaan trou, nog meer toe hulle hoor hy het 'n kind; maar nou!

Toiings wat alles vir die geleentheid deftig wou hê, het ou Geel Hans se manel te leen gekry. Sofia, van ou Griet, het vir Dawid Goliat Filistyn ingebring en toe agter haar tant Siena gaan staan. Elke ouer wat naderstaan, gee vir Meneer 'n papertjie en dan lees hy die naam af. Toiings weet niks van

die gewoonte nie en bulder dan sommer die naam prontuit. „Dawid Goliat Filistyn. Meneer. Ja, Meneer." Toe proes Verus hier in sy bank en Salmon lag sommer hardop. Dit voel vir Toiings of hy vir Verus deur sy bek kan klap, want alles is mos vir hom snaaks. Waarom lag hy nie omdat sy eie broer se naam Aspaai is nie en sy kleinneef s'n weer Woerwoer. Woerwoer! waar het jy al van so 'n naam gehoor . . . Ou Geel Hans moes vir hom later aanroer, want hy staan nog voor die preekstoel en die ander span sit al. Hier op die dorp gaan hy nie bly nie. Na die diens sê hy ook vir Siena: „Siena, ons moet maar aanpiekel plaas toe. Ek voel as ek hier bly begaan ek nog 'n moord."

Hoofstuk IV

BEPROEWING

Daardie hopie vars, rooi grond duskant die vaal rantjie is Siena se graf.

Drie maande nadat Dawid Goliat Filistyn gedoop is, het Toiings een aand stroois toe gekom om vir Siena siek te kry. Daar voor die houtkatel het hy gaan sit om alles uit te hoor. „Nee, Siena, jy kan nie weggaan van my af nie. Wat sal die slegte hotnot maak sonder jou?"

„Dawid . . . Toiings, Dawid moet maar na oompie Klaas Tieties op die dorp gaan . . ."

„Nee, Siena, nee! Môre voel jy weer beter. 'n Mens voel altyd in die aand maar sleg. Kyk wat het ek weer vir jou gebring!"

Maar toe hy sien sy is so baie siek, het hy nôi Miemie gaan roep, en sy het wildealsbossies getrek vir Siena om te drink. Maar Siena het nie beter geword nie. Een Sondagmôre het baas Fanie self die moftrop gevat, en daardie einste middag is Siena stil weg. Die koors het haar baasgeraak. Toiings kon nie eers besef wat gebeur het nie, maar hy weet net hy sal Siena nie weer sien nie. Saans as hy stroois toe kom, sal die drievoetpotjie nie meer op die vuur daar in daardie kookskerm staan nie. Daar is niemand wat hy ghaap en kombro voor kan bring nie. Hy wil ghaapstoele nie weer sien nie, en Flaai moet nou maar liewers die hasies met rus laat. Siena wat so lekker braaivleis, mieliepap en gestampte koring kan maak, sal nie meer vir hom werk nie.

Siena sê Dawid moet na oompie Klaas Tieties gaan, maar dis dan nog al wat hy van Siena het. Sowaar hulle sal Dawid van hom nie vat nie. Vaster klou hy die klonkie. Nou sal hy alleen na Dawid moet omkyk. 'n Maand gelede het Siena nog vertel hoe oulik Dawid al is . . . Hulle sou so met Dawid kamta eendag spog. Hy moet nog eendag by kleinbaas Bennie skaap-oppas en nou sal Siena dit nooit sien nie.

Waarom het hy nie liewer gesterf nie? Baas Fanie het die dag met Siena se dood gesê dat alles gebeur net vir die beswil van die mens, maar hy sou so gewillig gewees het om in daardie nou gat te gaan as Siena net kon gelewe het. Siena en hy wat mekaar so goed verstaan het, is nou geskei. Baas Fanie sê 'n mens sien mekaar weer daar oorkant, maar dan is hy al oud, en strakkies ken Siena hom nie meer nie.

Siena wou ook graag met hul Dawid spog en nou is hulle alleen, net hy en Dawid. Sy was nog so groots oor die mooi waterpasnaam, en nou is sy weg. En Dawid is so klein, hy verstaan nie. Toiings se gesig is nat saans as hy alleen langs die vuur sit en kole oor die askoek krap. Hy pas dan vir Dawid op — Dawid wat met bene en arms na boontoe woel nes 'n toktokkie wat jy op sy rug omgekeer het. Dawid is darem nou eers oulik. Hy, Toiings, is sleg; hy weet dat hy die regte naam gekry het, maar Siena sou van hom 'n beter mens gemaak het. Toiings kyk vol verlange op na die Suiderkruis en na die maan soos dié op sy maag deur die lug seil, en 'n verlange na Siena oorweldig hom. Daar ver, iewers agter daardie sterre is Siena — sy is nie daar onder daardie hopie rooi grond nie. In die ganse kontrei was daar nie nog so 'n vrou soos Siena nie — sy Siena — en Dawid se mama.

Die eerste paar dae in die veld was vir hom bitter. Bet van ou Jan Malgas het na die begrafenis agtergebly om Dawid 'n bietjie reg te vat, maar die is ook al weg, en nou is Dawid bedags by nôi Miemie. Die Boesman van nôi Miemie pas hom

op maar hy hou net niks van haar nie. Hy is bly dat Bet weg is, want dié noem mos vir Dawid Gollie. Gollie! Hy sal eendag die moord steek as hulle sy klonkie Gollie gaan noem.

Bedags agter die skape maal sy gedagtes aaneen om Siena totdat hy voel of hy mal kan word. Die rukkies slaap wat hy kry, is soos salf op 'n oop wond.

Sy stroois raak al meer en meer verwaarloos. Die bekers en blikborde kom nog net skoon as Flaai dit uitlek, die asbosse waarmee die kookskerm geslaan is, lê verwaaid, deurmekaar . . .

Een aand kom Toiings stadig met die moftrop werf toe. Baas Fanie kom vinnig met die haakkerrie aangestap. Hulle moet glo vanaand slag, het die baas gesê. Hy traak nie meer nie. Hy het nie meer kos nodig nie, vir hom hoef hulle nie meer 'n skaap kopaf te sny nie. Flaai kan maar sy porsie kry.

„Naand, Toiings."

„Naand, Baas."

„Toiings, help my asseblief om daardie rooinek-Afrikanerhamel te vang. Jy sien mos, daardie een daar."

Hulle druk die skape op 'n bondel, en Fanie Naudé koeskoes nader met sy haakkierie. As die skape skrik, waai Toiings meganies met sy leë knapsak om hulle opmekaar te kry. Dan ry hy die Afrikanerhamel na die slagplek. Agter hom stap sy baas met 'n beswaarde gemoed. Hy het in die jongste tyd baie aan Toiings gedink. Dis nou al amper twee maande dat Siena dood is, en Toiings word met die dag stiller. Hy het die verandering die eerste aan Toiings se „ja, Baas" gemerk. Nooit meer sê hy dit aan die end van elke sin nie. En elke aand as hy huis toe stap, sien hy Toiings by die graf staan, inmekaar, gebroke.

Die Afrikanerhamel word omgekeer, die mes nog vir laas geslyp. Dis vir Toiings so moorddadig. Maar dit val hom by dat hy die baas 'n guns wil vra.

„Baas Fanie, kan ek saans die ou wit, mank bokooi melk? Asseblief, Baas."

„Alte seker, Toiings. Jy kan van die ander ook maar melk."

„Dankie, Baas. Nag, Baas."

„Nag, Toiings."

„Nag, Baas."

Toiings gaan haal vir Dawid by die kombuis en is toe weg stroois toe. Vanaand begin sy ambisies vir Dawid weer so effens opflikker. As hy deur die drif drawwe begin hy aan die toekoms dink. As Dawid eendag groot is, moet hy ten minste al tweehonderd bokke hê. As baas Fanie eendag twee bokke vir gasie elke maand gee, so gou as hy kan begin werk, dan is dit vier-en-twintig bokke in die jaar. As Dawid nou gelukkig is en die helfte van die bokooie lam tweelinge — dan kan hy twaalf kleinbokkies hê. Dan twaalf tweeling-bokkies is twaalf en nog twaalf — dis vier-en-twintig. Nou ja, vier-en-twintig en twaalf kleinbokkies is . . . is . . . ses-en-dertig kleintjies, en dan nog die vier-en-twintig groot bokooie . . . natuurlik dis te sê as party van hulle nie vrek nie . . . vrek! Hy sal nou altyd jammer voel vir 'n kleinbokkie wat nie 'n mama het nie. Verlede jaar het hy party aande die ou bont, boepens-boklammetjie plankdun laat rondloop, nou is Dawid ook een . . .

Toiings is by sy stroois en lê Dawid in sy paraffienkissie neer. Die kissie het strooi onderin en word bo met 'n velletjie toegetrek. Langs die sye het Toiings vyf gate ingeboor soos hy gesien het baas Fanie maak met die fuikies van die kuikens. Dawid hou nie alte baie van Toiings se liefkosinge nie en is vanaand baie lastig. Toe Dawid te baie huil, gaan Toiings buite 'n skurwe klip optel vir hom om aan te peusel want dis seker sy tandjies wat wil deurkom, maar dit help nie. Raadop vat Toiings later vir Dawid en stap met hom na die werf. Dis daarom dat hy vir baas Fanie die ou wit, mank

bokooitjie gevra het, want dié se spene is nie so danig groot, en sy is ook nie te taai nie. Toiings hurk neer en skuif Dawid in onder die bokooi. Ou Mankie herkou asof dit 'n doodgewone gedoente is. Toiings vat een van die spene en druk dit saggies in Dawid se mond in en begin melk, stadig, egalig. Net gou drink Dawid na hartelus en vergeet sy verdriet van flussies. 'n Glimlag van voldoening plooi om Toiings se mond. Ou Jan-goed wou Dawid mos van hom weggevat het na Siena se dood. Dis dan al wat hy nog van Siena het! Hy sal Dawid 'n beter opvoeding gee as ou Jan-goed kan want kyk hoe 'n sleg is Verus van hulle. Dawid sal eendag 'n grootmens eer en nie in die kerk lag as 'n ander laat kind doop nie. En Dawid sal eendag by 'n baas werk en nie op die winkelstoepe sit nie. As hy sommer vir altyd by baas Fanie kan bly, sal hy darem so bly wees, maar 'n jong kan ook nie uitsoek nie. Baas Fanie en baas Jan is darem ook goeie base. Dawid moet eendag nie soos hy wees, wat al die klonkies mee spot omdat hy so stil en onnosel is nie. Hy het al baie gesien een ram loop alleen en verseg of hy saam met die ander wil loop, en net so is hy. Toiings; maar Dawid moenie so wees nie! Hy sal eendag met Dawid kan spog. In hierdie kontrei is daar nie nog 'n hotnot met so 'n tjent nie. Wat nou! ou Jan! Verus is 'n niksnuts. Verus stap mos rond en vertel net vieslike stories, suip en rook „sigrets". Dawid sal eendag 'n man word. Oompie Dissel het almelewe gesê dat as 'n kleinding aan 'n bokooi groot word, word hy pure man. Toiings lag. As Dawid na Siena aard, sal hy 'n beeskalf van 'n klong word, dis wis en seker. 'n Mens moet dit tog vir Siena vertel . . . Siena! Kyk hy het mos vergeet. Siena is daar waar ver is, doer, agter daardie blink sterretjies.

Intussen het Dawid onder die bokooi aan slaap geraak en suig-suig net so af en toe in sy slaap sonder om melk in te kry. Haastig stap Toiings terug na sy stroois, bêre Dawid in

sy kissie, trek sy baadjie uit, vou dit en sit dit onder sy kop neffens die kissie. Hier hou hy snags wag.

So teen middernag begin Dawid weer huil. Op en neer kuier Toiings en sus Dawid, maar hy wil maar nie slaap nie. Toiings probeer later allerhande planne, maar Dawid grens een stryk deur. Stadig begin toe 'n gedagte by hom posvat. Dis vir Dawid Goliat Filistyn se beswil wat hy dit doen. Maar hy kan nie, nie solank as daardie hopie grond nog so rooi is nie. Miskien later as die asbosse al daarop groei en die meerkatte daarin tonnel, maar nie nou nie. Maar dan sal Dawid al groot wees, en hy het nou die sorg nodig . . . Sal hy maar nie? . . . Hy dwaal buite rond in die nagwind. Dis 'n helder maanlig-nag. Die plaas lê rustig, vreedsaam. Sal hy nie na nôi Miemie gaan nie. Sy sal tog iets hê vir Dawid se maag. Hy het mos nie hulp nie. Daar lê Siena. Hy kyk weer na die graf en waar sy vier spogdonkies wei. Treurig klink daar onder die vaal rantjie die stemmetjie van 'n klonkie wat sy mama mis, en verderweg op die werf, soos 'n eggo, staan 'n swak lammetjie op sy knieë en blêr. Dan weer die magtige stilte.

Die grootsheid van die heelal, die geheimsinnigheid van die nag, en die leemte in Toiings se siel word soos 'n magtige orkaan. Geboë strompel hy aan na die graf. Huiwerend hou hy Dawid uit na die graf toe en stamel: „Siena, jy sien self hoe ek wurg om Dawid groot te maak . . . Al is jy ver, Siena, dis of ek weet jy weet. Ek wil nie meidvat, Siena, om meid meid is nie, maar ek sal dit moet doen omdat Dawid so 'n wegsmyt-lammetjie is en omdat ek nie wil hê Dawid moet boepens grootword nie. En jy wil dit ook nie hê nie, né, Siena? Jy onthou mos nog ou Kaaitjie se vulletjie van verlede jaar, Siena! Jy weet mos ou Kaaitjie het gevrek en toe was die vaal wolhaar-vulletjie so alleen . . . Nou ja, dis nes Dawid, Siena, ons Dawid. Ek sal nie meid soek nie, maar die

eerste een wat jy na my toe stuur, sal ek vat, Siena, want dan sal ek weet jy gee nie om nie . . .”

Op dieselfde oomblik trek ’n ster ’n vuurstreep deur die lug en toe weetToiings dat Siena hom gehoor en verstaan het.

„Dankie, Siena. Ek sal nie meid soek nie, sowaar ek sal nie soek nie. Net ’n mama vir Dawid; dis wat ek wil hê.”

Uitgeput gaan Toiings onder die blote hemel lê, met Dawid nog so in sy arms, die duim in sy mond. Hul slaap was soet soos die van die regverdige. Die nag maak duidelik plek vir die môre. In die ooste seil die môrester uit bokant die vaal rantjie. Die donkies stap water toe. Die mossies begin baljaar in die spaansriet net by die huis, en nog slaap Toiings en Dawid.

Toe baas Fanie se voetstappe naby die stroois gehoor word, skrik Toiings wakker en kyk verbaas rond. Dis môre, die son kom al op en die vee trek al self water toe. Toe was Toiings darem baie verleë.

„Môre, Baas. Vanmôre het Toiings rêrig verslaap, Baas. Ja, Baas.”

„Ja, Toiings?”

„Ja, Baas. Baas Fanie, vannag was Dawid ernstig siek, Baas. Ja, Baas.”

„Wat het hy makeer?”

„Baas, sommer aan sy maag. Dit moet die bokmelk gewees het. Baas, en toe het ek met Siena gesels oor ’n meid en sy gee nie om dat ek weer meidvat nie. Dis nie vir my nie, dis vir Dawid, Baas. Ja, Baas. Dis ons akkord, Baas, die eerste meid wat hier kom, moet ek vat, maar ek sal nie een gaan soek nie. Baas, en toe het die ster daar op sy tondeldoos geslaan, en toe weet ek Siena gee nie om nie. Ja, Baas.”

Daardie einste dag nog het Verus en Griet van ou Jangoed daar kom aanstap. Toiings se lot is nou onherroepelik beslis. Griet sal sy tweede vrou en Dawid se mama wees.

Hoofstuk V

BRUILOF

Toiings oordink die voorgenome trouery nou al vir die soveelste keer. Hy het 'n onwrikbare vertroue in Siena se oordeel. Sy sal nie 'n fout maak nie! Hy is gewoon foute maak, al bly baas Fanie ook stil as dit nie goed gaan nie; maar hy weet, en daarom is hy so innig dankbaar as die baas stil bly. As Siena sê hy moet met Griet van ou Jan-goed trou dan trou hy met haar . . . Hy sal seker opgeblaker en ingeryg sit dat hy nie sy nek sal kan draai nie, want Griet se ma wil mos 'n windmaker-trouery hê. Eenkant is hy darem maar blv dat hy die slag met Verus se suster trou, want Verus kan 'n mens altyd so ongemaklik laat voel — nes 'n hoenderhen wat 'n windeier gelê het. As hy Verus se swaer eers is, sal die ding beter gaan. Nou ja, dit was Siena se wens. Het hy dan nie vir Siena belowe dat hy nie meid sal soek nie? Griet en hy kan maar nie koers kry nie, maar Siena was altyd reg, en as Siena meen hy en hierdie meid moet van hierdie hede af die pot saam-saam lek, dan moet hulle hom lek.

Toiings sit sy knapsak teen die gewel aan die son se kant neer en stap kombuisdeur toe. Net toe kom sy baas daar uit.

„En toe, Toiings, hoe staan jou kop vir Maandag se trouery?"

„Hoe sal ek sê, Baas . . . ,dis net vir Dawid wat ek dit doen. Dis mos Siena se wens, Baas."

„Maar 'n mens misgis jou baiemaal." Baas Fanie hou nie veel van Griet van ou Jan-goed nie en sou seker 'n speek in die wiel steek as hy maar kon.

„Ja, Baas? Baas, maar Siena misgis haar nooit nie. Laas met Septembermaand se nagmaal, Baas, het Siena vir my gesê: ‚Toiings, jy moet basta kwansel met ou Freek. Hy is sommer 'n vuilgoed." En jou wragtiewaar, Baas . . . ag ekskuus, my baas . . . dit was so, Baas. Ja, Baas."

„Ja, Toiings?"

„Ja, Baas."

„En hoe laat ry jy môre?"

„Vroeg-vroeg, Baas. Nog voor die hane roer, Baas."

Toiings swaai sy knapsak oor sy linkerblad, vat die kierie in sy regterhand en stryk stroois toe. So ver as hy stap, brom hy 'n deuntjie onderwyl sy velskoene ploef-plaf raas met elke tree. Die trouery wek hom meer op as wat hy sou wil toegee.

Die Saterdagaand nog voordat ou Sewestri se bottelstoor toe was, kom Toiings, Verus en Griet by ou Jan-goed ingesleep. Die begroetinge is luid en liefdevol.

„Hotnot se kind! Kyk vir Toiings! Kyk vir Toiings!"

„Doring!" sê ou Jan en vrywe sy yl kinbaardjies.

En Salmon probeer iets pittiger uithaal as oompie Jan en las toe aan: „Skilpadram! Beeskalf!"

Hul begroetinge slaan Toiings heeltemal dronk, so dronk dat hy eenkant in 'n hoekie van ou Jan se stroois gaan sit na-dat hulle uitgespan het. 'n Mens moes liewer weer by oompie Klaas Tieties gaan uitspan het . . .

„Toiings, hulle sal jou meid van jou afvat. Hou waar jy het, ou swaer, hou waar jy het." As Verus dit sê, skater die hele boel asof hy 'n wonderlike grappige ding gesê het. Almal dink mos Verus is dan nou so danig snaaks.

„Nee, Toiings, 'n bruidegom moet baie meer windmaker wees. Maandag moet jy windmaker wees. 'n Bruidegom moet pronk soos 'n gompou, of hoe sê ek, ou swaer?"

Windvoël kom daar ingebars soos wie weet wat. „Waar is die bruidegom? Slaan hom dood en sleep hom weg! Hier, Toiings, houvas my klou of ek kry die rittelrit. Hêi! waar het die hotnot sy hoed getoon! Griet, maar jy het 'n beduiwelde man. Oom Jan, die bruidegom moet seker vir die lawaaiwater sorg?"

„Moenie praat nie, Windvoël, moenie praat nie!"

Toiings is toe verplig om wyn te koop. Ses bottels sjerrie en ses bottels hock. Verus en Windvoël help dra. Daardie einste aand is Verus en Windvoël al geswael en wou net hê Toiings moet toe sommer al trou. Frederik, die bruin konstabel, het sy hande net vol gehad.

So dronk-dronk bedink Verus-hulle die aand 'n plan om Toiings nou rêrig windmaker te laat lyk. Alles reël hulle; neef Freek Frederiks, die bruin konstabel, se motor huur hulle en die linte word gekoop. Maandag sal hulle Toiings windmakerig aantrek, want dié verbeel hom mos hy is beter as Griet. Hulle gaan hom wys hoe 'n man behoort te lyk as jy in 'n goeie familie trou. Hy hoef nie te dink dis sommer vir vat nie! Nie vir Griet nie!

Hul is die aand weer 'n klompie bymekaar. Toiings voel daar tussen hulle so uit sy plek uit. 'n Wees-bobejaantjie kan nooit slegter voel nie, dink hy. Dis darem nie lekker om mens te wees as dit so moet aanhou nie. Hoor nou weer daar: „Toiings, Griet loer vir jou! Staan nader man, staan nader! Griet is nie Siena nie; jy sal jou litte moet roer."

„Ja nee, Toiings, Salmon is reg. Griet is nie Siena nie. Moenie daar in die hoek sit nie."

Toiings sê niks nie. Hy voel dis nie reg nie. Waarom kan hulle nie vir Siena laat rus nie! Siena is beter as ou Jan en die

hele spul hier in die lokasie. Salmon-goed dink mos almelewe hy kry ook nie seer nie. Wat weet Salmon, Windvoël en Verus nou so danig van die getroude lewe af. Trou is soos wanneer 'n koggelmander broei. Voor die tyd is hy bloukop en kwaai. Dan boer hy net op die kraalmure, maar as hulle broei, dan is hy nie meer so windmaker en sy kop is ook nie meer so blou nie. Nou ja, hy is 'n koggelmander wat broei, en wat peuter Salmon-goed nou aaneen met hom omdat hy nie windmaker genoeg is nie. Hoe kan hy vir Siena vergeet? Hy vat mos vir Griet om Dawid groot te maak en vir niks anders nie, en nou hou Windvoël en Verus vir hulle beduiweld . . .

Die bruilofdag breek aan. Vanmôre vroeg is die meide na Freek Frederiks se huis om blomme soheentoe te neem. Die blomme het hulle van Saterdag se huisskoonmaak oor, gras staan sommer oral in die lokasie en die peperboomtakkies wat hulle nodig het, is volop in Rooiwal te kry. Al die blink papiertjies wat hulle kon kry, is in beslag geneem en die grassaad sorgvuldig daarmee toegedraai. Vir hulle lyk dit windmakerig. Die gerug gaan rond dat dit so 'n „swenkie wedding" gaan wees. Voor die huis van ou Frederiks is 'n oopgesnyde lampolieblik vasgespyker met die woorde daarop: *Star House Villa*. Onderaan die woorde staan weer: Freek Frederiks, Constable. Dis die mooiste huisie in Rooiwal se lokasie, van rou bakstene met 'n misvloer, met bo- en onderdeur wat spierwit enemmel is. Dis vir die bruilof wat dit so afgewit en die vloere blink gesmeer is. Freek en sy vrou Georgette, is van Rooiwal se bruin aristokrasie. Dis min dat hy vir Salmon of Windvoël vriendelik groet, maar in die jongste tyd, vandat Salmon in die hotel werk, is hy besonder vriendelik.

Almal is genooi behalwe die skorrie-morrie. Ou Jan Malgas is aangesê om 'n spiets te maak, en Windvoël sal

namens die egpaar 'n paar woorde breek. Hulle kan met reg van 'n ,swenkie' affêre gesels. Griet wil hê dit moet ,swenkie' nog ver oortref.

Vir Toiings is dit 'n beproewing. Hy hoor liewer 'n mofooi blêr as om 'n spiets te maak, en nou het Verus gepeuter tot hulle hom ook op die „list" het. Hy en Siena is destyds sommer so stil voor die sendeling getroud, en nou moes hy wyn koop en vanmiddag 'n spiets maak. En Verus sal weer sy bek vol hê daarvan! Dit sou 'n baie lekkerder wêreld gewees het vir Toiings as Verus nie daar was nie. Snaaks dat hy ook nog nooit aan liefde met Griet gedink het nie. Sê nou sy wil hê hy moet haar liefhê? . . .

Die uur van beproewing is daar. Die Ford staan voor ou Jan se pondok. Verus sit agter die wiel, 'n yslike tamaai blom aan, neffens hom Windvoël. Langsaam kom Griet en hy motor-toe, gevolg deur 'n tou van Rooiwal se kleingoed. Toiings het weer ou Geel Hans se halfmas-manel te leen gekry en het 'n klein swartrand-diakenhoedjie op. Die manelmoue is so kort, dat die arms 'n hele ent kaal sit voordat die wit handskoene vat.

Hy het twee tamaai swart newwies aan, en sy rooi sokkies steek ook 'n entjie uit deurdat die broek baster kort is. Windvoël het Toiings se hare middelpaadjie gekam. sodat die swarthoedjie dwing om op te wip. Griet weer voel baie groots op haar ruiker wat sy Saterdag uit die pastorie se voorkamers laat verdwyn het.

Verus dink aan die sjerrie wat in *Star House Villa* se voorkamer staan as hy hulle toeskree: „Griet, kap vir oompie Toiings aan. Wat kom julle dan so sit-stap, sit-stap aan?"

En klein Jaffie van ou Jan skree weer: „Oompie Toiings hou die blinkkant bo! Oompie moenie hessiteit nie, Klong! waar sit hulle nie in die konstabel se motor nie! Sie !Sie!! Vat jou goed en trek Ferreira, vat jou goed en trek."

Dis Noekies van oompie Klaas wat sing as die motor met 'n paar hikke wegtrek.

O, die vaalbaadjie-klong!
is 'n doodlekker klong.
Lappiesdorp se meide is so mal agter hom!

O, die vaalbaadjie-klong!
is 'n doodlekker klong—
Lappiesdorp se meide is so mal agter hom!

„Klong! Klong!!" skree die ander klonkies op die lekkerste draai van die lied terwyl hulle hul voete hard op die grond stamp.

Eers tou die kasarm kerk toe en daarna is die windmakers na *Star House Villa* toe om die egpaar geluk te wens. Toiings begin voel dat hy nie meer beheer oor sy lewenslot het nie. Hy is soos Wagter van baas Fanie. Almal skop en trap hom, en nooit kry hy een vriendelike woordjie nie. Hy sal maar onthou dis vir Dawid, Siena en sy Dawid. Nooit, al word hulle ook honderd jaar, sal Griet en hy so 'n Dawid Goliat Filistyn hê nie!

Die eerste woorde wat Toiings begroet as hy *Star House Villa* intrap, is: „Beeskalf, nou het Gollie mos weer 'n moer."

Dis Griet wat hierop antwoord gee: „O, sie! Ek wil tog iets met 'n ander meid se kleinding te doen hê! Ek wil self nie eers een hê nie."

Nou is Toiings kwaad, Gollie! Wie is hulle Gollie! Hy sal vir hulle met hul Gollie en al na die joos stuur. Sy naam is Dawid. As iemand dink dis nie Dawid nie, laat hy dit net waag om vir hom te sê. Maar hulle betrek 'n man mos. Nou is hy opgeblaker en ingeryg en daarom dink hulle hulle kan sê wat hulle wil. En Griet moet ook nog haar mond rek . . .

Daar klap die eerste sjerriebottel se prop, en Dawid is vergete. Dis 'n gedrang in die konstabel se voorhuis. Al die windmaker volkies van die dorp is daar, hul hare middelpaadjie gekam, met haarolie plat gesmeer. Almal het witbroeke aan, ten minste almal wat van betekenis is. Die rooi sakdoeke hang halfmas by die bobaadjiesak, so nie by die mou nie, uit. Griet en Toiings plak hulle by die bopunt van die tafel neer en moet die gelukwensinge aanhoor. Salmon is die eerste by.

„Toiings, ou swaer, jy is 'n baie gelukkige man. Twee vrouens in twee jaar se tyd. Dis amper erger as oompie Sampie van die Rôeveld! En Griet is nie sommer 'n optelding nie! Toiings, jy voel seker windmaker, nê ou swaer? Griet moenie jou bek wegtrek nie!"

Windvoël wil ook altyd 'n mens se siel uittrek. Toiings voel eintlik huiwerig as hy naderstaan. „Griet, ek wil ten minste twee soene hê," sê hy. „Jy weet Toiings is nie 'n man wat 'n ander ou weer 'n kansie sal gee by sy vrou nie. Dis nou laast lep vandag. Jee! Kyk hoe loer hy vir my, kyk hoe loer hy vir my!"

Bruilofhou in Rooiwal se lokasie is vir jou nie sommer so 'n gedoente nie, en ou Jan se spiets het al die ou-ou meide laat huil. Selfs Freek Frederiks kon sy trane nie inhou nie, maar Freek is maar los van trane. Toiings, na sy vierde, vyfde sopie, begin so stadigaan dink dat sy tweede huwelik skynbaar 'n sukses is. Na ou Jan se spiets is daar 'n oorverdowende lawaai toe Salmon en Windvoël vir Toiings op die tafel tel en „spiets!" skree. Toiings moes gehoor gee — buig of bars. Hy gee ook nie meer om nie.

„Nou ja, kêrels, wat moet ek sê?"

„Enigiets, Toiings."

„Nou ja, julle sien self ek trou weer vandag . . ."

„Hotnot!"

„Trou is nie soos donkies koop of lawaaiwater drink nie . . .”

„Slaat hom dood!”

„Nog 'n dop, Toiings, nog 'n dop. Toiings praat gaaf. Gee hom nog 'n slukkie. Dé, man!”

„Verlede jaar toe ek die ou vaal merrie gekoop het, kon ek haar later, toe sy nie meer wou trek nie, doodskiet en vir pa Jan-goed 'n boud en vir oompie Klaas Tieties-goed 'n rib stuur, maar trou!”

„Moenie so maak nie, Toiings!”

„Mag, Toiings, jy is darem omgemoer as jy spiets maak.”

„Trou is soos wanneer baas Fanie 'n enjin opsit. As die enjin loop, loop hy dat hy bars, en as hy gaan staan, dan bars of buig, maar dan staan hy — dis nou as die vrou dood is . . '.'

„Jee! die oompie Toiings darem! Slaat hom dood en sleep hom weg!”

Die lawaai word nou so hewig, dat Toiings maar staak. Hy is skoon vergeet. Hulle sal maar weer 'n slaggie drink. Wat gee hulle om sy belange en begeertes. Daar is nie aldag 'n trouery nie. Verus kom weer met twee bottels aangedraf, en nou maal hulle om hom. Toiings, wat self lekkerlyf is, los die bruid net so en hardloop om sy beker onder te hou.

Die wyn begin werk. Die jong volkies en die meide trap die askoek. Toiings sit met 'n bottel sjerrie in sy hand en skink beurt-beurt vir hom en Verus. Hy dink dat hy 'n wonderlike spiets gemaak het en dat Windvoël die komiek-likste jong in die hele kontrei is. Reken om 'n ghitaar te slaan en nog met 'n meid rond te spring. En Verus? Verus is regtig nie 'n slegte klong as 'n mens hom verstaan nie. Verus noem hom nou Boeta en lyk net in sy skik. 'n Mens moet ook nie so neus-op-rukkerig wees nie. Dit omdat hy altyd apart hou wat die volkies hom nie kan verdra nie. Kyk nou-dat hy ook naderstaan is almal goed en lief vir hom. Hulle

is almal 'n klomp lekker volkies — Verus, Windvoël en Salmon inkluis. Hy wonder hoekom hy vandag so lekker voel; hy gee ook nie eintlik meer so danig om wat hulle Dawid noem nie. Gollie is self 'n mooi naam, dis wis en seker. Gollie is nog mooier as Woerwoer. Nee, dit lyk vir hom of pa Jan-goed, oompie Kerools en Salmon darem danig baie van hom hou en hy gaan nie weer vir hom so verskimmel hou nie . . . so . . . ja nee, dis wis en seker . . .

„Griet," skree Windvoël, „gee my weer 'n soen. Kyk daar lê jou man been in die lug."

Rooiwal se volkies het weke aaneen van die lekker bruilof gesels.

Hoofstuk VI

VOORBODES

Die trein trek om twaalf-uur in die nag van Rooiwal — dis te sê as hy nie laat is nie, soos gewoonlik. Toiings waai vanaand saam met Griet Blikkiesdorp toe, waar hulle hul „hanniemoen" gaan hou. Die „hanniemoen" -houery is weer 'n voorstel van ou Griet-goed, en Toiings wou maar nie sekondeer nie. „Hanniemoen" hou! Hy wat Toiings is! En wat sal Siena sê! Hy het feestelikhede nie bygereken toe hy aan trou gedink het nie, maar dis alweer Griet en haar ma-goed se doen en late. Hy moet maar liewer „hanniemoen" agter sy baas se mowwe hou. Lyk hy dan nou na 'n jong wat „hanniemoen" kan hou? So nooit as te nimmer nie!

Maar Verus het sy baard afgeskeer, sy hare middelpaadjie gekam en sy pers sakdoek vol laventelwater gesmyt, en hier staan hy nou op die stasie soos 'n wie-weet-watter-se hierjy. Almal is hier om hulle te kom groet. Jafta is hier met sy konsertina, Noekies met sy bekfluitjie en Windvoël met sy ramkie. Windvoël slaan 'n ramkie omgekrap en Noekies blaas 'n bekfluitjie dat jou bene die rittelrit kry, terwyl Jafta sy oë pottoe knyp en saam brom met die konsertina. Ou Kerools en ou Jan-goed is ook daar. Nig Bet kry baie aftrek van die jong volkies, want sy dans die setees sommer so op een kol dat jou bek daarvan water. Eenkant slaan Salmon die askoek. Hy voel vanaand op sy stukke, en as Salmon op

sy stukke voel, is daar netnou die een of ander wat dit moet ontgeld.

Die hele klomp is agter die stasiegebou onder 'n paar peperbome van vroeg die aand al vergader. Windvoël het dit reggekry om 'n paar bottels wyn aan te sleep, en kort-kort sien jy net hoe 'n bottel agterop-skop — daar onder een van die grootste peperbome. Windvoël en Salmon is al geswael. Nou wals hulle met die meide. Aspaai, van ou Geel Hans, die koster, kan nie wals nie, en hy en Bet probeer toe die „Consolation waltz" dans. Wat dit is, het hy nie uitgelê nie, maar dis bepaald 'n kruising tussen die hotnotsriel en die kotteljons met nog 'n klap van die setees ook daarby. Salmon is al die hele aand sy siel aan versondig, en nou met die verbyswaai, sê Salmon weer:

„Hotnot! Waar swaai Aspaai die meid! Moenie so maak nie. Aspaai is 'n ding wat byt."

„Wie is jou Aspaai?"

„Bet, en hoe voel jou tone? Aspaai kuier mos sommer bo op jou tone. Hêi!"

Aspaai los vir Bet, gryp Salmon voor die bors en wil net weet wat hy daarby meen om hom, Lodewyk, Aspaai te noem en om vir hom, Lodewyk, te sê hy trap Bet-goed se tone. Hoe sal hy Bet se tone trap, hy wat die „Flirtation", die „Consolation Waltz" en die „Charleston" met sy vyf-en-negentig „variations" kan dans? Maar hy sal Salmon net een klap gee dat hy die hane nooit weer sal hoor kraai nie. Of hy dit wil sien? Maar toe gryp Bet hom en sê hulle moet nou gou dans voor oom Jafta-goed ophou.

Maar Jafta-goed was nog nie van plan om op te hou nie. Dis 'n rumoer van die ander wêreld. Die konsertina huil, skree en hyg so beurt-beurt, en op die voorpunt sy hande bak oor die fluitjie, stap Noekies die hotnotsriel, As hy so 'n ent weg vooroor gestap het, dan kry hy weer so 'n gier,

stamp met sy voet op die grond en steier dan hotkant toe om later weer agteroor te lê soos hy haarkant toe beur. Die klonkies lag of hulle betaal word vir oom Noekies se gedoentes, en die meidjies, met hul hare varkstertjies gevleg, smag na hul vermaakjare. Ai! die oompie Noekies is darem snaaks! Appel, kyk daar vir jou oom Noekies-goed! Wanneer kan jy eers so dans, Appel?

En so skuins oor twaalf kom die trein eers in. Toe roep hulle net almal vir oom Toiings-goed. Oompie Toiings word handgegee of hy vir ten minste tien jaar weggaan. Kort-kort duik daar nog 'n klonkie of 'n meidjie tussen die massa uit wat nog moet bladstoot. Verus skep Toiings se kostrommel, Salmon die bondel klere en Aspaai wil snaaks wees en sê hy sal vir oompie Toiings op die trein tel. Oompie Toiings het mos nog nie die ysterperd gery nie. Toiings en sy bruid is by nog drie ander volkies in die einste kompartement. Al drie is vreemde volk, twee jong volkies en 'n ou tata met waterige oë.

„Toiings, ou swaer, jy moet oppas! Blikkiesdorp se volkies is getee. Jy moet maar vir Griet dophou, ou swaer. Hulle vat sommer 'n mens se vrou van jou af . . . Toiings, as jy vir swaer Helmet en oompie Olyn-goed op die lyf loop, sê vir hulle Salmon is nog ongetroud en wanneer hulle dan hul ou meide wegsmyt. Hei, Toiings, en gaan kuier tog seker vir Windbuks. Hy werk by baas Tulg se slaghuis. Hy is so 'n kort jong met bakbene."

Die trein fluit. Windvoël, ou Jan, Noekies en van die ander wil nog vir oulaas handgee en hang aan die wa. Op die perron, onder een van die stasielampe, staan die volkies en waai vir Toiings en Griet 'n laaste groet toe. Salmon skree weer vir Toiings en Griet, wat by die venster uitleun, om tog nie te vergeet om vir sy swaer Helmet-goed groete te sê nie.

Nou voel Toiings wonderlik alleen en verlate. Sy trouery

het soos 'n droom verbygegaan. Hy het nie eers 'n kansie gekry om vanaand vir Dawid te groet nie. Salmon, Windvoël en Noekies is nou wel onbruikbaar, maar hulle hou darem van hom en noudat hulle weg is, voel hy alleen. Dis snaaks, maar hy het agter die skape nooit alleen gevoel nie. Die ander drie volkies ken hy nie, en hulle kom vannag vyf-uur eers op Blikkiesdorp-stasie aan. Daar sal ook nie eers 'n ou kansie wees om te slaap nie.

Die vreemde ou jong met die waterige ogies begin gesels.

„En, Neef, waarheen is die reis?"

„Blikkiesdorp toe, Oompie."

„Ek gaan ook soheentoe. Na wie toe gaan julle, Neef?"

„Ons gaan na oompie Dissel en tant Bet-goed toe."

„My allawêreld! Oompie Dissel en tant Bet! Wie is julle dan?"

„Ek is Toiings, Oompie, baas Fanie, Kareeplaas, se skaapwagter en dis Griet, my vrou.

„My op die wêreld! En watter Griet?"

„Griet van pa Jan Malgas-goed."

„Nou, toe nou! Dat ons nou saam moet ry! Ek ken ou neef Jan Malgas en sy vrou Griet of ek hulle self gemaak het. Was jy nie eers met Siena getroud nie, Neef?"

„Ja, Oompie."

„Nou toe nou! Daar het jy dit nou! Ek is Siena se eie, eie, eie oom Sampie van die Rôeveld."

„Naand, Oompie."

„Naand, Toiings; naand, Griet. My op die allawêreld! Griet jy moet mos vir my soen, want jy is mos nou my eie, eie aangetroude broerskind se man se tweede vrou. Griet, en dis my twee seuns wat ek by my vierde vrou het, Riempies en Oskar."

„Is Oompie tog nie die oompie Sampie wat ma-goed ons so

baie van vertel het nie? Oompie Sampie Vink van die Rôeveld?"

„Nog reg!'

„Die oompie Sampie wat met sy eerste vrou so sleg gelewe het?"

„Juistement."

„Nou toe nou!"

Ou Sampie vertel toe van vamelewe se dae toe hy touleier was by baas van der Merwel en hoe opdraand hy groot geword het — nie soos vandag se volkies nie! Al wat Toiings kon sê is: „Ja, Oompie! nee, Oompie."

Later sê ou Sampie vir Oskar om die alsie uit te haal, en toe kom hy met 'n bottel perskebrandewyn voor die dag.

„Neef Toiings, wil jy nie 'n lekseltjie alsie hê nie? Ek gebruik dit eintlik vir my maag."

„Nee, dankie, Oompie."

Toiings hou die ou dop — hoe hy die prop afhaal. twee, drie slukke neem en dan vir Oskar vra om die alsie weer te bêre. Net gou ook is ou Sampie baie jolig en vertel van sy drie oorlede vrouens.

„Reken, Neef, dat ons nou almal Blikkiesdorp toe gaan. Ek hoor vanaand julle gesels van Helmet en oompie Olyngoed. Ken jy hulle, Toiings?"

„Nee, oompie Sampie."

„Daar is nou vir jou twee gawe volkies. Helmet is so sterk as 'n leeu. Weet jy, Neef, hoe hy sy naam gekry het?"

„Nee, oompie Sampie."

„Nou toe nou! Hy is eintlik 'n Petoors. Toiings daar is nou vir jou 'n wonderlike jong. Weet jy, hy is met die helmet gebore — hy kan voorbodes sien. Dis vreeslik soos hy party dae is. En die goed wat hy sien! Riempies, gee eers gou weer die alsie hier."

„'n Lekselstjie alsie, Toiings?"

„Nee dankie, oompie Sampie."

„Bêre weer die alsie, Riempies."

„Ons het van Helmet gepraat. Nou ja, hy is, soos ek gesê het, met die helmet gebore. Nie 'n helmet nie, 'n ander helmet, en so het hy sy naam gekry. Jy ken mos die warm Bokveld, Toiings?"

„Ja, oompie Sampie."

„Nou ja, een nag het Helmet en ou Olyn daar met 'n ossewa Ceres toe getrek. So 'n halfdag van Ceres af het hulle die dag oorgebly. Helmet kon daardie nag nie 'n oog toe kry nie. Voor op die wa sit 'n witvrou, en agter haar aan 'n tou hang 'n bobbejaan, sy tong net so lank uit. Die witvrou sit soos een wat slaap en die bobbejaan draai al in die rondte tot die tou breek. Hy val met so 'n slag op die buikplank van hul wa, dat ou Olyn glad daarvan wakker word. Hulle gaan toe kyk, en weet jy wat kry hulle in die wa se bak, Toiings?"

„Nee, oompie Sampie."

„Net 'n miskruier, niks meer nie."

„Ja, oompie Sampie?"

„En die anderdagmôre, weet jy wat gebeur toe?"

„Nee, oompie Sampie."

„Net op die eerste plaas waar hulle verby ry, kry hulle drie spierwit lammers en 'n donkie wat die weer doodgeslaan het daardie vorige nag. Die donkie se tong hang uit en by die drie lammers kry hulle die einste miskruier van die vorige nag. Sien, Toiings, dis wat ons sê as 'n man met die helmet gebore is. Jy sien voortekens. Helmet, as hy die dinge begin sien, dan slaan hy sommer soos 'n mal mens met sy vuiste in die lug. Oskar, gee die alsie weer 'n slaggie aan. Ja nee, dis 'n wonderlike jong daardie Helmet. Ek wil niks met hom te doen hê nie. Oskar bêre weer vir ons die alsie."

So het Oskar en Riempies die nag beurt-beurt by ou Sampie gewaak. Toe hulle op Blikkiesdorp kom, moes Toiings,

Riempies en Oskar, Siena se eie, eie oom Sampie van die trein aftel.

Oompie Dissel en tant Bet is al op die stasie toe die trein die afdraande deuskant Blikkiesdorp afkom. Verlaas haal Dissel 'n swaar rooispies uit sy manel se voering, sny 'n goeie stuk af en sit die res weer in die voering in. Ou Bet tik-tik haar Sambok-blikke waar sy haar snuif in bêre en neem 'n goeie knypie snuif daaruit. Hulle is regtig bly om Toiings en Griet te sien. Dissel vee 'n traan so stilweg uit sy oog, want Griet lyk vir hom kompleet soos sy oorlede dogter Tinkie. Ja, so is die ou wêreld . . . So, en dis nou Griet wat hy so baie van gehoor het. Hy voel jammer vir Toiings want 'n man wat 'n vrou verloor het, het al swaar gekry, en Toiings lyk 'n ordentlike jong. Nou moet hulle maar huis toe stap, want Okkie sal seker al die koffie klaar hê. Oom Dissel dra die bondel klere en Toiings die kostrommel wat ou Sampie leeg geêet het.

* * *

Dit was 'n aangename tydjie wat hulle by hul oompie Dissel en tant Bet deurgebring het. Toiings het ook met die beste-beste volkies kennis gemaak. Baie nuwe familiebande is ontdek. Helmet se oupa, van sy ma se kant, het 'n broer gehad wat weer so half en half 'n swaer van Toiings se oompie Dissel se tweede vrou is. Een jong wat Toiings nie mee kan klaarkom nie is Windbuks. Hy is sommer 'n sleg, en nou lyk hy vir Toiings glad te danig met sy vrou Griet. Helmet het hom ook gewaarsku. Windbuks is nie 'n jong wat jy by jou vrou kan vertrou nie. Windbuks het egter baie selfvertroue, want daar was nog nie 'n jong wat hy nie by sy eie meid drooggesit het nie.

Oompie Dissel het die ding ook al gewaar. Dit stem hom

weemoedig want Toiings het al baie swaar in sy lewe gehad. Hy sal maar vir hom raad gee — dis ook ou Bet se wens.

„Toiings, ou Neef, ek wil met jou 'n paar woorde breek."

„Ja, oompie Dissel."

„Neef, Windbuks is nie 'n jong wat ek by my stroois wil hê nie. Nou lê hy hier en dis nie 'n goeie ding nie. Weet jy waarom hy hier so baster baie lê?"

„Nee, oompie Dissel."

„Toiings, hy is agter jou vrou. Jy moet maar liewers weer plaas toe."

„Oompie, ek is ook al baie lus om plaas toe te gaan. Op die dorp voel ek altyd soos 'n bobbejaan met stewels aan. As Griet wil, kan ons maar gaan."

Wat sal hy vir Toiings sê? Die arme man is so gemaak dat hy elkeen vertrou. Sulke mense hoort nie op 'n dorp waar al die euwels sommer helder oordag rond-loop nie. „Toiings, vertel my van Siena."

Toiings kyk daar na die rante toe. Oompie Dissel is 'n dierbare man, anders sou hy dit nie vra nie. Kon hy tog maar sy hart uitpraat. Daar is 'n ruk in sy asem as hy antwoord gee.

„Siena? Oompie wil iets van haar weet? Oompie, sy was beter as al die mense op die wêreld. Sy is nie dood nie, sy lê net hier in my hart. Ja, Oompie. Ek wou nie weer vrouvat nie maar dit is net vir Dawid, ons klonkie, en nou al het Griet hom weggesmyt."

Sonder om vir sy oompie Dissel te wag, stryk Toiings stroois toe.

Vanaand tel Helmet ook onder hul geledere. Toiings voel maar souerig vir hierdie nuwe familielid van hom. Hy voel of die bokkapaterkloutjie nog in sy baadjiesak is want Windbuks sê dit help baie om die geeste weg te hou. Oompie Olyn, Riempies, Bet, oompie Sampie en Vaaltyn, 'n Bolandse jong, sit by Toiings-hulle in oompie Dissel se stroois. Agter

Helmet staan 'n swart bottel wat nog amper vol is, en 'n ent verder lê twee leës. Hulle vertel Helmet sien makliker die voorbodes as hy geswael is, en die slegste is dat sy voorbodes ware voorbodes is. Dis wat Toiings so benoud laat voel. Nou al reeds weet hy dat sy tweede trouery 'n misoes is. Sê nou Helmet sien ook so 'n bobbejaan of iets agter sy rug hang en môre, oormôre piets die weer hom neer. En die Helmet kan so vreeslik drink! Ja nee, vanaand se aand sal Helmet voorbodes sien, bokkapaterkloutjie of nie bokkapaterkloutjie nie.

Dis toe dat Helmet so vreeslik in die lug begin skerm en kort-kort met sy arm keer net soos een wat slae probeer weer. En al bo Toiings. Toiings retireer later tot agter in die stroois, maar Helmet kom altyd nader, sy oë vreeslik verwilderd.

„Stadig, Helmet, stadig. Ou swaer, sê dan vir my. Wat sien jy? Praat, ou swaer, praat! Helmet, is die ding by my?"

Maar nou kan Toiings dit nie meer hou nie. Vinnig spring hy skoon onder Helmet uit en sit die rieme neer veld toe. Dis mos heeldag en aldag 'n „hanniemoen"-houery, en Siena is seker al die joos in. Môre, net môre gaan hulle terug Kareeplaas toe, of sy naam is nie Toiings nie.

Dit was oompie Sampie van die Rôeveld wat hom later gekry en huis-toe gebring het. Oompie Sampie laat hom van 'n voorbode nie droogsit nie.

Hoofstuk VII

GRASWEWENAAR

Die weerligte het vannag baie agter die blou berge gespeel. Nou voel Toiings baie bly. Sy baas kry in die jongste tyd baie swaar met die aanhoudende droogtes, maar vandag kom die weer, of sy naam is nie Toiings nie. Haastig draf hy deur die drif want hy is nuuskierig om sy baas se gesig vanmôre te sien. Van ver af praat hy ook sommer.

„Môre, Baas. Ai Baas, die ligte het darem vannag mooi uitgeslaan. Ek dag vannag: ja nee, môre spoel my baas en nôi skoon weg. Ja, Baas. Agter daardie blou berge het die ligte eintlik net so gesit. Vandag is die reën hier, my baas. Ja, Baas."

Maar sy baas antwoord nie. Toiings merk nog nie onraad nie.

„Baas, en hoe gaan dit nog, Baas?"

„Nee goed, Toiings."

„Ja, Baas."

En Toiings lag daardie fyn effens-laggie van hom. Haastig draf hy om die mowwe reg te slaan — leegte toe. Dan kom hy weer na sy baas.

Sy baas se gelaat is ernstig. Dis vir Toiings amper so stroef as 'n donker onweer, maar hy vermoed nog nie die oorsaak nie. Dis vir Fanie Naudé ook maar moeilik om die saak aan te roer.

„Toiings, ons twee het altyd baie goed klaargekom né?"

„Ai Baas, hoe kan Baas so iets vra? Wie sal dan nie met Baas klaarkom nie?"

„Griet kan nie, Toiings. Ek voel jammer vir jou want ons kom baie goed klaar. Die nooi en ek was altwee baie lief vir Siena, maar Griet deug nie. Gister het sy vir nooi Miemie uitgevloek, en ek sal dit nie verdra nie, Toiings. As dit so aanhou, sal julle maar moet trek. Ek wil ook nie ander volk op my werf hê nie."

„Ja, Baas," sê Toiings verslae.

„Dis nog niks dat ou Dissel hier is nie maar Windbuks is kort-kort hier, en ek wil daardie sleg nie op my werf hê nie."

„Ek is jammer, Baas. Ek sal met Griet praat, Baas. Môre, Baas."

Met 'n loodswaar gemoed is Toiings weg skaap toe.

Dis 'n stikkend warme somerdag. Die sonbesies skree of hulle daarvoor betaal word, en tussen die vaal rantjies wat bewe in die middaghitte, stap 'n pou terwyl links van hom in die sandlaagtetjie 'n platkopkorhaan swets. Onder 'n yslike driedoringbos lê Toiings en Flaai. Toiings sluimer in . . . Hy is weer op Rooiwal in Freek Frederiks se huis. Hulle is jolig. Salmon wil wys hoe 'n mens op een beentjie moet staan en terselfdertyd 'n hothot se hoed moet afklap. Toe storm Freek Frederiks binne en skiet vir Salmon . . .

Toiings skrik wakker met 'n ruk net toe die weer sy eerste harde dreuning gee. Ja nee, dink Toiings, vandag gaan die water loop. Hy het mos vir baas Fanie gesê. Hy besluit dat dit veiliger sal wees as hy die skape afdruk na die sandlaagtetjie toe, want daar is meer skuiling en die weer het 'n mode om baie kwaai op die koppies te wees. Hy fluit vir Flaai en hardloop om die moftrop. Toe die mowwe die vaal hangetjie aftrek, val die eerste groot druppels, voorlopers van baie

swaar weer. Hier en daar beur die sonstrale nog deur en op ander plekke galop die skaduwees deur die laagtes en oor die rante. Dan kraak dit weer reg van bo dat die aarde onder Toiings se voete dril, en Flaai soek skuiling tussen sy bene, maar hy verwilder hom, want hy voel bygelowig en souerig omdat Helmet nou die aand op Blikkiesdorp so te kere gegaan het en dit reg bo hom. Sê nou die weer piets hom neer . . . Dit sal sy verdiende loon wees omdat hy nie vir Dawid sorg nie en omdat hy Griet haar sin gee. Dis dan die dat Helmet so ontstuimig daardie aand was. Nee, Griet laat 'n mens van die regte spoor afdwaal nes 'n maer, moedswillige ou ooi in mistige weer.

Sy gewete kwel hom. Windbuks lê mos by hulle. Dis nou elke tien dae dan is Windbuks weer hier. Wat wil die sleg hê? Hy moet sommer 'n kierie vat en Griet en hom die nek inslaan. Oompie Dissel het mos vir hom al op Blikkiesdorp gewaarsku teen hierdie einste Windbuks. Dis tog maar goed dat Griet Dawid nie hier wou hê nie, want Dawid is nie sulke dinge gewoond nie en mag ook nie so 'n voorbeeld kry nie . . . Siena is natuurlik ook al ontevrede. Dis mos heeldag en aldag kuier. Dis niks dat oompie Dissel kom kuier nie want hy is 'n baie liewe man. Windbuks — dis die kwaad. So het dit nog almelewe aangehou van hul „hanniemoen" af. As hy so terugdink aan sy jaar saam met Siena, dan traan sy oë en dan gesels hy kliphard met Flaai. Wat is sy lewe van hy met Griet deurmekaar is? Baas Fanie sê nou al hulle moet dan maar liewers trek. So kan dit nie aanhou nie. Die drink en kuier en „hanniemoen" hou. Lyk hy dan na 'n Japie wat kan kuier? Dis die wat die weer ook vandag so straf is . . . En sy baas se skape is al brand- en houtmaer, en daar hou Windbuks en Griet dronknes pleks dat sy vir nôi Miemie help. Is sy nie bang Siena kan een nag vir haar kom rinneweer nie? Hy wil weer met Siena versoen raak,

maar dan sal hy nou padlangs moet hou, want Siena sal sommer vir hom vra wat hy dan hier in die klippe soek. As hy beduiweld raak, sal hy sommer vir Griet wegja en sy klonkie op die dorp gaan haal. Daar sal hy ook net kwaai-jongstreke leer . . . Dis darem maar mooi as man en vrou mooi saam lewe. Daar is nou sy baas . . . Dis darem ook weer waar, sy baas is een uit 'n duisend, nes Siena, en dis vir hom of sy baas weet dat hy en Griet nie stryk nie.

Toiings hou sy hande bak voor sy mond en gee 'n harde skree, want die bokke trek verkeerd. Dit reën nog steeds. Eers het die aarde safnat begin word en later het die water in plassies begin staan, maar nou kronkel 'n menigte stroom-pies en span saam om een rumoerige rivier kant en wal te laat spook en swets, driedoringbosse uit te maal asof hulle graspolletjies is . . .

In sy verbeelding sien Toiings dit met hom gebeur as hy nie sy lewe verbeter nie. Sê nou hy sterf so en sien nie weer vir Siena nie. Sê nou hy en Siena is op aparte plekke . . . Oompie Dissel sal hom moet raad gee. 'n Man kan nie maar aanhou en aanhou asof daar nie 'n dag van afrekening kom nie. Maar wat kan hy doen? As Griet nog agter Dawid wou kyk sou hy alles verdra, maar nou moet sy klonkie nog op die dorp lê . . .

Die aand as Toiings werf toe kom, hoor hy hoe Windbuks lag en te kere gaan. In sy hart kom 'n haat teen die jong op-borrel wat hy nie kan onderdruk nie. Griet is ook net so uit-gelate, en as sy uitgelate is, dan vererg hy hom sommer. Agter die kookskerm staan ou Dissel met sy hande agter onder die manel weggesteek.

„Naand, Toiings."

„Naand, oompie Dissel."

Windbuks staan kersregop in die kookskerm naas Griet en skree hard asof Toiings doof is: „Naand, ou swaer."

„Naand."

„Nee, nee Toiings, dit het mos gereën. As dit reën moet 'n mens jolig wees. Vanaand sal ons nog die laaste bietjie lawaaiwater wegbêre, of hoe sê ek, Griet?"

„Ai, die Windbuks darem! Ja nee, vanaand bêre ons die leste bietjie."

„Toiings, jy moet praat met jou oompie Dissel. Hy stap al heeldag soos 'n nors bul hier rond. Dit lyk mos nie na kuier nie!"

„Oompie Dissel," sê Toiings, „kom ons stap so vir 'n heen-en-weertjies water toe."

Stadig en ingedagte stap die twee water toe. Oompie Dissel is die toonbeeld van waardigheid, en hy voel vanaand gaan die tweede storm losbars, en dan sal hy as ouderling van Blikkiesdorp se gemeente die vrede moet bewaar. Hy voel innig jammer vir Toiings, want Griet en Windbuks is glad te danig met mekaar. Nadat Toiings die sinkemmers wat hy saamgebring het, volgeskep het, begin hy sy gemoed lug.

„Oompie Dissel, Oom sal my mos kan sê . . ."

„Ja, Toiings?"

„As 'n mens eendag daar anderkant aanland, sal jy weer jou vrou ken? Sal Oompie nou vir tant Bet ken as Oompie eendag daar kom na haar dood?"

„Toiings, dis 'n baie moeilike vraag. Ek dink darem julle sal mekaar so half en half ken. Jy sien, Toiings, Bet-goed sal daar anders lyk as hier, maar ek reken darem 'n mens sal mekander weer ken."

„Dankie, oompie Dissel."

„Dis nie te danke nie, Toiings."

„Sit hier, Oompie, ek wil 'n bietjie gesels."

Versigtig lig oompie Dissel sy manelpante op as hy op die

wilgerboomstam plek neem, en Toiings hurk neer voor sy oompie Dissel.

„Oompie Dissel, is dit sonde as 'n man sy vrou wegja?"

Op so 'n gewigtige vraag gaan ou Dissel nie sommer blindweg antwoord nie. Eers haal hy sy snaar rooispies uit sy manel se voering en begin daarmee beduie voordat hy 'n stukkie afsny.

„Kyk, Toiings, daar is 'n vrou en 'n vrou."

„Ek het 'n vrou gehad, oompie Dissel."

„Nou ja, Toiings, so wil ek nou gaan sê ek sal nooit vir Bet wegja nie."

„Oompie, Siena was meer as 'n vrou vir my. Meer as een dag kan ek die verlange nie meer hou nie. Ek sou bly gewees het as die weer my vandag raak gepiets het of so iets. Ek weet ook nie . . . Ek wil darem nog 'n rukkie by baas Fanie bly. Maar, Oompie, dis so swaar om met Griet saam te lewe as jy nie daardie soort mens is nie. Ek ja Griet een van die dae weg, Oompie, maar dan weet ek nie of ek hier gaan bly nie. 'n Mens is so alleen, oompie Dissel."

„Ek verstaan, Toiings."

„Daar in daardie stroois, Oompie, het ek 'n jaar saam met haar gelewe, en nou, Oompie, is die lewe sommer niks meer lekker nie."

„Jy moet kwaai wees met Griet, Toiings. 'n Man moet af en toe so 'n vrou deurloop."

„Oompie, dis Dawid wat ek aan dink. Ek wou so graag vir hom 'n ordentlike opvoeding gee en nou is ek sonder Siena. En Dawid, oompie Dissel, Dawid moet nou grootword nes 'n weesbobbejaantjie."

„Ja, Toiings."

„Ja, oompie Dissel."

„Ons mans kry baster swaar, Toiings."

„Maar, Oompie, as Griet durf waag om vanaand weer

teen Siena uit te vaar soos sy ander dae maak, dan ja ek haar weg, dis wis en seker. Ek sal nie wag nie."

„Nee Toiings, ou swaer, nee. Vanaand moet jy suutjies te werk gaan. Windbuks het vandag baie gesuip, en dalkies steek hy die moord. Dis 'n hotnot daardie wat 'n man nie mee moet speel nie."

„Oompie Dissel, moord steek of nie moord steek nie, maar môre sal Windbuks sy litte moet roer Blikkiesdorp toe."

Oompie Dissel vat een emmer en Toiings die ander, en hulle kruie toe aan stroois toe. Dit gaan maar stadig want ou Dissel se litte is al stram.

Windbuks steur hom nie eers aan die ander twee nie. Dis wat Toiings die ongeluk in maak. Maar as hy na oompie Dissel se kant toe kyk dan beduie die maar vir hom om die vrede te bewaar. Hy en sy oompie sit op twee waterkantientjies, onderwyl Griet en Windbuks die setees voor die stroois dans. Dis kort voor middernag se dinge.

„Toiings, ou swaer, moenie vir jou laf hou nie, vat die bekfluitjie en blaas vir ons. Of is jy jaloers? Wa! Griet, Toiings is mos jaloers. Was jy maar altyd so, ou swaer? Ek is spyt ek het nooit vir oorlee Siena geken nie. Ek sou sommer met jou meid weggeloop het, want hulle sê my sy was nogal kamta mooi."

Toe verloor Toiings sy selfbeheer heeltemal. So 'n woede het ou Dissel nooit tevore gesien nie. Toiings se oë spat vuur. Hy draf agter die stroois om en gryp die agterossambok wat onder die karretjie in 'n ou goiingsak lê en storm Windbuks soos 'n warrelwind. Die houe val meedoënloos. Oompie Dissel wil tussenbeide kom, maar Toiings laat hom nie keer nie. Sal Windbuks vir Siena ook nog insleep? Sy Siena! So lank hy slaan skree hy alhoewel hy skaars weet wat hy sê.

„Windbuks, jy moet jou bek van my Siena afhou. Sy het

nie met ander mans rondgeloop nie. Trap van my werf af, man, trap! Trap! of ek moor vanaand. En jy ook, Griet. Ek wil jou nie weer hier sien nie. Julle wil mos bymekaar wees. Trap! Maak gou!"

Sy asem jaag nog van die ongekende woede, as Windbuks en Griet al by die nekkie afsak. Sonder om 'n woord te sê, gaan hy stroois toe. Die laaste dingetjie van Griet smyt hy uit want hy weet hulle sal nog die nag daarvoor terugkom.

Slaap bly die nag ver van hom. Dis benoud in die stroois. Sy gedagtes bly aan dwarrel na oorlede Siena en Dawid. Môre, net môre, gaan hy Rooiwal toe om Dawid by ou Jan-goed te gaan haal. As hy aan Siena en Dawid dink, word sy hart week en die trane stroom oor sy wange. Hy wil vir Siena vergiffenis vra om hy hul klonkie so stiefmoederlik behandel het. 'n Oorweldigende drang om met Siena te gesels oormeester hom, en kort voor dagbreek kruip hy onder sy velkombers uit en stap na Siena se graf. Ou Dissel sien hom gaan, maar sê niks, want hy weet dis beter om hom alleen te laat.

Roerloos gaan Toiings aan die koppenent van die graf staan waaroor die asbosse al groei. Sy gemoed is so rou, dat die trane vanself kom. Onweerstaanbaar word die drang om op sy knieë te sak, en daar in die helder maanlig naas die graf lug hy sy gemoed.

„Siena, vergewe my . . . Ou Jan-goed werk sleg met ons klonkie, weet jy dit, Siena? Siena, van jy weg is, moet Dawid so boepens groot word. Griet is nou weg. Siena, en nou sal ek maar vir hom self sorg. Siena, toe die weer vandag so swaar was, dink ek mos hoe hulle met ons klonkie op die dorp werk en hoe seer jou hart moet wees. Myne is ook seer, Siena . . . Vergewe my . . ."

Doodstil staan hy nog 'n rukkie naas die hopie grond en gaan dan terug na sy stroois.

Sy besluit is geneem. Nooit weer wil hy iets met 'n meid te doen hê nie. Daar moet niemand weer tussen hom en Siena kom nie. Hy en Siena gesels altyd so lekker. Jammer net dat sy nie met hom kan praat nie, maar dis niks nie want hy weet sy verstaan en vergewe hom as hy in die klippe langs loop.

Die volgende môre vertel hy van sy besluit aan oompie Dissel. Die ou sê niks nie want hy is ouer en weet dat 'n man soos Toiings altyd weer na liefde en 'n goeie meid sal verlang. In sy enigheid begin hy dink of hy nie van 'n goeie vrou vir Toiings weet nie.

Toiings glo so vas dat hy by sy besluit sal kan bly dat hy ook vir baas Fanie daarvan vertel. Hy moet oor sakies aangaande Dawid reël en daarom sê hy: „Baas Fanie, ek wil met Baas oor Dawid gesels. Baas, ek voel maar onrustig oor hom. Kyk, Baas, dis so . . . Ek het mos toe vannag vir Griet en Windbuks weggeja."

„Weggeja, Toiings?"

„Kyk, Baas, sy is nie Siena nie. En, Baas, ek wil weer die ou Toiings wees, en met Griet saam sal ek dit nie reg kry nie, Baas. Baas, ek wil hê Dawid moet eendag respek hê vir my, maar soos ek nou aangaan sal hy dit nie hê nie."

„Maar hoor ek is bly, Toiings. Nooi Miemie sal net so bly wees as sy dit hoor, want ons het al begin dink dat ons ons ou Toiings verloor het. Kyk ek is bly."

„Ja, Baas, en Siena sal ook bly wees, Baas . . . Baas, en wanneer kan ek vir Dawid gaan haal?"

„Toiings, ek gaan een van die dae dorp toe, en dan bring ek hom sommer saam."

„Dankie, Baas. Nou ja, Baas, dan sê ek maar: môre, Baas."

„Môre, Toiings."

„Ja, Baas."

Vas glo Toiings daaraan dat hy nooit weer meid sal vat nie. Dis seker daaroor ook dat hy nou so hoë-kop agter die vee aandrawwe. Vanaand sal hy en oompie Dissel verlaas weer lekker gesels voor sy oompie Blikkiesdorp toe gaan.

Hoofstuk VIII

DAWID SE OPVOEDING

Twee jaar is weer verby vandat Toiings vir Griet weggeja het. Twee jaar van swaarkry vir hom. Eers het Dawid op Rooiwal by sy oupa-goed gebly maar die verlange was te veel vir hom en so het hy hom dan gaan haal. Dawid was toe al mooi groot, darem nog nie so groot dat hy al vuilstreke kon aanleer nie. Met die grootmakery het dit maar broekskeur gegaan. Dan is Dawid se maag onderstebo, dan val hy weer sy knieë bas-af maar altyd maar is dit 'n gesukkel. In hierdie twee jaar het Toiings Rooiwal so volkies vermy. So af en toe was daar die een of ander wat kom kuier, en gereeld elke Kersfees kom ou Jan, Meraai en die sous oorgestap na hom toe. Oompie Sampie van die Rôeveld was darem al 'n slag daar vir 'n kuiertjie en oompie Dissel-goed ook.

Hy het nooit geweet oompie Dissel-goed se lewe gaan so nou saamgevleg wees met syne nie. Tant Bet hou tog te baie van Dawid, het hom selfs al vir 'n paar maande op Blikkiesdorp gehad. Toiings moet hulle belowe dat as Dawid skool toe moet dat hy Blikkiesdorp toe sal kom. Dis ook tant Bet wat hom uit die Bybel vertel al verstaan hy daar niks van nie.

Griet is uit sy lewe uit. Nooit weer het hy 'n woord van haar gehoor behalwe dat sy 'n jaar na hulle van Kareeplaas weg is, dood is aan longontsteking.

Elke keer as Kersfees nader, raak Toiings stiller, meer



..Oompie Dissel wil tussenbeide kom, maar Toiings laat hom nie keer nie.

ingetoë. Nou begin hy ook al die volkies kwalik neem as hulle kom kuier en ou Jan het gesweer hy sit sy voete nie weer op Kareeplaas as Toiings soos 'n nors bul wil rondstap nie. Hierdie keer egter sal Toiings rede hê om die Kersfeesaand ook te onthou, want dis toe wat hy weer nouer in aanraking gebring is met oompie Dissel-goed, en dat sy siel na iets meer begin verlang het as wat die plaas hom kon gee. 'n Voorteken maar van 'n groter onrus wat sou volg. Dawid se opvoeding het altyd teen Kersfees toegeneem.

Dis weer Kersfeesaand — nou drie jaar na Siena se dood. Daar is oral vrede op die Karoovelde. Daar is vrede op Kareeplaas. Duskant die vaal rantjie, naby die skaapwerf, naby Siena se graf, sit Toiings by sy stroois. Bo is die hemel besaai met sterre met elkeen die boodskap: dis Kersfeesaand. Alles is nes ander aande, maar darem anders. Dis vir Toiings asof hy vanaand vir die eerste keer die Suiderkruis opmerk. Vir hom is dit of die Suiderkruis eintlik net Kersfeesaande daar moet staan.

Hy wou vanaand baie graag alleen wees, hy en Dawid wat nou al so oulik is. Dis niks dat oompie Dissel daar is nie want hy is al familie wat hy by die kennis het. So 'n aand vertel hy so graag vir Dawid van sy oorlede Siena. Maar toe hy vanaand by die werf kom, is Willem Ponna, oompie Olyn, Salmon en nog 'n hele sous daar. Kan hulle 'n man dan nie met vrede en rus laat sodat jy jou klonkie dinge kan vertel nie. As 'n man rede heeldag met sy eie kwade gedagtes spook dan wil jy op so 'n gedenkwaardige aand alleen wees. Hy en oompie Dissel sal vanaand seker maar eenkant hou.

Daar by die vuurtjie, apart van die ander, probeer Toiings en ou Dissel vir Dawid vertel van die Heiland se geboorte, maar Dawid verstaan daar nie baie van nie. In die stroois weer, speel Willem Ponna, die jong van die Warm Bokveld, op sy ghitaar. Dis nie Kersliedjies nie, want vir hom is Kers-

fees die aangewese tyd om te drink en jolig te wees. Nukkerig speel hy, want Toiings sê daar is nie wyn nie. Dis die eerste Kersfees wat Toiings uitdruklik vir baas Fanie gevra het om tog nie wyn van die dorp af te bring nie. Miskien sal die volkies 'n man dan met rus laat. Oompie Olyn-goed voel dit ook baie en brom binnesmonds die liedjie wat Willem Ponna tot vervelens toe oor en oor speel.

Boesmanmeid is jy nog so flaai?
Boesmanmeid is jy nog so flaai?
Sewe jaar na jou gevry
en die agste jaar verneuk jy my!
Boesmanmeid is jy nog so flaai?

Maar dit hinder Toiings nie eintlik nie. Die volkies verstaan tog nie. Hulle sal nooit verstaan dat sy hart Kersaande rou is nie. Dis mos op 'n Kersaand soos hierdie dat hy Siena gevra het. Toe die môrester bo die vaal rantjie uitpeul, het sy ‚ja' gesê. Vanaand is sy nie hier nie. Sy is daar ver agter die blink sterre. Baas Fanie sê so. Maar oompie Dissel sal verstaan, want hy is 'n liewe man. Hy het vir oompie Dissel amper net so lief soos vir Siena. Hy is die enigste een wat na hom toe gekom en gesê het: „Ek verstaan, Toiings, ou swaer. Jou tant Bet het vir my gesê: ‚Dissel, gaan na Toiings, want hy sal vanaand baie verlang.' Daarom is ek hier, Toiings."

„Dankie, oompie Dissel."

„Nie te danke nie, Toiings."

„Ja, oompie Dissel."

Hy wonder of Oompie weet dat hy alweer so innig na 'n meid verlang. Dis saans so eensaam hier by die stroois. Dawid het ook iemand nodig om na hom om te kyk.

Ou Dissel hurk hom langs Dawid neer, en Dawid wonder

waarom die oompie altyd 'n manel dra. Sy pa sê dis omdat oompie Dissel ouderling is maar wat vir 'n gedoente dit is weet hy nie. Waarom dra oompie Olyn en Salmon dan nie so 'n ding nie?

„Toiings, wat is jy aan vertel?"

„Oompie Dissel, dis so. Baas Fanie sê nou die dag vir my: ‚Toiings, Kersfeesaand moet jy vir Dawid na die buite-kamer toe bring, want ons gaan 'n Kersfeesboom hê vir die kleinbasies, en dan kan Dawid ook sommer iets leer." Sien, oompie Dissel, Dawid word ook nou al mooi groot en hy moet iets van die Heiland leer. Baas Fanie sê so. Nou vertel ek hom iets van daardie aand voor ons loop."

Dis seker die eerste maal dat Toiings so lank aaneen praat, maar voor Salmon-goed sal hy dit nie doen nie.

„Nou kom ons leer vir Dawid," sê ou Dissel. Die slaaitjie rooispies word in die voering van die manel gesoek en die leerdery begin. Dit gaan maar broekskeur want Dawid kan nog nie die plegtigheid van daardie aand vat nie, maar sy pa en oompie Dissel se gelaat is ernstig, sodat hy instinkmatig besef dat erns by hierdie geleentheid pas. Sy oë rek al wyer en wyer. Die donkerte om hom laat hom benoud voel. Toiings is weer aan die woord.

„Die herders, Dawid — dis die volkies, want baas Fanie sê 'n herder is 'n skaapwagter en jy weet ons volkies pas al van toeka se tyd skaap op — nou ja, die volkies was die aand bymekaar, want dit was Krismis. 'n Paar het ghitaar gespeel nes Willem nou. Kyk elke Krismis is daar 'n klomp skaap-wagters bymekaar en dan sing hulle. Party dans ook, Dawid, maar dis volkies soos Salmon en Willem Ponna. Nou ja, toe kom daar Engeltjies en dié vertel vir hulle dat die Heiland gebore is by Bethlehem. En, Dawid, dis nou weer Krismis en daarom gaan ons vanaand na baas Fanie om van die Heiland te hoor."

Nou vertel oompie Dissel weer en hy wys waar die ster was, hy beduie van die stal en die krip, en wyer en wyer gaan Dawid se mond oop. Rondom hulle hang die duisternis van die nag. Dawid, krimp instinkmatig nader aan die kole, waarop 'n rib vlees braai. Willem Ponna tokkel nog steeds op sy ghitaar, en ver dra die laaste woorde van die liedjie:

Sewe jaar na jou gevry
en die agste jaar verneuk jy my!
Boesmanmeid is jy nog so flaai?

Nes vroeër kom baas Fanie en nôi Miemie na Toiings se werf om hul gedoente te beskou, maar dis vir hulle opvallend dat dit vanaand so stil is hier. Die begroeting is darem nog soos vroeër.

„Naand, my nôi," sê Toiings. „Happy Krismis, Nôi. Happy Krismis, Baas. Ja, Baas."

„Waar is die lawaaiwater dan, Baas?" vra Willem as hy opstaan.

„Nee, Willem, jy moet met Toiings praat. Hy wou nie hê nie."

„Ai, my baas. Toiings, ou swaer, jy maak nie reg nie. 'n Ander man lus mos ook 'n alsie. Nou kan ons nie eers 'n bietjie lekkerlyf word nie."

„Toiings," sê baas Fanie, „bring nou maar vir Dawid. Ons gaan begin. Julle ander volkies kan ook kom as julle lus voel."

„Dankie, Baas," klink dit, maar dis net Toiings, oompie Dissel en Dawid wat vir daardie gedoente lus voel, en selfs Dawid dink dit sal lekkerder wees hier by oompie Salmongoed. Hy voel bang, want dis vir hom asof daar vanaand iets

vreesliks gaan gebeur. Toe Toiings-hulle deur die drif gaan, sing die ander volkies lustig:

en die agste jaar verneuk jy my!
Boesmanmeid is jy nog so flaai?

Fanie Naudé het dit baie mooi van sy oorlede vader gevind dat hy altyd op Kersfees die plaasvolkies bymekaar geroep en hulle van die geboorte van die Heer vertel het. Daarna sing die volkies liedere, word op koek en wyn trakteer en daarna gaan hulle terug na die buitegeboue. Hy het besluit om ook nou daarmee 'n begin te maak, en vanaand is daar 'n Kersboompie ook vir sy eie kinders. Eenkant by die deur sit Toiings, oompie Dissel en Dawid op paraffienkissies. Skaars is Dawid binne die buitekamer of sy vrees is skoon weg. Die oë blink van blyheid as hy al die mooi liggies en blinkgoed sien. Hy vergeet homself skoon en sy mond hang wawyd oop. Aandagtig luister hy na baas Fanie, want hy het 'n heilige vrees vir sy baas. Nooi Miemie, wat hom sit en beskou, kry skielik die gedagte dat hy wonderlik baie na Siena lyk. Tog jammer dat Toiings nie weer so 'n goeie vrou kan kry nie. . . Ja, hy het Siena se pikswart vel en wakker oë. Sy hare, wat Toiings met soveel moeite probeer middelpaadjie kam het, vind sy vreeslik komieklik.

Toiings weer voel baie week vanaand. Baie al het hy die geskiedenis van die Heiland se geboorte gehoor, maar vanaand, nou dat hy self 'n klonkie het, is die werklikheid van die gebeure baie na aan sy hart gebring. Nou eers neem hy in wat daardie nag gebeur het. Dis vir hom of dit so hoort — die Heiland moes in 'n stal gebore word, anders hoe sou hy wat Toiings is tog kon salig word. 'n Geheimsinnige gewaarwording oormeester hom, amper asof die Heiland self hier iewers in die vertrek is. Hy skuif nader aan Dawid . . . Dis tog darem nog 'n asem, en hy het rede nou die dag agter die

vee so begin dink aan 'n meid, 'n vrou vir hom. Dis seker ook nie goed nie. Hy kan baie die ongeluk vir homself in word as hy so aan die meide dink . - . Onwillekeurig dink hy aan Siena, wat tog so graag so 'n Kersaand sou wou deurbring. Siena het nooit van dans en drinkpartye gehou nie . . . Sy gedagtes verskuif na 'n ander Kersaand, nou jare gelde. Weer sit Siena neffens hom op 'n waterkantientjie net by die ingang van die stroois. Hy sien oompie Jan sit met sy klein voetjies, sy bietjie baard en baie lag. Siena was daardie aand darem so mooi! Toe sy daardie nag so teen rooidag se kant „ja" sê, was sy eers mooi. Sy het altyd so uitgesien na hul kinders eendag. En nou?

Dis of almal vanaand die Kersfeesstemming meer bepaald voel as anders. Eerbiedig staan wit en swart op om te sing. Deur die Karoostilte weerklink 'n lied — De Heiland is geboren in stille Bethlehem. Ou Dissel hou sy oë pottoe, sy hande agter onder die manel weggesteek. Toiings kyk voor hom op die grond, maar sing nie minder hartlik nie. Dawid probeer ook sing, maar hy ken die woorde nie en hou sy pa stip dop, trek dan sy mond nes Toiings dit doen, maar altyd 'n rapsie te laat.

Toe die kindertjies van mev. Naudé daarna versies opsê, kry Toiings 'n bul van 'n gedagte. Dawid moet ook iets opsê. Maar hy ken mos nie „Stille Nag" en die ander kersliedere nie. Tog word die drang sterker en sterker. Dis vir hom of Dawid sommer van baie gevare bewaar sal bly oordags as hy alleen by die stroois is, as hy vanaand net iets kan opsê — enigiets. Toe die kleinbasies klaar is, sê Toiings: „Baas Fanie, Dawid sal ook iets opsê, Baas."

„So, Toiings? Ek is bly, my jong."

„Ja, Baas. Dawid ken nie eintlik iets nie, maar oompie Vaaltyn het darem vir hom iets geleer solank hy op Rooi-

wal by sy oupa-goed was. Baas Fanie, dit sal mos nie verkeerd wees as hy ook iets opsê nie, Baas?"

„Nee, Toiings."

„Dankie, my baas. Staan hier by my, Dawid. Sê nou vir baas Fanie jou versie op. Sê : ek is 'n klonkie . . ."

Dawid kom staan by Toiings se knie, hou sy hande saam, sy oë styf toe en sê:

„Ek is 'n klonkie klein, baas Fanie. Here, maak my hartjie rein, baas Fanie. Amen, Baas."

Dis hieroor wat hulle die klein skepseltjie so lief het. Hy is net so eerbiedig soos sy pa. Fanie Naudé wou nou nie na sy vrou kyk nie, want die oulikheid van Dawid is kos vir sy siel, en Toiings voel dan ook so wonderlik gelukkig en grootman omdat sy klonkie ook 'n bydrae kon lewer.

„Dis baie mooi, Toiings," verseker baas Fanie en die nooi hom en toe is hy hemelsgelukkig.

„Dankie, Nôi; dankie, Baas. Ja, Baas."

Dis al laat. Toiings en oompie Dissel maak aanstalte om te loop. Buite, hoed in die hand, draal Toiings nog, en sy baas weet dat hy nog iets op sy hart het, daarom stap hy ook na buite toe. Anderkant die drif sing die volkies nou eers lustig. Oompie Dissel vat vir Dawid en stap stroois toe.

„Is dit jou mense wat so sing, Toiings?"

„Ja, Baas. Dis Willem Ponna-goed wat so sing, Baas. Ja, Baas."

„Nag, Toiings."

„Nag, Baas. Baas?" . . .

„Ja, Toiings?"

„Ja, Baas. Dis so, Baas. Baas, dit sal seker net oompie Dissel en ek wees wat vanaand sinnigheid sal hê om voor Baas se venster te kom sing . . . Nou weet ek nie of ons vanaand sal sing nie."

„Dis darem niks nie. Die nooi en ek sal jul singery darem mis."

„Ek ook, Baas, en . . . Siena ook, Baas . . . Baas, ek verlang darem party dae net erg na haar. Onthou Baas nog die nag toe Siena en ons hier kom sing het?"

„Ja, Toiings, ek onthou dit nog baie goed."

Dis donker, maar Fanie Naudé weet wat gebeur, want hy het die ruk in Toiings se asem gehoor by die noem van daardie aand. Die baas en jong verstaan mekaar so goed dat Fanie Naudé omdraai en die huis instap sonder om verder te praat.

Dié nag het Toiings in die veld Kersfees gaan hou, baie hartseer maar ook wonderlik tevrede. Sy Kersvrede het eers reg begin toe hy eensaam in die nag agter 'n bos kniel. Die volkies op Kareeplaas sal nooit weet hoe hy alweer na 'n vrou verlang nie, maar vanaand het hy weer krag gekry. Nou sal hy weer kan aanstryk. Hy en Dawid alleen.

En duskant die vaal rantjie, so 'n klein entjie van Siena se graf, speel Willem Ponna op sy ghitaar onderwyl Salmon die askoek trap tot groot vermaak van Dawid. Toiings se klonkie.

Hoofstuk IX

AFSKEID

Wat eers vir Toiings 'n groot bekoring gehad het, skyn hy nou nie op te merk nie. Die dae agter die vee begin vir hom lank en vervelig te word. Die skape wat altyd sy vermaak was, beskou hy nou eerder as dinge wat tussen hom en geluk staan. Hy kon nie heeltemal sê wat sy begeerte is nie, waarheen sy drang gaan nie, maar Kareeplaas het sy bekoring vir hom verloor. As die volkies tog maar wil kom kuier . . . Daar is nou Daat Plakkies, hy wat in die ‚pous offies' werk . . . Die man weet nie wat so 'n kuier soos die een van 'n rukkie gelede vir hom beteken nie. Snaaks hy was eers tog so tevrede met aldag skaapoppas, saans rustig met Daat langs die vuur te sit, met die lammerooie te werk en draggies hout aan te dra vir sy nôi Miemie.

Toiings se oë kry nou meer en meer daardie verstrooide blik. Dan dink hy aan sy oompie Dissel-goed, oompie Sampie van die Rôeveld en oompie Olyn. Dis darem maar lekker om saans naas die vuur te sit, so af en toe ander geselskap te hê en . . . ja . . . so af en toe 'n bietjie pret te maak. Eintlik verstaan hy nie wat met hom verkeerd is nie, maar hy sal tog eendag vir oompie Sampie vra want wat is daar wat sy oompie Sampie nie weet nie . . . Reken dat oompie Sampie nou 'n eie-eie oompie van sy eerste vrou van haar ma se kant was. As hy vir oompie Sampie in die hande kry, sal hy vir hom doodeenvoudig alles vertel. Alles; van sy onverstaan-

bare verlange, van die gevoel wat hy party dae kry dat hy sommer neuk wil soek, van sy weemoed. Hy sal vir hom sê dis nou nie dat hy hom wil losskeur van Siena nie, maar . . . oompie Sampie verstaan.

Hy is jammer dat hulle hom nou die dag diaken gemaak het. 'n Diaken kan nie sommer so 'n ding wees nie, en as hy hierdie gedagtes kry wat nou maar aaneen in sy kop peuter dan voel hy hulle het 'n fout gemaak. Hy sal eendag se dag hand-uitruk, diaken of nie diaken nie. Toiings sit sy knapsak teen 'n gannabos en gaan platsit. Vandag kan hy sy gedagtes nie ondersit nie. Eers het hulle hom gehinder maar nou begin hy gewoond aan hulle raak en met die gewoondraak het bekoring gekom. Ai, die dorp se volkies het darem lekkerder. Hy let mos vir Aspaai, Salmon en Verus op as hy op die dorp is. Wat weet hulle van swaarkry. Dis heeldag dans en voetbalspeel. Nog nie eendag het hulle swaar gewerk soos hy nie. Het Aspaai nou al ooit met 'n kriedoringbos gespook as hy houtmaak? Wie van hulle weet wat dit is as twaalf, vyftien ooie gelyk lam en jy moet die lammertjies werf toe dra? Dis nie dat hy die werk nie wil doen nie. Baas Fanie is baie goed vir hom, maar as hy nou so 'n tydjie weg was dan sal 'n mens ook weer lekkerder werk. Ja, of as hy 'n meid gehad het wat saans vir hom geselskap kon hou dan sou dit lekker wees hier op die plaas. Dis al wat hy na verlang — weer so 'n meid soos Siena of selfs een soos tant Bet van oompie Dissel of soos Sanna van oompie Domkrag Klip op Blikkiesdorp.

Maar die meide dink maar bra min van hom en nou hy diaken is, sal hy glo glad nie een kry nie. Maar dis ook weer verkeerd van hom om sulke gedagtes te hê, want Siena is seker baie bly dat hy nou diaken is van Rooiwal se ‚gemeinte' . . . Siena . . . As sy hier was dan sou hy padlangs gehou het. Hy wonder of sy weet hoe moeilik 'n man kry wat sy vrou verloor het, om padlangs te hou . . . Oompie Dissel

kan 'n mens altyd baie goeie raad gee. Kyk net hoe het hy hom ,gewaarskou' teen Griet en daardie slegte hotnot. Toe het hy gesweer hy sal nooit weer vrouvat nie, maar nou weet hy nie. Hy weet regtig nie. As oompie Dissel hom in die rigting raadgee dan gaan hy dinge nie laat sleglê nie, diaken of nie diaken nie. Die ding is ook so. Oompie Dissel-goed kan 'n mens sulke goeie raad gee. Tant Bet-goed ken die wêreld se meide aanmekaar en so gou as wat jy knipmes kan sê, sal hulle vir hom 'n baie ordentlike meid hê.

Skielik skrik Toiings. Dis darem die verste wat hy al in hierdie rigting gedink het. As hy sulke gedagtes kry, kan hy hom nie so ver kry om weer met Siena te gesels nie, want hy gesels nog gereeld met haar veral as Dawid iets makeer of as hy ongelukkig voel. Dis mos ook hul akkoord. Siena het hom altyd gesê dat nie een van hulle iets moet doen sonder die ander se medewete nie. So het hy aan Griet gekom . . . Griet was darem op haar manier nie 'n slegte meid nie . . . Dis Windbuks wat al die sonde kom gee het . . .

Dan begin hy maar weer dink. Sê nou hy kon na Blikkiesdorp gaan . . . al is dit nie vir 'n lang tyd nie . . . Hy voel net 'n bietjie aardig om vir baas Fanie te vra. As 'n skaapwagter darem sy en baas Fanie se skape moet verniel, sal hy die moord steek! So dink hy aan alles. Dis sy en baas Fanie s'n. Daardie steekhaarskapie wat nou die dag af is, voel vir hom soos sy eie. 'n Mens kon nou so verneem — verneem waar 'n goeie skaapwagter is en dan . . .

Net toe gewaar hy sy vier spogdonkies, Starlaait, Twaailaait, Askoek en Semels. As hy die vier torre voor sy karretjie gooi dan loop slaap hy vanaand ver. Hy voel die vier donkies sal hom altyd aan sy lewe hier op die plaas herinner. Dis vir hom of hulle nooit in die dorpslewe sal inpas nie. Daar is nou Twaailaat. 'n Dood-en-doodgoeie donkie. Twaailaait

was ook altyd Siena se donkie. Kompleet nes Siena. Daar is geen bedrog in hom nie . . .

Soos die dae een na die ander verbyslenter, skiet die besluit, om Blikkiesdorp toe te gaan, al vaster en vaster wortel by Toiings. Hy sal weer Kareeplaas toe kom. Sy bàas Fanie sal hy nooit afgee nie. 'n Mens voel sommer maar 'n bietjie lus vir hand-uitruk. Net so 'n kuiertjie by oompie Dissel op Blikkiesdorp en die hele kontrei sal weer reg wees. Hulle praat of Drieka Wee weer op Blikkiesdorp kuier. Ai, as hy darem daardie meid hier op Kareeplaas kan kry, sal die lewe weer blinker wees. Plaas hy haar destyds op Rooiwal al gepols het . . .

So het die gedagtes in sy kop gemaal totdat hy op 'n goeie dag vas besluit om maar Blikkiesdorp toe te gaan. Maar hy sal weer kom . . . En dan nie weer alleen nie. Sie! as hy en Drieka dərem met daardie vaalstreep kom insleep!

Een aand, toe die skemer toeslaan, die aandster in al sy majesteit neerkyk op die stil Karoovelde, klop Toiings aan die agterdeur.

„Naand, baas Fanie."

„Naand, Toiings. Het jy dan skaap vandag verloor?"

„Nee alla, baas Fanie. Nee, Baas."

„Wou jy dan iets gehad het?"

Toiings lag. Dis hieroor wat hy so swaar weggaan, dink hy. Baas Fanie kan 'n mens altyd so aardig laat voel. Reken nou of hy iets wou gehad het. Die baas sal sommer ook gegee het . . .

„Nee, Baas. Ek meen ja, Baas."

„Toiings, my oujong, daar is iets wat jy nie wil sê nie. Wat is dit?"

„Kyk, Baas, dis so my baas. Ek dink nou al lank om weer 'n slaggie te trek. Baas, maar ek wil nie hê Baas moet dink Baas is nie goed vir my nie. Dis nie dit nie, Baas, maar as 'n

mens so 'n bietjie weggaan dan deug jy later weer meer. Sien, Baas, ek verlang ook alweer vir oompie Dissel en tant Betgoed. Baas, ek verlang sommer, nugter weet waarvoor. Baas weet. Ja, Baas."

„En nou wil my jong weer 'n slag weggaan?"

„Ja, Baas. Baas, ek het al so verlangs-verlangs verneem en Filand en ou Booi gee nie een om om die trop te vat nie. Dis te sê as Baas een van hulle wil hê. Filand is sommer 'n goeie skaapwagter. Ja, baas."

„Die nôi en ek sal mos alte baie na jou verlang, Toiings.

„Ja, Baas. Dankie, my Baas. Ek ook, Baas, en Siena ook."

Fanie Naudé glimlag. Die Toiings gesels nog maar altyd asof Siena nog lewe. Toiings se blik gaan na die voet van die vaal rantjie waar Siena rus.

„Nou ja, my oujong, kom maar weer gou na ons toe. Wanneer wou jy gaan?"

„Baas, nog so 'n ag dae of so en dan trap ek."

„Sê maar as jy iets nodig het, Toiings."

„Ja, Baas. Dankie, Baas. Nou ja, dan sê ek maar — nag, Baas."

„Nag, Toiings."

„Ja, Baas."

Van toe af draf Toiings net. 'n Hele week lank draf dit net. Filand is al agter die skaap, en Toiings is straf aan klaarmaak vir sy trek dorp toe. Orals piekel hy aan die ou groen karretjie, waarvan die een wiel kleiner is as die ander. Waar die naaf so 'n bietjie lutterig lyk, word plankies ingekeil. Die wiele word drie keer op 'n dag natgegooi. Dawid se hanslammetjie word by die huis gehou en het nou al 'n swart rug van al die potswart. Dawid dwing mos om hom saam te neem Blikkiesdorp toe. Toiings voel hemelsgelukkig. Hy wonder wat oompie Dissel sal sê as hy daar kom insleep.

Die hele week dink hy al om 'n persent vir baas Fanie te

gee. 'n Mens kon hom nou die hanslam gee maar baas Fanie het self baie hanslammers. Hy wonder of die baas van 'n riempiesvelletjie sal hou . . . Wag. Nou die dag toe hul ploeë, het die baas mos gekla oor sy donkieplak. Hy sal dan maar vir die baas dit sommer vanaand neem want môre sal hy die hele dag baie besig wees.

„Baas Fanie, ek het vir Baas so 'n ietsie wat ek wil gee."

„Wat is dit, Toiings?"

„Baas het mos gepraat, laas toe ons geploeë het, dat Baas se donkieplak al gedaan is."

„Ja, Toiings?"

„Ja, Baas. Nou ja, Baas, toe reker. ek so: kyk ek het tog twee donkieplakke en nou kan ek maar vir baas Fanie een gee. Nou hier is die plak, Baas. Sy voorpunt het 'n mode om los te gaan, Baas, maar ek steek hom sommer altyd met 'n naairiempie weer vas, Baas."

„Ek sal onthou Toiings. Dankie, my jong."

„Nie te dankie nie, Baas."

Toiings draal nog. Hy staan nog altyd met die hoed in die hand, want hy kan hom nou eenmaal nie opsit as sy baas of nôi nog naby is nie.

„Nou ja, Baas, dan wil ek dan nou maar sê — baie dankie, my baas, dat Baas vir Toiings so 'n goeie baas was. Hy sal dit nie vergeet nie. As hy party dae moedswillig was, moet Baas hom maar vergewe. Dis al, Baas. Ja, Baas. Nou ja, nag Baas; nag Nôi, nag Kleinbasies."

Skielik draai hy om en stap aan sonder om om te kyk. Miemie hak by haar man in soos hulle daar op die stoep staan, en in albei se harte voel dit skielik so leeg. Dowwer en dowwer word Toiings se voetstappe. Dis vir hulle, daar op die stoep, of iemand dood is.

En lank nog het hulle vir Toiings by Siena se graf, wat die asbosse al toegegroei het, sien staan.

Hoofstuk X

DIE ‚EPPENTONSE' MEID

So is Toiings dan toe Blikkiesdorp toe — vir 'n maand of langer, het hy vir sy baas gesê.

Dit was nou vir jou 'n gedoente. Hy gaan sy vier spog-donkies in die leegte haal, fluit so ver as wat hy loop, praat sommer plek-plek kliphard. Die oompie Dissel-goed sal darem bly wees om hom weer te sien. Van al die mense wat hy ken, is daar maar net een mens wat hy alles aan sal vertel, wat hom sal verstaan in al sy nukke en buie. Want Toiings voel dis sommer seker weer die een of ander duiwelse nuk wat hom nou weer bloots ry, maar oompie Dissel sal verstaan.

Net gou is die donkies in die kraal. Toiings draf net so ver as wat hy gaan. Daar is so baie dingetjies wat reggestel moet word. Hy moet nog 'n peuldoringpaaltjie gaan kap want een van sy swingels is disnis. Hy kyk na sy tuie, trense en leisels. Nee, alles is hier in die haak. Nou laai hy die groen kaal-karretjie met kooigoed, ketels, kantientjies en 'n honderd ander rommelary. Môre as die dagster aan die vaalrantjie lek dan skep hy die vaalstreep Blikkiesdorp toe.

Toiings stap met Dawid na die rivier om Dawid se voete te was. Vanaand kry hy ook sy uithaler -hempie en rooi vel-skoentjies aan. Dis beter dat hy al vanaand aantrek want môre sal dit 'n vroeg roerdery wees.

Hanekraaityd die volgende môre draf die vier torre om die rantjie met die groen kaalkarretjie. Fanie Naudé wat toe al wakker lê, draai hom rusteloos om. Toiings besef nie hoe geheg 'n mens aan hom word nie.

Op Blikkiesdorp loop hy vir oompie Sampie van die Rôeveld en tant Bet ook raak. Oom Sampie maak 'n hele bohaai van hierdie vierde vrou van hom — jy kon nie beter kry volgens oompie Sampie nie.

„Toiings, ou swaer," sê oompie Sampie sommer die eerste aand toe hulle om die vuur sit, „jy het nog nie weer lus gevoel om meid te vat nie?"

„Oompie Sampie, die ding is so. Ek het al lus, maar dan dink ek weer: ‚Toiings, jy is nou diakent, en wat sal die mense van jou dink as jy weer trou na jy vir Griet in die pad gesteek het?' Of wat dink oompie Sampie?"

Maar dis ou Dissel wat antwoord gee. Hy voel hy is geroepe om Toiings aan te help nou dié ook diakent is van Rooiwal se bruin gemeente. Eers word die snaar rooispies in die voering van sy manel gesoek, 'n slaaitjie ingesit, en toe praat hy.

„Toiings, ou swaer, jou tant Bet-goed en ek is baie bly dat jy nou ook diakent is. Jy kan baie vir jou gemeinte doen. Hulle vertel my hoeka dat Rooiwal se volkies nou so handuitruk; hulle wil nie padlangs hou nie. Altemitters kan jy iets doen."

„Dankie, oompie Dissel."

„Nie te danke nie, Toiings."

„Ja juis, oompie Dissel."

„Maar Toiings, jou tant Bet-goed en ek voel onrustig. Dis 'n listige wêreld hierdie en noumertjies verlei die volkies jou as jy nie 'n meid het nie. Hulle lê op 'n mens se spoor as jy diakent is. Is dit so, Toiings, of is dit nie so nie."

„Nee, maar as oompie Dissel so sê, dan is dit so." Inner-

lik voel Toiings baie bly dat oompie Dissel en tant Bet van gedagte is dat hy weer meid moet vat, en hy voel baie bly dat hulle meen 'n diakent moet 'n vrou hê.

„Toiings, 'n mens is 'n wonderlike ding, sommer baie wonderlik. Jy is mos halfwas soos 'n jakkals. Maak jy 'n jakkals se maat vrek, dan huil hy snags van die aandster tot-dat die hane kraai. Maar hy skree nie altyd nie. As hy die tweede en die derde nag skree, dan gee 'n ander jakkals ant-woord. Nou ja, Toiings, jy is nou die jakkals wat skree en jy moet fyn dophou of die maat nie antwoord gee nie."

„Dissel," sê ou Sampie, „jy praat die waarheid. Riempies, gee vir jou pa-goed die alsie aan."

Oompie Dissel vryf sy yl kinbaardjies en loer vir Toiings so onderdeur, baie tevrede met die indruk wat sy woorde gemaak het. Hy het teenstribbeling verwag en jou gedorie-waar Toiings sê nie een enkele woord nie, beaam eerder wat hy sê. Hy sal nou maar arbei, want sy oompie Daantjie Setees het 'n eersteklas kleinmeid.

„Toiings, jy sal altemitters nie meer vir ou Daantjie Setees by die kennis het nie. Hy is 'n baie liewe man, sommer uit 'n eersteklas familie. Meeste volkies noem hom sommer Oupa Setees. Nou ja, Oupa Setees het 'n baie liewe goeie kind by die naam van Sara, en ek weet Sara sal glad nie omgee om man te vat nie, veral nie as hy diakent is nie. Ek sê nie jy moet vir Sara vat nie, maar sy is een van die jakkalse wat antwoord gee."

„Ja, oompie Dissel."

„Ek dink," sê oompie Sampie. „Toiings kan nie beter doen as om Anna Sysie by te dam nie. Ek was self so hittete met haar getroud, maar toe loop ek mos my derde vrou op die lyf. Ai, waar is die dae! . . . Oskar, bêre maar weer vir ons die alsie."

„Nee, Sampie, Anna se familie beteken niks nie. Drie

van haar ooms boer in die tronk. Sy kan nie met 'n diakent trou nie."

„En wat van ou Daantjie se mense? Ou Giel, sy ou broer, vloek dat die wêreld na swael ruik en ou Daantjie se eie, eie skoonseun lê by die kantien. As jy familie vat, dan is ou Hoepel net so 'n goeie man soos ou Daantjie."

Die familie-uitmakery het so amper kwaaivriendskap gebring tussen ou Sampie en oompie Dissel, sodat Toiings later as bemiddelaar moes optree. Uiteindelik is daar 'n ooreenkoms — Toiings sal altwee besoek en dan self sy keuse maak. Voordat hulle inkruip, maan ou Sampie hom weer aan.

„Toiings, ek weet. Vra vir my. Ek lewe nou met my vierde vrou. Jy moenie met 'n vroumens speel nie. Hou jou galant. Jy moet maak of jy sommer soveel vrouens kan kry. Riempies, is daar nog iets in die borrel?"

„Ja, oompie Sampie," sê Toiings eerbiedig.

„Toiings man jy moet maak soos my agterkleinneef, van my pa se kant. Ken jy vir Daat Plakkies?"

„Daat Plakkies van oompie Simon Plakkies?"

„Juistement Toiings."

„Tog nie Daat Plakkies wat eers met daardie sleg meid getroud was nie?"

„Dits him."

„Oompie meen Daat wat in die pous offies werk?"

„Net hy, Toiings. Gee vir ons die borrel aan, Riempies."

„Nee maar dan ken ek hom, oompie Sampie."

„Maak soos hy maak, Toiings. Daardie man gee vandag nie meer 'n flenter om nie. En vrouens? Hy kan tien kry as hy maar net wil hê. Maak soos Daat maak. Dam die meide sommer by. Moenie speletjies maak nie. Oskar, bêre weer vir ons die borrel."

Die nag maal oompie Sampie en oompie Dissel se woorde

al in Toiings se kop. Hy sal so maak. Veral voel hy geneig om oompie Sampie se raad te volg want in sy oë is Daat Plakkies 'n derduiwel by 'n vroumens.

Die volgende aand trek Toiings sy witgespikkelde onderbaadjie aan wat hy van die smous gekoop het, stryk sy hare plat, leen 'n hele snaar rooispies by oompie Dissel en kry toe sy stryk na Anna Sysie.

By Anna is daar die aand 'n hele sous van Blikkiesdorp se volkies. Dis musiek maak en dans voor die pondok in die maanlig. Helmet, Windbuks, Riempies en Bakkies Spyker-goed dans dat 'n lui stoffie in die maanlig bly hang. Bakkies Spyker sien Toiings die eerste.

„As dit nie Toiings is wat daar aankom nie, dan is ek 'n tier! Naand Toiings, ou swaer. Dan was April reg. Hy sê my vandag dat hy vir Toiings ook hier in die lokysen sien. Watter volkies ken jy nog nie? Dis Anna, Tinkie, Sara, Fytjie, Toekie en dis Drieka, Maar jy ken mos vir Drieka, Toiings? Onthou jy sy het by oompie Jan-goed op Rooiwal gekuier?"

„Drieka Wee van Eppenton?"

„Juistement, Toiings."

„Nee, maar dan ken ek haar."

„Riempies, bring vir jou oompie Toiings 'n lekseltjie lawaaiwater. Hulle sê mos vir my jy is diakent."

„Nie, eintlik nie, Bakkies. Ek meen ek wil sê, hulle sê ek is diakent."

„Jy is darem?"

„Juistement, Bakkies."

„Hêi, julle bitterbekke, Toiings sê hy is diakent. Wie wil met hom dans?"

Toiings kyk voor hom. Dit was darem nie nodig nie. Bakkies kon maar gerus stilgebly het. Noumertjies wil die meide nie met hom dans nie.

„Toe, toe," skree Bakkies, „waarom staan julle. Swaai die bitterbekke. Toiings jong, skep maar net die een wat jy sin in het."

Toiings skep vir Anna Sysie, 'n tweede en 'n derde keer ook. Net gou gaan die gerug rond dat Toiings vir haar „fensie."

Die aand ontdek Toiings dat hy talente besit waarvan hy nog nooit gedroom het nie. Waar is Salmon en Verus vanaand? Hulle spot mos gewoonlik met hom. Vanaand vat hy die laaste meid voor Verus en Salmon weg! Blikkiesdorp is sommer maar 'n lekker dorp. Al die meide wil net met hom dans. Hy het nooit geweet hy kan so omgesukkel dans nie. Hy loop vat sy draai sommer daar anderkant, om maar weer deur die ander pare te vleg soos hy altyd gesien het Salmon doen.

Toiings gee hom oor aan al die plesierdoenery. Sy gemoed word ligter met elke skinkseltjie. Vanaand voel hy ook glad nie bang vir Helmet nie. Dié kan nou maar gerus die wêreld se voorbodes sien.

Die aand vat Helmet en Bakkies Spyker vir Toiings huis toe. Daar by ou Dissel se pondok wil hy die twee nie laat loop nie voordat hulle vir hom die versekering gee dat hulle nie vir hom kwaad is nie.

Van daardie aand was daar nie 'n dansparty nie of Toiings is daar. Nee, meer, hy was die siel van elke party. O, die oompie Toiings is te snaaks vir die jong volkies! Wat hulle nie weet nie is dat Toiings smoor verlief is op Drieka Wee, die Eppentonse meid. Hy lag met die ander maar sy hart staan net een plek toe en dis Drieka. Hy wonder wat sy sal sê as sy weet dat hy haar net so lief kan kry as hy vir Siena gehad het. Oompie Dissel wil hê hy moet vir Sara van Oupa Setees trou en oompie Sampie se kop staan maar net na Anna Sysie toe. Weet hulle dan nie dat 'n mens sommer

verliefraak en dan kan niks jou keer nie? Hy wens hy het iemand gehad wat hy dit alles voor kon sê — van sy groot liefde vir Drieka. Sy is van die „heppie" soort en dink hy is maar net goed vir haar . . . As ys hom nie moet liefhê nie, dan wil hy Blikkiesdorp nie weer sien nie. Met sy joligheid en al kry hy nie soveel uit die kuiertjie uit as wat sy voornemens was nie. Nou hy hier is, kan hy soms so verlang na Kareeplaas, die vaal rante en die moftrop. As Drieka net ja sê, sal die hele wêreld weer reg wees.

Maar een aand is Toiings skielik stil en ingetoë. Nie eens aan oompie Dissel vertel hy wat dan nou eintlik op sy hart druk nie. Na ete stap hy so stilweg na die swart bultjie waar 'n paar strooise so eenkant staan. By die laaste een gaan hy aan en vra vir oompie Olyn of Drieka Wee van Eppenton nie daar is nie.

„Sy is, Toiings, ou swaer, sy is."

„Nou ja, maar dan wil ek 'n paar woordjies met haar breek."

„Drieka!" skree ou Olyn. „Toiings is hier en hy wil 'n paar woorde met jou breek."

Met die voetpaadjie waarmee die donkies altyd kraaltoe kom, stap Toiings en Drieka nou onderwyl die skemer sterk begin toeslaan. Vanaand is hy nie so jolig as anders nie, maar hy loer kort-kort onderlangs na Drieka toe. Drieka gesels die wêreld af; van haar pa-goed, die volkies op Eppenton, maar net verniet of sy hom aan die gesels kan kry. Skielik laat die kalm aand — die sterretjies wat wedywer wie die meeste kan skitter, die kriekies wat rumoer of hulle weet van die reën wat aan kom is — vir Toiings dink aan 'n ander aand wat nog heilig is vir hom. Al die liefde wat hy vir Siena geken het, kom terug, ontembaar soos die vloed van 'n wolkbreuk.

„Drieka, ek wil graag weet, of ek nie kan . . ."

Maar die noodlot wou dat hy nie sal klaarpraat nie.

Gelyktydig hoor hulle altwee hoe Bakkies Spyker roep. Oompie Olyn het hom vertel dat Toiings en Drieka met die voetpaadjie aangestap het.

„O, hier is my bok," sê Drieka. „Bakkies, Toiings is amper vanaand met jou bok weg."

„Toiings, ou swaer, as ons nie mekaar so lank geken het nie, dan het ek vanaand jou nek ingeslaan. Ek loer maar vir jou so. Die ander manne het al vir my gesê: ‚Oppas Bakkies, jy raak nog uit jou bok'."

Bakkies Spyker, wat niks vermoed van Toiings se liefde vir Drieka nie, lê soos hy lag en Drieka kraai saam met hom. Nee, dis waar, vir Toiings kan 'n mens nooit kwaad word nie. Drieka staan onderwyl nader aan Toiings en sê sag: „Toiings, Bakkies verbeel vir hom hy is wie weet wie. Jy moet hom uitoorlê."

As Bakkies en Drieka al amper by die lokasie is, wonder Toiings wat Drieka se woorde mag beteken. Hy moet Bakkies uitoorlê . . . maar Bakkies is 'n derduiwel . . . Ja nee, van nou af sal hy oompie Sampie se raad volg en nie meer 'n flenter omgee nie. Wie is Bakkies dan altemitters dat hy vir hom kan uitlag.

Duidelik hoor hy die volkies onder in die lokasie lag. Hulle moet nou maar lag solank hulle die kansie het want van nou af sal hy hulle nie weer 'n kansie gee nie, of sy naam is nie Frikkie Seland nie. As Drieka eers syne is kan Bakkies weer lag.

Hoofstuk XI

TOIINGS ONVERSKILLIG

Net sommer vir gou maak die storie die rondte in Blikkiesdorp se „lokysen" dat Toiings nie meer 'n flenter omgee nie. Party het geweet van sy liefde vir Drieka. die Eppentonse meid, daarmee gespot en haas geen een het jammer vir hom gevoel nie. Waarom sou hulle? Dis maar die beloop van die ou wêreld hier op Blikkiesdorp. As jy 'n meid in die oog kry en sy wil jou nie hê nie dan is dit „haart laains" maar niemand kan dit verhelp nie. As Toiings nou daaroor so te kere wil gaan dan is dit sy saak. Drieka gee ook nie om nie. Meer as een klong het hom op Eppenton ook verbeel dat sy hom sal vat en dan later aan die suip gegaan. Hulle vertel haar dat Toiings nou die aand so byna bedwelmd gedrink was. Sy hou van oompie Toiings; hy is seker nie 'n slegte man nie, maar sy, wat Drieka Wee is, wil eendag met 'n properse „leidiesmên" trou.

Toiings weer het gedink aan wat Daat Plakkies vir hom gesê het. 'n Man moet nie 'n flenter omgee nie. Die meide wil nie 'n man hê wat elke Sondag in die „tjirts" is nie. Nee, hulle hou van 'n man wat nie vir die duiwel stuit nie. Toiings sien dit ook self. Daar is nou vandag manne soos Helmet, Bakkies Spyker en Abraham Jollie. Waar is daar 'n meisiemens wat haar neus vir die drie sal opruk! Nog so nooit nie! En Daat Plakkies! Hy kan vandag net na 'n meid kyk dan is

sy al verlief op hom. Waarom loop Drieka Wee so agter Bakkies Spyker aan? Net omdat hy nie 'n flenter omgee of hy haar kan kry of nie. Daar is baie ander wat hom wil hê maar nie kan kry nie. So moet 'n man wees. As die meide nou ook 'n bohaai oor hom wil maak, sal Drieka sommer van hom begin hou. In die begin het sy nogal van hom gehou.

Toiings begeer haar met sy hele wese. Hy wil haar hê tot elke prys. Hy sal nou maak soos daardie drie volkies — Helmet, Bakkies en Abraham Jollie.

Eers het sy uitspattendheid hom gekwel. Daar is nog altyd baas Fanie, nôi Miemie en Siena wat dit te hore mag kom. Sulke tye is hy dan nors en stap alleen in die veld rond. Gou darem spook hy die gedagtes uit sy kop uit. Oompie Sampie en oompie Dissel meen mos self hy moet weer 'n vrou kry en as dit dan die enigste manier is waarop 'n mens vandag 'n vrou op die lyf kan loop, dan moet jy nie 'n gewete hê nie.

Daar was darem drie mense wat besorg oor hom was. Oompie Dissel sê een aand vir sy ou vrou: „Bet, Toiings maak nie mooi nie. Ek wil met hom vanaand praat. Kyk, ek is darem ouderling en ek wil gaan sê — wat te erg is, is te erg. Ek is Toiings se enigste nabestaande, so ver ek by my kennis het, en hy maak baster nie mooi nie. Ons moet die man help."

„Dissel, jy sal die beste weet. Ek kyk maar vir Toiings so en ek dink en ek dink . . ."

„Ja, en wat dink jy dan, Bet?"

„Hy soek vrou, Dissel. Jy weet self hoe 'n man is as hy vrou soek en nou wil jy vir hom staan en verkwalik. Jy sien hy het net één gedagte en dis Drieka. As sy eers weer weg is, kan ons iets met hom begin. Jy weet, Dissel, ek het 'n vrou vir hom in die oog."

„Laat hoor, Bet, laat hoor."

„Jannetjie, ou Persent se kleinmeid. Jy weet, Dissel, sy is

„Toiings skep vir Anna Sysie 'n tweede en 'n derde keer ook."

nou vir my kompleet en kompleet nes Siena. Ek sê nou die dag vir ou Rachel. Ek sê: Rachel, is Jannetjie van ou Persent nou nie vir jou die ewebeeld van oorlee Siena nie. Nou ja, Dissel, ons moet sorg dat Toiings dié meid liewers lief kry as om dag en nag agter Drieka aan te dros."

„Bet, wat het jou by die gedagte gebring? Ek dink Jannetjie van ou swaer Persent-goed is net die meid vir Toiings. Ons moet 'n plan maak, Bet; ek het so baster 'n gedagte dat 'n mens die twee bymekander moet bring. Wil jy glo . . ."

Jannetjie van ou Persent-goed is net die meid vir Toiings. Maar sal hy dit insien? Jannetjie is een van die stil meide. Sy dans nie en hy kom dus nooit in aanraking met haar nie. Dis alles wat ou Bet insien. Dis 'n moeilike taak wat sy onderneem. Toiings is nou soos 'n malkop hotnot van agtien jaar. Dis tog sleg, dink ou Dissel, as 'n mens jou op Toiings se ouderdom malkop hou.

Ou Bet het dan die wete vir Jannetjie gestuur dat sy vir 'n paar dae na haar en oompie Dissel moet kom. Sy moet maar sommer vir 'n week of so vir haar inrig dan kan sy bly tot nagmaal of nog langer.

Alles het maar ongemerk gegaan. Die eerste aand wat Jannetjie daar was, het ou Bet net gesê: „Toiings, dis nou Jannetjie van oompie Persent-goed wat op Melkboskraal bly. Jannetjie, dis die man wat sy vrou so gou verloor het. Jy weet mos ek het jou van hom vertel."

„Ja, tant Bet." Skaam laat sy haar kop sak. Sy het al baie van die oompie Toiings en sy leed gehoor, baie dae gewonder of sy hom sal ontmoet en watter soort van 'n man-goed hy is. Enige meid moet bly wees as sy so 'n man soos oompie Toiings met groot wakker oë kan hê. Hy is baie mooier as wat sy ooit gedroom het. Baie meide spot met hom maar sy kan nie sien waaroor hulle met die oompie spot nie.

Sy laat weer haar kop sak toe die wonderlike oompie Toiings haar kant toe kyk.

„Naand, Jannetjie," is al wat Toiings sê. Vanaand is hy ongewoon haastig om by die ander volkies te kom. Sampie, Dampies en Helmet het hom aspres die wete gegee dat daar vanaand 'n ‚meeting' sal wees in Helmet se stroois. Vanaand „piek hulle die tiem" soos Abraham Jollie sê. Nou staan sy kop net soheentoe.

Dis al 'n paar dae wat hy vas van voorneme is om vir die *Never Sweats*, Blikkiesdorp se voetbalspan, te speel. Dampies het net gou een agtermiddag vir hom 'n jersie geleen, en so het hy die dag dan sy eerste oefening gehad. Sy kennis van die spel is maar bra eina maar hy voel dat dit een van die paaie is waarlangs hy 'n indruk op Drieka Wee van Eppenton kan maak, want sy is mal oor Bakkies en dit net omdat hy so kwaai voetbal speel. Al wat Toiings van die spel weet, is dat jy loop laat jy bars as jy die „bôel" in die hande kry en dit dan agter die pale gaan neerplak. Hy het in sy lewe al baie Afrikanerlammers van agter ingehardloop, dus het dit aan asem nie ontbreek nie. Hy is ook maar 'n vreeslike man om saam mee te speel. Hy skop en trap net so ver as wat hy gaan en is so taai soos 'n ratel. Eers het hulle hom voor laat speel en dit sou seker goed gegaan het maar hy „kiek" te baie in die „skram" soos Dampies later aangekondig het. Toiings hoor die dag Dampies skree elke vyf minute: „Komaan, Toiings, „don't kick in the scrum", maar wat weet hy nou wat Dampies meen. Later het hul „keptin", Bakkies Spyker, hom maar uitgehaal en in die agterlyn laat speel om vir Helmet onder die voorspelers te laat speel. Al die rugbykenners op Blikkiesdorp meen dan ook dat Toiings omgesukkel sal speel en dat hulle hom moet „piek in die tiem" wat eerskomende Saterdag teen die *Lily Whites*, Rooiwal se span, moet speel.

Vanaand staan sy kop na Helmet se stroois toe. Net na ete

staan hy ewe haastig op en kry sy stryk soheentoe. Sy tant Bet-goed sit vir hom so agterna en kyk.

Dan kyk sy weer na Jannetjie en wat sy in haar oë sien, stel haar tevrede, ten minste vir hierdie kant van die saak.

Ou Dissel steun as hy sy manelpante onder sy bene inslaan.

„Toiings is aan verkeerd loop. As hy nou 'n bok was kon jy 'n klip voor hom gooi en hy sou omspring. Dis mos almelewe soos die kapaters maak. Ek is darem nie gerus nie. Die man sal verkeerdloop en verkeerdloop totdat die Oubaas hom in die pad bring en dit sal nie met 'n klip wees nie. Toiings is baster baie aan neuk."

„Jee, Dissel, jy praat 'n groot waarheid. Jannetjie, jy hoor wat jou oompie Dissel sê. Dis die waarheid. Daar sit Dawid. Kyk hoe lyk hy. Toiings het hom nog altyd verwaarloos want hy is heeldag agter die skaap. Nou smyt hy hom glad weg en Dawid moet rondstap soos 'n weesbobbejaantjie. Toiings dink nie, maar een van die dae sal hy spot kry en dan wil ek hê daar moet 'n goeie meid byderhand wees want hy is nie 'n slegte hotnot nie. Of hoe sê ek, Jannetjie?"

Skaam sê sy, „Ja, tant Bet." Dit moet ou Dissel groot tevredenheid gee, want hy skop nou 'n groot lawaai met sy keel op en tel sy een been oor die ander.

Wie weet miskien skeel dit aan die nag, want dit was 'n uithaler stil Karoonag — van die wat die maanlig soos 'n sluier rustig op die aarde neerdroom, maar Jannetjie skuiwe nader aan haar tant Bet-goed en sê ewe sonder om te skroom: „Tant Bet, vertel my van oompie Toiings, oorlee tant Siena en hoe hy haar verloor het."

„Jannetjie, vra vir jou oom Dissel. Ek wil vir Dawid sy velle gee om in te kruip. Jou oompie Dissel kan dit beter vertel as ek."

Dan skop sy vir Flaai, hul waghond, uit die stroois want

sy is nie een wat dit verdra dat haar oë klam moet word nie.

„Sie jy, Flaai, jou sleg. Loop lê buite."

Sy hoor darem nietemin elke woord wat haar ou man van Toiings en Siena vertel. Ou Dissel sit eintlik penorent van lekkerkry as hy vertel hoe lief die twee mekaar gehad het, nes hy en ou Bet mekaar vandag se dag nog het.

Intussen kom Toiings by Helmet se stroois aan. Helmet is mos nou ook al getroud. Kleinding is sy vrou se naam, en is een van die kinders van ou Olyn en ou Kaaitjie. Die meeste van die spelers is al daar. Apols, Dampies, Noekies, Abraham, Jollie, Petrus Pertoors en Sampie Klip.

„Naand swaers," sê Toiings en agterna „Naand Petrus, naand Sampie" net asof hulle ook nie swaers is nie.

„Naand Toiings," klink dit. Hulle hou almal van Toiings, miskien net met die uitsondering van Petrus Pertoors en Sampie Klip; maar dis ook alweer die meide wat so maak. Fytjie en Sannie was glad te vriendelik met Toiings van hy hier in die „lokysen" is en geen man kan dit mos darem hou nie. Hulle twee het ook onomwonde verklaar dat Toiings nie 'n *Never Sweat*-jersy behoort aan te kry nie want wat weet hy nou van „voetbôel."

„Sit, swaer, sit."

„Dankie, Helmet."

„Jong," sê Dampies „ons het nou net die tiem gepiek. Ek dink ons speel die slag vir Rooiwal dat hulle nie weet waar om grond te vat nie. Ek sê nou vir Helmet ek dink hierdie tiem sal sommer weg speel van jou lyf af."

„Toiings, die manne meen ons moet jou senter laat speel," kondig Bakkies Spyker, hul keptin, aan.

„Senter? en hoe is dit?"

„Kyk, swaer, senter is hier. So. Kyk hier speel Dawid Brood en net hier neffens hom aan speel jy, en dit noem ons sommer kortweg senter."

„O, ek sien," sê Toiings doodtevrede. „Dis dan senter! En jy sê ek speel senter Bakkies, ou swaer?"

„Juistement."

„H'm! Ek sien. Dis dan senter. En Abraham Jollie sê dan altyd vir my hy speel senter!"

Dis nou weer Helmet wat verduidelik. Met 'n biesie beduie hy waar die skrum is en hoedat daar twee senters in 'n span is.

„Sien, swaer, jy is 'n senter en Abraham ook. As Noekies vir jou die bôel paas dan bars jy deur hulle en nael vir al wat jy werd is pale toe."

Maar Toiings verstaan nog nie heeltemal nie. „En, Helmet, is Noekies dan ook 'n senter?"

„Nee, nee, swaer. Noekies is die flaaihaaf."

„O, ek sien. Ja nee, nou verstaan ek beter. Helmet, en wat is 'n flaaihaaf?"

„'n Flaaihaaf, Toiings, is 'n . . . jy sien hier staan hy so. Daar is die skrum. Nou die man wat hier staan noem ons die flaaihaaf."

„So . . . En as Noekies vir my paas dan moet ek nael?"

„Juistement, swaer."

Daar is darem nog iets wat hom hinder. 'n Mens moet die dingetjies maar betyds weet, want netnou skree hulle vir jou weer en dan weet jy nie wat jy moet maak nie. Dampies skree ook altyd vir 'n mens goeters wat niemand kan verstaan nie. Hy sal maar vir Bakkies Spyker vra want hy is tog hul keptin.

„Bakkies, ou swaer, en hoekom skree Dampies dan vir 'n mens ‚Dount, kiek ien die skram'."

„Sien, Toiings, jy was 'n bietjie te rof. 'n Man skop nie so jou eie mense nie. Saterdag kan jy maar skop as jy wil, hoe meer jy doodskop des te beter."

Noekies, van ou Domkrag Klip-hulle, hou nou regtig

baie van hierdie oompie Toiings. Hy kan sy lag nie hou as die so ernstig word nie. Die oompie Toiings darem! Saterdag sal hy seker al die *Lily Whites* van hulle voete af speel. Nou kom ander dinge onder bespreking. Laas toe hulle op Rooiwal was, het die *Lily Whites* vir hulle nou regtig goed onthaal. Die *Never Sweats* kan nie agter staan nie. Bakkies Spyker dink om die heerlike aande wat hy al daar gehad het, en besluit dat Rooiwal se volkies in die verste verte nooit sal hoef te kla nie.

„Kêrels, julle weet mos hoe Rooiwal se mense ons altyd ontvang. Ons huur maar die ou saal en dan gee ons Saterdagaand 'n dans. Iedere man sorg maar vir sy eie refreshments.' Abraham jy kan weer onder die manne kollek vir die drankies . . ."

Sommer nog baie dingetjies was daar om te bespreek. Helmet, met sy slap oë, het ook vanaand gesorg vir 'n bietjie lawaaiwater of withond soos hy dit noem. Hulle begin gesels van toeka se tyd en word al plesieriger. Toiings wat nog altyd sy einddoel voor oë het, naamlik om al die volkies te oortref, laat ook nie slap lê nie. As Drieka hom net vanaand kon sien . . . Hy loer so onderdeur na Bakkies. Hy sal maar môre vroeg-vroeg na oompie Olyn se stroois gaan om vir Drieka te vra vir die dans. Dis dit. 'n Man moet maar net gou op 'n meid se hakke wees. As hy maar net Saterdag 'n ‚traai' kan maak, sal sy saak ook al halfpad gewonne wees.

Laat daardie nag kon die ander volkies hoor hoe Abraham Jollie sing toe hy huis toe gaan. Die Abraham darem! Niemand weet waar hy al die liedjies uitkrap nie, maar Saterdag sal hy seker weer 'n paar splinternuwes hê.

„Toiings," sê oompie Dissel Saterdag môre, kamtig kwaad, „was dit nie dat ek nog al famielje is wat jy het, sou ek niks sê nie, maar nou dink ek so. Ek dink. Kyk Dissel, jy is ouderling van Blikkiesdorp se gemeinte en Toiings is diakent

van Rooiwal se gemeinte. Toe dink ek so. Toiings kuier nou by my en sy tante Bet. Dit hoort so. Ons is al nabestaandes wat jy het so ver ek by die kennis het. Is dit nou Christelik om die man nie te waarskou as hy in die klippers loop nie? Ek praat met jou tant Bet. Ek sê: ‚Bet, sê ek, is dit nou Christelik of is dit nie Christelik nie?"

„Nee, oompie Dissel."

„Jou tant Bet sê: ‚Dissel dis nie Christelik nie en jy weet dit. Toiings is op die afdraande. Dis nou al voetbôel speel ook.' Ek sê as 'n mens so dan en wan 'n bietjie lekkerlyf is, is dit niks nie. Ek was ook jonk en meer as 'n dag onder die plets. Maar voetbôel speel is nie die ding vir Toiings nie."

Oompie Dissel maak gebare wat Toiings glad nie verstaan nie. Dis tekens met die hande, selfs oë knip. Uiteindelik verstaan Toiings dat hulle so effens opsy moet staan. Hulle stap so kraal se kant toe en daar kom ou Dissel met die hoogste nood voor die dag.

„Toiings, moenie vir my dit verkwalik nie. Jou tant Bet reken nou 'n man mag nie voetbôel speel nie. Toiings, weet jy, ou swaer, dat ek nog elke mets gesien het wat hulle gespeel het. Maar Bet weet nie daarvan nie. Nou voel ek so, Toiings, dis my plig as ouderling om jou te waarskou, maar vanmiddag kan jy maar oplet jy sal my ook daar sien. Jou tant Bet weet nie daarvan nie. Ek hoor jy speel ook, Toiings?"

„Ja, oompie Dissel."

Die ou is glad opgewonde. Reken nou dat sy agterkleinneef ook speel! Vanmiddag sal die wedstryd vir hom 'n nuwe betekenis hê.

„Maar hoor ek is bly, Toiings. En waar speel jy nogal, ou swaer?"

„Senter, oompie Dissel, senter."

„Vat so, Toiings, vat so!"

„Dankie, oompie Dissel."

„Nee wat, nie te danke nie, Toiings." Ou Dissel hurk hom neer neffens die kraalmuur want hier braai die son lekker. Toiings kry hierdie oompie van hom sommer baie, baie liewer. Hy weet nie waarom nie maar elke dag voel hy meer getrek na die oompie Dissel. Die oompie Dissel oordeel 'n man ook nie onnodig nie, hy verstaan altyd en soek maar verskonings al weet hy ook jy stap verkeerd. Dis nou 'n Oompie wat 'n mens sommer alles voor kan sê.

„Oompie Dissel, Oompie sal miskien snaaks dink van my omrede ek nou so aangaan, maar Oompie sal eendag verstaan. Miskien eendag eers as tant Bet-goed nie meer daar is nie. Dis ook nie vir my lekker om so rof aan te gaan nie en netnou het ek baie aardig geword toe oompie Dissel so praat. Dis waar. Ek is diakent en 'n diakent mag nie so maak nie. Daar is Dawid ook. Watter voorbeeld is ek nou vir hom, oompie Dissel? . . . Maar dis sommer of 'n mens niks traak nie, verstaan, oompie Dissel?"

„Ek verstaan, Toiings. Dis mos baster of jy 'n slag skoon beduiweld wil raak. Jy sal weer regkom. Toiings."

„Dankie, oompie Dissel."

Oompie Dissel raak ook sommer aardig. Hy grawe in die manelvoering vir die laaste stukkie rooispies. Dan hoor hulle sommer 'n groot lawaai wat altwee laat opstaan. Dis Rooiwal se span wat van die stasie kom met 'n koek kleingoed rondom hulle. Waar al die kleingoed so skielik vandaan kom, weet niemand nie, maar daar tou hulle nou agter Rooiwal se manne aan. Die span is alweer so jolig nes altyd. Sampie de Lot en Salmon loop heel voor. Op 'n streep volg die ander — Aspaai, Willem Ponna met sy ghitaar. Verus met sy groot bek, Petrus Slinger wat so kwaai heelagter speel en nog 'n hele sous. Willem Ponna slaan weer die ghitaar vanmôre kwaai. Hulle voel seker baie veilig oor vanmiddag

se wedstryd want die klomp sing of hulle betaal word. Eers is dit hul voetballied wat hul luidkeels sing.

O, die LilyWhites, die LilyWhites, die LilyWhites!
O, die LilyWhites —
Kom kyk hoe speel die Lily Whites!

Dan slaan Willem Ponna sommer weer oor na 'n ander lied wat op die oomblik nog meer gewild is.

Kom lê, kom lê my lam!
Kom lê, kom lê my lam!
As ek onder op die railway staan
dan kom my bokkie daar aan.
O! kom lê, kom lê my lam!
Jy moet die wit skoe-ne.

Met die verbystap af lokasie toe gewaar Verus die eerste vir Toiings en toe was dit klaarpraat.

„Jee, Salmon, kyk wie staan daar by oompie Dissel. Middag, swaer Toiings." Met die woorde draf Verus nader en 'n klompie van die ander ook.

„My op die alle wêreld Toiings wat maak jy hier? Is jy weer aan meidsoek? Onthou, Toiings, ons lus alweer 'n trouery."

Dis wat Toiings altyd uitwaans uit vies maak. Dink Salmon nou hy sal sommer trou net om trou trou is, of omdat hy wat Salmon is alweer lus voel vir 'n trouery? Maar hier is Sampie de Lot, Rooiwal se keptin.

„Toiings, vat so; hou vas my klou of ek kry die ritteltit. Ek sê kêrels vanmiddag kom Toiings mos vir ons tjeer. Of hoe sê ek, ou swaer?"

Maar dis oompie Dissel wat antwoord gee. Hy sien Toiings lyk baster verslae. Hy kan vir Sampie, van ou Vaaltyn de Lot, nie verdra nie.

„Toiings, speel self vanmiddag, Sampie. Hy speel senter."

„Hou vas my, Toiings, of ek slaan net hier neer. En jy speel vanmiddag, Toiings?"

Toiings bars hier deur die klomp en stap regop weg na hul stroois. Hy is so te sê blind van woede. Vanmiddag se middag speel hy hulle almal onder die grond in. Toe hy al 'n entjie stap, skree Sampie agterna: „Ou swaer, hulle sê vir my Drieka Wee van Eppenton is hier in Blikkiesdorp. Waar bly sy?"

Toiings stap hoog vies aan sonder om antwoord te gee. Wat lol Sampie nou om na Drieka te verneem. Drieka is glad te goed vir die Sampie de Lot.

Hoofstuk XII

DIE VOETBALWEDSTRYD

I

Die koms van Rooiwal se volkies het iets in Toiings opnuut wakkergeskud. Daardie swaer Verus van hom dink mos hy is wie! Stap seker nou die hele lokasie deur om vir almal te vertel dat hy wat Toiings is vanmiddag ‚voetbôel' gaan speel. Waarom kan hy die ander volkies met rus laat? Waarom is dit vir hom en Salmon nie snaaks dat Bakkies Spyker byvoorbeeld speel nie? So was dit nog altyd. Toe hy laat kind doop, maak Verus of ander mense ook nie laat doop nie, en toe hy met Griet die dag op Rooiwal trou, maak Verus of hy wie-weet-watter-se sleg is wat meidvat. Dis daardie slag wat 'n mens sommer na moor voel.

Toiings is aan aantrek of „tok" soos hy hoor Dampies dit noem. Die stewels is sommer 'n peutery. Wie kan dan los hardloop as jy ingeryg sit soos 'n bruigom. Oor die paar geel newwies sal Verus ook seker sy bek vol hê . . . Vooroor sit Toiings, nog met die een stewel in sy hand. Ander volkies . . . waarom is hy so aanmekaar gesit dat hy nie soos ander volkies is nie. Hy wens hy was soos Dampies of Daat Plakkies of al was dit dan maar soos Bakkies Spyker. Bakkies is nou wel skreelelik maar die ander laat hom tog met rus. Hy onthou baas Fanie het vanmelewe so 'n ou rooi bokooi

gehad en die wou die ander bokke ook nie met rus laat nie, stamp haar van die een kraalhoek na die ander. Hy is nes die ou rooi bokooi! Hy het altyd gewonder waarom die bokooi nie party dae onder die ander invaar en kleingeld van hulle maak nie, maar hy weet nou waarom. Hoe kan 'n mens nou as almal teen jou is?

Drieka . . . as sy maar net aan sy kant wil staan dan is die hele wêreld waterpas. Hy verlang na net een ou kansie om haar te vertel wat hierbinne omgaan, hoe rou sy hart voel . . .

Dan word hy haastig. Waarom nie? Drieka het self gesê hy moet vir Bakkies uitoorlê. Hy sal by oompie Olyn se huis aangaan en Drieka saamneem veld toe. Laat Verus nou maar sê net wat hy wil. Ja nee, dis dit. Hy het alweer oompie Sampie se raad vergeet . . .

Oompie Olyn sit langbeen voor sy huisie toe Toiings daar aangewaai kom. Dis nou al die derde man wat vanmiddag hierheen kom, dink ou Olyn. Seker oor Drieka weer.

„'n Middag, oompie Olyn."

„Middage, Toiings. Nee nee, Toiings, Drieka is nie meer hier nie. Dis mos vir haar wat jy wil hê? Ja nee, ek dog so. Eers Sampie de Lot, toe Bakkies Spyker en nou jy. Ek sal vir ou Klaas Wee van Eppenton die wete gee dat as hy nog sy tjent wil hê dan moet hy haar kom hale."

„'n Ja, oompie Olyn. Is sy met Bakkies Spyker weg, Oompie?"

„Nee, nee, Toiings. Jy en Bakkies is te stadig vir daardie geel klong van ou Vaaltyn de Lot. Sampie het haar hier kom skep."

„Ja, oompie Olyn. Nou ja, dan sê ek maar: middag, oompie Olyn."

„Wag net so 'n rukkie Toiings. Ken jy miskien 'n ou Booi Seland?"

„Booi Seland? Nee Oompie."

„Nee maar ek dag so."

Ou Olyn beskou Toiings baie aandagtig sodat hy self-bewus rondstaan, want die klere is ook maar vreemd vir hom.

„Die ou kom mos noumertjies hier aangesit en verneem na sy seun Frikkie wat hulle hier Toiings roep. Ja, ja, Toiings ek het ook so gedink. Ek dink toe — lieg ou Booi nou of lieg hy nie. Ek ken die ou al jare der jare en van toeka se tyd lieg die ou al so. Kan jy nog jou pa-goed onthou, Toiings?"

„Nee oompie Olyn. Ek kan net onthou dat ek in die Vlak by baas Pieter grootgeword het en later by baas Fanie Naudé op Kareeplaas."

„Nou maar, Toiings, dan is dit jou eie, eie pa, hierdie einste ou Booi Seland. Hy vertel my mos toe hoe baas Pieter jou aangeneem het voor hy en ou Hessie, Jurmen'Wes toe is. Toiings, dan het jou pa uiteindelik uitgekom."

Hy weet nie waarom nie, maar dis vir Toiings of hy hier 'n onheil staan en aanhoor. Baie dae het hy al gewonder watter mense sy pa-goed nou eintlik is, en oompie Olyn se woorde is nie gerusstellend nie. Wie weet miskien sal hy nou uitvind waarom hy so 'n deurmekaar hotnot is, waarom die ander volkies altyd vir hom afjak. Ou Olyn hou daarvan om slegte nuus aan te kondig en hy wil volle gebruik maak van hierdie geleentheid.

„Truida," skree ou Olyn agtertoe vir sy ou meid, „hoe het ou Booi nou weer gesê? waar het hy eerste van sy tjent gehoor?"

„Op Rooiwal, Olyn. Hy sê op Rooiwal het hulle hom van so 'n danige hotnot vertel."

„Nou, Toiings, nou lê hy op jou spoor en jy moet maar net wakkere loop."

„Hoe meen, oompie Olyn?"

Nou kry ou Olyn eers regtig lekker. Nou sal Toiings eers

hoor waar hy uitgekruip het. Dis glo ook maar goed dat Toiings nooit sy pa-goed geken het nie.

„Nee maar, ou swaer, dis 'n snaakse ou man die pa van jou. Van toeka se tyd lewe hy al so sleg met ou Hessie, jou ma. Die ou suip ook so baster baie. Dan, Toiings," en nou verlekker ou Olyn hom in die nuus, „ou Booi Seland, jou pa, is met die helmet gebore. Hy sien die voorbodes. Ja nee, dis vreelik as die ou die slag die voorbodes sien. Onthou jy nog Truida, daardie dag op Steenkampspoort?"

„Nog soos gester, Olyn."

„Toiings, daardie pa van jou kry net een ruk op sy maag en dan weet die ou dis voorbode se kind."

„'n Ja, oompie Olyn."

„Ja, en nou wil ek mos gaan sê die pa van jou sal alles wat jy het, uitsuip, as jy nie wakker loop nie. Truida, hoeveel borrels withond was altyd die ou se taks?"

Maar Toiings luister nie meer nie. Het hy tog maar liewers nooit Blikkiesdorp toe gekom nie. Hy was altyd dood- en doodgelukkig sonder 'n pa. Waarom moet dit so wees . . . Waarom was oompie Dissel nie liewers sy pa nie? Nou moet ou Booi hier aankom net dat Verus weer moet lekkerkry, die ander na hom moet wys.

„En waar is . . . oompie Booi . . . ek meen pa-goed nou?"

„Hy moet so omtrent nou by ou neef Dissel se stroois wees. Sien ek het hom gesê hy sal tjent en kleintjent daar kry. En wat moet ek vir Drieka Wee sê?"

„Niks nie, oompie Olyn."

„Ja-nee, Toiings, ou Klaas Wee van Eppenton is 'n baie hoogmoedige man, en hy ken ou Booi Seland baie goed. As ou Klaas weet een van ou Booi Seland se hotnots loop by Drieka, sal die ou die duiwel in wees."

Maar Toiings gly al 'n hele ent. Hy is eintlik haastig om by oompie Dissel se stroois te kom. Sy kwansuise pa sal

seker daar wees. En Toiings voel 'n wrok teen die pa van hom wat nou alles sal bederwe, en wat seker oorsaak is dat hy so 'n onmoontlike hotnot is. Van ver af sien hy sy pa staan. Nes hy gedink het. Daardie ou wat daar neffies oompie Dissel staan, is 'n slegte hotnot, is nie soveel werd soos oompie Dissel se velskoene nie. Die baadjie is oor sy skouer gegooi met die moue voor sy bors geknoop, terwyl die broek toutjies hang. Dan val Toiings hom by waarom die volkies hom die naam gegee het. Vroeër was hy net so aangetrek maar toe was hy klein en baas Pieter sorg nie vir 'n mens nie, dis die wat hy daar weg is. Is alles dan teen hom? . . . Hier op Blikkiesdorp het hy nou 'n kans gehad om ook soos ander behandel te word, maar nou moet sy pa hier kom opduik.

Oompie Dissel voel die gewigtigheid van die oomblik. Hy byt 'n ekstra groot slaaitjie rooispies af, steek sy hande onder die manelpante in, om Toiings so af te wag. Daar is jammerte in sy hart vir Toiings. Hy wou hom nooit van sy pa vertel het nie want hy is sommer 'n vuilgoed.

„Toiings, dis nou jou ta hierdie."

„Middag, Frikkie, my seun. Ek sê nou vir ou swaer Dissel dat ek nie geweet het of ek jou weer by die lewe sal sien nie."

Ou Booi Seland knip-knip sy oë en vee iets weg. Dan dink hy aan sy vrou, Hessie, wat hy sommer so laat staan het, maar besluit dat Toiings daar niks van hoef te weet nie. Kort-kort laat hy sy ou vrou so in die steek.

„Jy wonder seker waar is jou ma-goed, né? Ai dis waar, die maag van my. Swaer Dissel, jy ken mos die maag van my. Verlede maand kry ek weer so 'n ruk op my maag en toe sê ek — dis doodstyding daardie. Frikkie en daardie einste aand skop ou Jakob Regop se donkiemerrie jou ma bokveld toe."

Weer vee ou Booi iets uit sy oë uit maar ou Dissel, wat hom goed ken, weet dis pure aansittery.

„Frikkie, en toe dog ek so. Ek sal jou maar opsoek want ek hoor mos toe die mense sê jy gaan so goed aan. Glad al twee meide gehad."

Dit verbaas ou Booi darem dat die seun van hom nie eers bly is om sy pa te sien nie. Bly net met sy oë op die grond. Die inligting wat hy daar in ‚Jurmen'Wes gekry het, was glad anders.

„Frikkie, — nee wag ek moet ook maar begin Toiings sê. Nou ja, Toiings, die ou maag van my wil ook nie meer nie. Ek sê nou die aand vir ou neef Giel daar op Verkeerdevlei. Ek sê: Giel, sê ek, die maag van my wil darem nie meer nie. Dis nog net 'n alsie wat vir hom help en as ek die voorbode kry wil glad niks help nie. Toiings, jy het nie so 'n lekseltjie hier nie? My maag begin alweer sulke snaakse rukke gee."

Toe brand Toiings darem los. Die haat wat hy teen Salmon, Verus en die ander voel, bars nou los bo ou Booi. Dis vir Toiings of die wese wat al die onheil oor hom laat kom het nou hier voor hom staan.

„Nee, nee! Dis ook die wat ek so swaar kry. Dis omdat ek so 'n pa het. Alsie! . . . oompie Vaaltyn het my alles van pa-goed vertel. Hy sê oompie Klaas Wee van Eppenton sal nooit so 'n man soos ek wil hê vir sy dogter nie, en dit net omdat ek ou Booi Seland se klong is. Vir wat het pa nie in ‚Jurmen'-Wes gebly nie? . . . Pa kan ook glad nie hier op Blikkiesdorp bly nie . . ."

En met die woorde is Toiings weer weg. Hy stap sommer meganies, doelloos. 'n Halfuur daarna kry Saul, een van ou Domkrag Klip se kinders, hom en sê dat oompie Toiings nou moet kom, die spanne is al by die veld. Nou eers val dit hom by dat hy vanmiddag senter moet speel. Nooit het hy gedroom dat hy met soveel lus na die veld sal drawwe nie, die oë strak voor hom, elke sening gespan. Vanmiddag se middag gee hy nie 'n flenter om nie.

II

Dis nou darem vir jou 'n gedoente daar by die voetbalveld. Al wat kan loop, groot en klein, is daar. Dit is 'n rooiletter-dag in Blikkiesdorp se geskiedenis. Elke jaar speel die *Lily Whites* twee keer teen die *Never Sweats*, een maal op Rooiwal en dan weer op Blikkiesdorp. Vanmiddag is baas Willie de Klerk die „ref" soos hulle die skeidsregter noem. Hulle het hom ekspres gevra want Floors, hul vorige kaptein, kruip mos teenswoordig in Rooiwal se span in. 'n Mens kan nie meer op hom reken nie en vanmiddag se wedstryd is glad te belangrik want laas het Rooiwal hulle gewen, en dié slag wil hulle weer die paal haal.

Die fluitjie blaas. Rooiwal se span draf op die veld. Drieka Wee dans eintlik rond. Daar is vir haar nie nog 'n speler so wonderlik as Sampie de Lot nie. Sampie se bokramkuif krul vanmiddag so effens, blink van die olie. Hy waai vir Drieka toe hy die bal regsit. Dan stamp sy vir Sara aan en sê: „Sie! my bok! En hoe lyk hy vir jou, Sara?"

„Spiek fein, Drieka."

„He!" skree Tinkie, „kyk vir oompie Bakkies Spyker, Drieka, jy gaan maak dat Bakkies vanmiddag vir Sampie doodmaak. Kyk hoe loer hy vir Sampie."

Aan die anderkant van die veld stap oompie Dissel met 'n tou klonkies agter hom aan. Hy het nog sy manel aan. Die klonkies tou gewoonlik agter hom aan want hy kan so vreeslik opgewonde raak, skop elke keer as die spelers skop en lê met sy skouer teen die wind as hulle skrum. Dan kraai die klonkies soos hulle lag. Gelukkig is hy onbewus van hierdie belangstelling anders sou dit sy waardigheid skade doen. Vanmiddag stel oompie Dissel nog 'n keer meer belang in die spel want Toiings speel, en hy wou altyd iemand in sy familie hê wat voetbal speel.

Die spel begin. Toiings speel teenoor sy swaer Verus. Gou is die volkies daarvan bewus dat Toiings vir hom niks laat sê van Verus nie, dat die self vandag bang is asook dat Bakkies Spyker vir Sampie de Lot in die oog het. Dit vloek en raas op die veld. Kort-kort hoor jy vir Dampies Engels praat in die skrum. In die losskrum skop 'n mens maar of daar nou al 'n ribbekas voor is of nie. Dis dan wat Dampies so vreeslik Engels gesels.

Die volkies wil mal word van opgewondenheid. Daar is alle aanduidings dat dit vanmiddag 'n groot wedstryd gaan wees. Reeds het Bakkies Spyker al vir Sampie aan sy keel gegryp en Dampies vir Willem Ponna 'n skop gegee.

Toiings sien die volkies maar so vaag-weg. Vanmiddag moet hy sy naam maak, veral nou ou Booi hier is, anders sal Drieka nie van hom „noutes" neem nie. Dis Daat Plakkies se raad. Sorg net dat die meide eers „noutes" van jou neem. Hy het darem al gevorder, dink hy, want Tinkie, Bet, Sara en Fytjie neem al „noutes" van hom om nou nie eers van Anna Sysie te praat nie. Sy groot moeilikheid vandag is dat dit nou verseg is, maar hy kan die bal nie raak vat nie. Meer as een Afrikanerlammetjie het hy al flou gehardloop, en om tot agter daardie pale te nael is niks nie as 'n man net die dooie bal kan raakvat.

Daar is 'n vaste skrum. Die bal kom uit na Blikkiesdorp se agterlyn, eers na Noekies en toe na Toiings. Geluk bo geluk, die bal bly in sy hande, en al wat hy sien is hul pale. Maar dis 'n hele entjie. Hy nael vir al wat hy werd is. Oompie Dissel nael buitekant langs die lyn af. Die klonkies is op 'n streep agter hom aan. Veltman skree vir die ander: „Hêi! Kyk net vir oompie Dissel! Kyk waar swaai die manel net nie. Ramnas, daardie oompie Dissel van jou is nie 'n bietjie snaaks nie. Jee, Totjie, kyk vir die ou, kyk vir die ou." Met Toiings het hul net niks te doen nie.

„Loop, Toiings, loop laat jy so bars! Toiings, jy is deur, jy is deur! Moenie speletjies maak nie, klap sommer vir Petrus Slinger onderstebo. Loop, man, loop!" skree ou Dissel nou buite homselwe. Maar wie sê. Toiings en Petrus is altwee onder stof. Dis toe wat die ding plaasvinde. Die voorspelers is by en dis toe wat Bakkies Spyker vir Sampie in sy ribbekas skop. Die gort is nou gaar. Net een, twee, drie is die twee aanmekaar. Mnr. Willie de Klerk blaas die fluitjie maar dit help net niks nie. Van alle kante stroom die volkies nou toe, te bang dat hulle iets kan mis. Toe Bakkies Spyker sien dat hy gaan verloor, skree hy: „Laat my los, man! Ek steek jou met die mes." Dit sou ook stellig gebeur het, want hy het 'n mes al voor die wedstryd in sy kous gebêre, juis vir so 'n geleentheid, maar die ander volkies was te gou vir hom. Die twee is nou ook al rooi van die bloed en Sampie spuug iets uit wat na 'n tand lyk.

Met rustyd het hulle die twee verhelp so goed hulle kon. Rondom hulle staan die klonkies. Ou Dissel is vir die oomblik vergeet. Hy weer gee vir Toiings eenkant raad.

„Toiings, man maar jy speel sommer omgesukkel!"

„Ja, oompie Dissel."

„Toiings, kyk as jy weer hardloop en Petrus is voor dan maak jy of jy hiernatoe padgee, en dan spring jy sommer soheentoe. Sien, dan kan hy jou mos nie vang nie."

„O, ja ek sien nou, oompie Dissel. Oompie meen ek moet eers so spring en dan spring ek weer so?"

„Juistement, ou swaer."

„Ja, oompie Dissel."

„Man, hierdie mets wil ek vir geen geld ter wêreld mis nie."

„Dink oompie Dissel regtig so?"

„Ja, Toiings."

„Dan is ek bly. Dink Oompie nou rêrig ek speel omgesukkel?"

„Ja, Toiings. Jy sal nog jou traai vandag maak. Jy moet nog net jou traai ook maak."

„Oompie? . . ."

„Ja, Toiings?"

„Oompie, hoe dink Oompie nou. Sal die ander ook dink ek speel omgesukkel? Sal Drieka ook so dink, oompie Dissel?"

„Toiings, almal dink so. Ou Gert sê noumertjies vir my: ‚Hêi, maar die Toiings speel vandag dat hy sulke opslae maak!' "

„Dankie, oompie Dissel."

Vir die eerste keer voel hy vandag wonderlik gelukkig want oompie Dissel en ou Gert dink hy speel so omgesukkel. Ai! as Drieka darem vanaand vir hom ook so sê, sal hy net daar en dan vir haar vertel hoe lief hy haar het, of ou Booi Seland nou sy pa is ofte nie. Dit gee hom nou nuwe moed vir die laaste helfte van die wedstryd.

Hul draf weer op die veld. Nou is dit 'n heen en weer stoeiery, maar geeneen kant kan iets maak nie. Dit was 'n paar minute voor die eindfluitjie blaas wat die groot opwinding kom. In hul eie kwartgebied kry Toiings die bal in die hande. Vir Verus stamp hy sommer uit sy pad uit, en nou lê hy oop pale toe. Maar Petrus Slinger is 'n uithalerheelagter en is nie van plan dat die *Never Sweats* vandag moet wen nie. Dis nou wat oompie Dissel se raad so handig is, want dit was nou die minste van Petrus se gedagte dat Toiings iets van swenk sal weet.

Oompie Dissel gooi sy hoed in die lug, stamp ou Gert so byna disnis, gooi sy skouer weer wind-op, terwyl hy skree: „Dis 'n traai! Toiings het geskôr. Toiings! Toiings!!"

„Kyk vir oompie Dissel! Kyk vir oompie Dissel! Jee! so 'n swart hoed! waar waai hy nie!" Die klonkies, Baadjies, Totjie, Veltman, Saul en Ramnas stoei nou daar in die sand

rond want hulle is net so opgewonde, maar vergeet nie om vir ou Dissel uit te koggel nie. Hierdie spannetjie kleingoed is altyd bymekaar.

Toiings het die wedstryd vir Blikkiesdorp gewen. Dit voel die meide. Ai, dink Anna Sysie, as Toiings haar maar net vanaand na die dans wil neem! Sy weet nie wat Toiings makeer om al agter hierdie meid van Eppenton te stap nie. Kan hy nie sien dat sy „lak" by haar, Anna Sysie, baie beter staan as by Drieka Wee nie. Sy wil darem seker maak en sê net toe die lawaai minder raak: „Sie! die oompie Toiings speel darem vandag! Of wat sê jy van jou bok, Drieka?"

„O sie vir jou! Dis seker jou bok. Ons Eppenton se meide is uitsoekerig. Sampie is my bok. Hy is sommer 'n uitsoek-bok. Sie, sie! Kyk net hoe pronk hy as hy so draf! Jee, die Sampie de Lot darem!"

Dit laat Anna Sysie baie lekker voel. Hul streep nou af lokasie toe. Vanaand is die groot aand. Rooiwal se span gaan eers vannag laat met die trein weg maar voor dit gaan die volkies omgekrap dans. Die meide gaan nou vir hulle regtig uitdos.

'n Klompie klonkies tros agter Toiings aan. Die oompie Toiings het hulle nooit gedink kan so woes speel nie. Hulle stoei nog onder mekaar. Totjie gee voor hy is oompie Toiings en die ander moet hom probeer keer. Maar watwou! Hy is net gou onder stof.

Toiings kyk daar waar ver teen die rooi berg vas. Sy planne is agtermekaar. Net vanaand dam hy vir Drieka Wee by as hy maar net 'n kansie kry.

Die son gooi sy laaste strale teen die kruin van die rooi berg. Hier kom 'n paar agterosse nog van die veld af, daar gunter hang 'n lui stoffie waar die volkies langs geloop het terwyl in die lokasie self 'n ongewone bedrywigheid heers. Dit was 'n groot „mets" gewees en gaan behoorlik afgesluit word.

Hoofstuk XIII

MAATS

Die Dissel-span is aan eet. Ou Booi Seland het ongenooi by ou Dissel se stroois intrek geneem. Hy is dan nou tog te bly om sy seun weer te sien, en soos hy vir ou Bet die agtermiddag duidelik gemaak het, verwag hy nog nie dat sy seun hom noual lief sal hê nie. As Toiings net weet hoeveel dae hy vir ou Hessie gesê het: „Hessie, ek verlang die seun van ons darem regtig baie. Kom ons skep die vaalstreep na hom toe."

„Maar julle onthou mos vir Hessie. Sy is 'n mens as haar kop nie vir 'n ding staan nie dan doen sy dit nie. As sy darem moet weet hoe 'n goeie man ons klong geword het! . . .

Die ou suie die murgbeentjie knaend. Dit lyk vir hom of hy nie hier veel sal uitrig met sy voorbode-stories nie. Ou Dissel maak of hy nie eers hier is nie, ou Bet praat met net Dawid of Jannetjie terwyl Toiings soos 'n nors bul daar sit.

„Toiings," sê sy tant Bet, „bly jy vanaand by ons?"

„Nee, tant Bet. Ek het die ander manne belowe ek sal daar wees."

„Toiings, weet jy dat jy nog nie een aand by ons gekuier het nie? Ek het nogal vir Jannetjie gevra om by ons te kom bly solank as jy hier is. Dan is jy nie so allenig nie, maar elke aand is jy weg."

Jannetjie laat haar kop sak. Ou Bet dink as Toiings net sy oë wil gebruik, sal hy al lankal gesien het hoe laat dit is. Jannetjie se oë volg Toiings altyd oral in die stroois rond, en sy is te bly as hy maar net wil gesels. Wat peuter hy aaneen by die Drieka-meid. Kan hy nie sien dat Jannetjie skoon nes Siena, en Drieka sommer so 'n sleg soos Griet is nie. Sou Toiings werklik anders wees as vroeër? Ou Bet kan dit nie glo nie, want sy het daardie verlate kyk in sy oë al gelees veral as hy so bitter onrustig is. Sou hy nooit meer aan Siena dink nie? Sy het gedag hy sal haar nimmer as te nooit vergeet nie. Maar ou Bet weet maar net nie. As Toiings so onverskillig lyk — dis dan wat hy so vurig na liefde en geluk verlang.

Dis of Toiings nie eers weet dat sy met hom gepraat het nie. Hy sit sy blikbeker neer en stap na sy skerm om hom uit te dos. Hy grawe sy beste baadjie en die wit-gespikkelde onderbaadjie uit sy koffer uit en trek dit aan. Soos hy daar staan, kan hy die ligte van die saaltjie sien brand, kan hy die volkies sien in- en uitgaan. Vanaand gaan hy vir Drieka bydam en nie later as vanaand nie.

„Toiings, ek wil regtig hê jy moet vanaand hier bly. Ek ken Blikkiesdorp se volkies sulke aande. Ek was baie hartseer toe Bakkies Spyker-hulle nou die aand vir jou huis toe moes bring. Dawid begin ook al groot word en sal een van die dae kan verstaan." Ou Bet het Toiings agtervolg. Sy voel van altyd af soos 'n moeder oor hom en dink aan haar eie kinders wat nou al die wêreld in is. Dis of sy vanaand by haar eie seun pleit. „Toiings, ek het jou nog nooit van jou ma vertel nie. Sy was altyd 'n dierbare meid. Bolangs skel sy, maar dis sommer maar se dinge. Sy moes dit doen om haar ou man reg te hou. Ek wens sy was vanaand hier . . ."

„Het tant Bet-goed haar geken?" Daar is 'n ruk in sy asem wat ou Bet moed gee.

„Ons het saam grootgeword, Toiings. Haar pa was 'n agterkleinneef van my ou man. Dis haar pa wat hulle almelewe ou Daantjie Baadjies geroep het. Die ou Daantjie Baadjies was 'n dierbare man en sy aard na hom. Almal was lief vir ou oompie Daantjie. Toiings, hy kon geen kwaad in 'n ander sien nie en dis die wat hy vir Hessie met ou Booi Seland laat trou het. Toiings, jy kan bly wees dat jy so 'n ma gehad het."

„Ja, tant Bet. Ek is bly, Tante. Dink tant Bet nou regtig ek is uit 'n goeie famielje, van my ma se kant?"

„Ja, Toiings. En sommer uit 'n eersteklas familie."

„Ek is bly, tant Bet. Maar . . . maar dan hoef Drieka mos nie skaam wees om met my te trou nie. Dink tant Bet sy hoef haar vir my te skaam?"

„So nooit as te nimmer nie! Daardie meid kan in haar hande klap as sy so 'n ordentlike man kan kry."

„Ai, dankie tog, tant Bet."

„Het jy haar dan so lief, Toiings?"

„Ja, tant Bet. Nou ja, dan sê ek maar: nag, tant Bet."

„Nag, Toiings."

„Ja dankie, tant Bet."

Hy draf eintlik om by die saal te kom. Dis darem goeie nuus. Sy ma was 'n eersteklas meid. Laat ou Booi, sy pa, nou maar net so sleg wees soos hy wil, maar Drieka hoef nie vir sy ma skaam te wees nie. Vanaand sal hy die eerste kansie vat om Drieka van sy liefde, van sy ma en van sy pa te vertel. Nee, hy sal niks wegsteek nie.

Toiings sou die aand uitvind dat die genade vir 'n kansie op so'n aand maar skraal is.

Buitekant die saal moes hy deur 'n klomp meidjies en klonkies beur om binne te kom. In die middel, teen die muur aan, sit die orkes — Willem Ponna met die ghitaar,

Dampies met die ramkie en Wildskut met die konsertina. In die bo-hoek sien hy 'n kaart met ‚Refreshments' daarop geskrywe, en daar staan Bakkies Spyker, met 'n verband om sy kop, Petrus Slinger, Aspaai en nog 'n paar ander.

Die dans het al begin. Die volkies draai die meide dat hulle net hier en daar grondvat — Verus en Salmon natuurlik alweer op die voorpunt. Verus is juis besig om vir Tinkie die „Skip-and-jump waltz' te leer. Fytjie, Anna Sysie, Kleinding en Sara wil dit ook leer want Verus verseker hulle dis al wat hulle nou in die Koueveld dans. Eenkant dans Sampie de Lot en Drieka Wee. Met 'n verwronge hart sien Toiings hoe haar arm om sy nek is en hoe hy haar op die draaie eintlik optel van lekker dans. Elke keer as hy by die bopunt kom, skree hy: „Weglê! jou kleinmeid!" Die ander moet dit mooi vind want hulle lag of hulle betaal word. Gou weet die ander meide ook dat Sampie vanaand net vir Drieka „fensie".

Die volkies soos Dampies, Sampie, Aspaai en Willem Ponna het pal die mode as die orkes iets lekker speel om dan saam te sing. Dan dans 'n man lekkerder. Sulke tye staan Willem Ponna op om die ghitaar beter te kan slaan. Doodbedaard is Wildskut weer. Op en af gaan sy regtervoet soos hy maathou, maar Dampies, die galant, speel eintlik kop as hy die ramkie slaan. Dan is die kop op die bors, die lyf vooroor gekrom, maar aanstons gooi hy sy kop skuins agteroor van pure lekkerkry. Voor die deur, in die kol lig, trap die klonkies die askoek terwyl hulle weer, as hulle die wysie ken op tipiese wyse akkoord fluit.

Nou dreun die wysie van die jongste lied, deur Willem Ponna in die Warm Bokveld ingesamel, op die naglug. Gou vang die klonkies dit op en fluit saam; ander probeer weer die woorde vang. Dis wat hulle hoor, en so het hulle dit ook geleer om die volgende dag oor en oor te sing:

„I put my face in enamel.
I put my eyelids straight —
A stick-up collar and a watch and chain.
I do, I do, I do!
for the morning afternoon —
I wish I was a white man —
Steady with a black boy skoen."

Dan stap die span maar weer die welbekende wysie af. Verus wil wys dat hy ook iets ken en sing:

O die vaalbaadjie-klong!
Dis 'n doodlekker klong!
Klippiesdal se meide is so mal agter hom!
Neem my saam met die vierwiel-wa
Neem my saam as jy huis toe gaan,
Die vaalbaadjie klong!
Dis 'n doodlekker klong!
Klippiesdal se meide is so mal agter hom.

„Dis reg Dampies, ja hom aan! Moker die snare! Watwou!"

Dis Helmet wat so skree. Vir hom gaan die ding darem nou alte lekker. Dis vir hom of hulle dit van hom sing as hy Mieta so opdraande gee. Hy het mooi gesorg dat sy vrou vanaand met die ‚refreshments' moet help sodat sy hande los kan wees. Ja nee, nou moet die ander meide les opsê.

Die klompie klonkies by die deur laat ook niemand met rus nie. Skaars het hulle gewaar dat Petrus Slinger nie dans nie, of hulle steek vir Ramnas op om hom te trotseer.

„Oompie Petrus, waarom dans jy nie?" skree Ramnas binnetoe. „Oompie, jy wat voelbek speel! Waarom skep



„Vir Verus stamp hy sommer uit sy pad uit, nou lê hy oop pale-toe."

jy nie vir tant Sanna-goed nie? Kyk hoe staan hulle daar teen die muur."

Abraham Jollie verwilder hulle 'n slag daar, maar skaars is hy weg of hulle begin weer.

„Jee, kyk daar vir oompie Toiings. Saul, kyk daar. Dit lyk mos kompleet of die ou kruiwa stoot soos hy vir Fytjie weg van sy lyf af hou. Swaai die meid, oompie Toiings, swaai die meid! En kyk vir Verus! Hy het mos die ware bokramkuif vanaand. Sie! Sie!"

Bakkies Spyker dans nie vanaand nie. Die plekke aan sy kop is nog so 'n bietjie seer, en dan dans Sampie ook gedurig met Drieka. Nou boer hy maar by die ‚refreshment'-tafel. Kort-kort skink Kleinding maar weer sy glas vir hom vol. Soos een na die ander glas wyn verdwyn, raak sy jaloesie minder om net gou heeltemal te verander in 'n soort van liefde en agting vir sy mededinger, Sampie de Lot. Die Sampie is darem vir jou waarlikwaar 'n baie lekker kêrel. Daar het hy hom nou vanmiddag so byna met die mes gesteek — maar dink jy hy gee om! Nooit nie! Sit sommer netnou sy hand om sy nek en sê: „Ek is sorrie, Bakkies, dat ons vanmiddag gefaait het. Ek is wêrie sorrie, ou swaer." Vir Sampie sal hy enige tyd sy bok afgee.

Toiings weer het eers 'n bietjie gedans en vir Drieka dopgehou, maar nou sien hy 'n mens sal vir Drieka vanaand nie te sien kry nie. As Sampie vannag eers met die trein weg is, sal hy vir Drieka huis toe neem en dan sy storie gesels. Wat hom nog in hierdie besluit gesterk het, is die feit dat Drieka vir hom noumertjies met die hand gewaai het. Nou voel hy gerus. Hoekom sonder sy hom alleen uit vir die eer? Hy sien nie dat sy vir die ander manne waai nie. Toe hy weer by haar verbydans sê hy: „Drieka, ek stap saam met jou van die steisjun."

„Olraait, Toiings," sê sy, en toe voel hy gerus. Al sy

lus vir dans is sommer weg met die gevolg dat hy maar na Bakkies Spyker stap.

„Swaer Toiings, jy is die man wat die mets gewen het. Sê net waarvan jy wil drink. Kleinding, skink gou vir Toiings."

„Dankie, Bakkies. Dankie, Kleinding."

Die twee gesels nou baie lekker. Instede dat daar antagonisme is tussen die twee openbaar 'n gees van kameraderie hom. Die spel kom weer op die lappe. Vir Toiings is daar sommer baie strydvrae wat Bakkies seker kan beantwoord. Hy kan nog nie bra verstaan waarom hulle meen dat hy die „mets" gewen het nie. Bakkies se lofuitinge en Kleinding se gulhartigheid maak Toiings se tong al losser en losser. So met die glas in die hand onderrig Bakkies hom.

„Sien Toiings, ou swaer, ek dink ons gooi vir Bantam maar heeltemal uit die tiem. Ek het vir die kêrels gesê: ‚ek sê, kêrels, die Bantam is te selfies. Ons moet vir Toiings insit. Die man sal gou leer'."

„Ja, Bakkies. Bakkies, en wat is selfies weer?"

„Selfies! Selfies? Jy meen selfies, Toiings? Dis wat jy wil weet?"

„Juistement, Bakkies."

„Kyk, ou swaer, selfies is as 'n man nou die bôel het . . . jy wou mos geweet het wat selfies beteken né?"

„Ja, Bakkies."

„Nou ja, kyk jy het die bôel en ek sê vir jou, paas! maar jy wil nie paas nie. Dan sê ons 'n man is selfies."

„O, ek sien. Dis nou soos vanmiddag toe ek die bôel het, hardloop ek en ek paas nie . . . Maar, Bakkies, dan is ek mos ook selfies."

„Nee, maar kyk, Toiings, jy het mos toe 'n traai gemaak, en dan, of jy nou al paas of nie, maar dan is jy nie selfies nie."

„Dankie, Bakkies. Jy sê dan ek is nie selfies nie?"

„Glad nie, ou swaer, glad nie. Nog 'n glasie vir ons, Kleinding. Toiings en ek is dors van die speel."

Hul dors moes glo baie groot gewees het want die twee drink regtig. Bakkies voel vanaand of hy geen vyand ter wêreld het nie. Hy sien Toiings boer ook by Drieka Wee, so moet hy hom dan maar gerusstel. Toiings is 'n baie gawe man, nog gawer as Sampie de Lot en waarom kan hy nie vir Drieka kry nie. Hy, wat Bakkies is, wil haar nie hê nie as ander haar begeer.

„Toiings, ek sien jy lief die Eppentonse meid ook. Dis nou my bok maar as jy haar wil hê, Toiings, kan jy haar maar kry. Dis nou van my, maar as 'n ander man my bok wil hê, kan hy haar kry."

„Jy het haar nie lief nie, Bakkies?"

„Nee, man. Daar is Sampie nou. Ek sê netnou vir hom: ‚Sampie wil jy die meid hê? Nou ja, daar is sy.' Maar ek dink jy is 'n beter man as Sampie en daarom sê ek: vat haar, man."

„Dankie Bakkies . . . Jy weet, ou swaer, jy is vir my 'n baie wonderlike man. Toe ek hier op Blikkiesdorp kom toe dink ek — nee, maar met Bakkies Spyker sal ek nooit klaarkom nie."

„Jy sê dit nie, ou swaer."

„Ja-nee, jong, dis die reine waarheid. Maar nou! Ek dink daar is net een man beter as jy en dis oompie Dissel."

„Dis darem snaaks dat ek en jy, Toiings, sulke frents geword het. Ek dink die manne verstaan jou nie altyd nie."

„Dankie, Bakkies."

„Nog 'n lekseltjie, Toiings. Nee, man, moenie nou al hendsop nie. Ek het nog nie eers begin nie. Komaan! man, nog 'n drop."

„Nee nee, ou swaer. Kyk, ek het vir Drieka gesê dat ek met haar saam stap van die steisjun af . . ."

Die gaste gaan al. Oor tien minute vertrek hul trein Rooi-

wal toe. Bakkies staan hand om die lyf met Toiings, en neem nog die laaste alsie van die aand. Vir Sampie het hy eintlik om die nek, vertel hoe spyt hy dan het dat hulle nou al moet gaan en of Sampie dan ook nie „sorie" is nie. Nee, nee, hy en Toiings sal netnou „steisjun" toe kom, nog net hierdie skinkseltjie en dan kom hulle. Hulle het vanaand maar eers agtergekom watter goeie „frents" hulle is en nou drink hulle dit eers af.

Instede dat Toiings sy bestelling met Drieka hou, het die drank hom dit heeltemal laat vergeet. Lank na die lokasie alweer stil is, die trein weg, Drieka in die stroois, staan Bakkies Spyker nog vir Toiings en beduie wat dat 'n skrum nou eintlik is, dat „voelbek" niks met jou bek te doen het nie, en wat „ofsaaits" is.

Hoofstuk XIV

DAWID SE SIEKTE

Toe Toiings die volgende môre wakkerskrik, kan hy eers nie bra verstaan waarom hy dan langs Bakkies Spyker lê nie. Daar is ook so 'n nare gevoel in sy kop, amper asof dit nou vol water is en dan weer skielik leeg. Stadigaan begin die gebeure van die nag hom byval. Haastig staan hy op sonder om vir Bakkies wakker te maak en stap net so haastig na ou Dissel se stroois. Hy het 'n snaakse voorgevoel dat alles daar nie pluis is nie. Is oompie Dissel straks nie af nie? Nee maar, wat makeer hom dan nou! Waarom sal oompie Dissel dan nou juis af wees. Ook val dit hom by dat hy gisternag sy voorgenome plan nie uitgevoer het nie.

By ou Dissel se stroois sien hy heers 'n ongewone bedrywigheid. Tant Bet hardloop van die kookskerm na die stroois, oompie Dissel stap heen en weer met sy hande onder die manelpante versteek, en sy pa wys maar aaneen soos hy praat. Die ou begin ook van ver af met Toiings praat.

„Toiings, waar was jy die hele nag. Ons soek jou oral. Ek sê gisteraand vir jou oompie Dissel-goed dat die ding nie pluis is nie. Reken ek kry mos gisteraand, na jy weg is, sommer so 'n ry rukke op my maag. Toe sê ek ja nee, Dissel dis weer doodstyding. En jou waarlikwaar vannag sal Dawid so ernstig siek word . . ."

„Dawid?" val Toiings hom in die rede. „Waar is Dawid?"

„Op die naat van sy rug — daar in die stroois. Ons het jou vannag gesoek, maar kry is min. Ons dag Dawid sal dit nie tot die môre maak nie."

Nog baie ander dinge weet ou Booi nou te vertel. Hoe seker hy gisteraand was dat iemand gaan siek word en dat die voortekens wat hy kry altyd op dood uitdraai. Maar Toiings is al lankal in die stroois en sit op sy knieë langs Dawid. Die se oë bly maar toe en sy asempie jaag. Dis doodstil nou. Ou Bet en Jannetjie roer nie een nie. Ou Booi en oompie Dissel staan in die ingang. „Dawid!" fluister Toiings en dan weer harder „Dawid!"

„Moet hom nie hinder nie, Toiings," sê tant Bet as sy hom aan sy skouer aanroer dat hy maar moet opstaan. Asof hy nie weet wat aangaan nie stap hy buitentoe. Daar neffens sy karretjie gaan hy sit. Hy kyk op as oompie Dissel voor hom kom staan, en sy oë hou weemoed soos die wat 'n mens soms in 'n redelose dier se oë sien. By hom is daar glad geen twyfel nie. Hy weet hy sal Dawid moet afgee omdat hy so roekeloos gelewe het. Dis sy verdiende loon. Dis sy en Siena se kind . . . Hoe was sy lewe nie van Siena van hom af weg is nie. Dis ook niks minder as reg dat sy Dawid van hom sal vat nie. Hy sou ook maar so gemaak het. Hoe lank is dit nie al wat hy drink en dans en swets nie . . . Dawid! sy Dawid! Hy het dan gedag Dawid is nog maar klein, daar is nog baie jare voor wat hy Dawid kan opvoed, saam met Dawid oor sy ma kan gesels. Dawid moes vir hom die lewe soet gemaak het en nou lê Dawid daar met die lippies so warm en droog . . .

Oompie Dissel sien hoe daar druppels op die grond tap soos Toiings so kop onderstebo sit. Sy gemoed skiet self so vol dat hy daar na die kraal se kant toe kyk.

„Oompie Dissel! . . ."

„Ja, Toiings?"

„Wat makeer Dawid?"

„Inflammasie, Toiings."

Toe weer die stilte. Oompie Dissel wil Toiings nou nie troos nie want wat sal hy dan ook sê. As Dawid maar woelig was, maar hy lê so stil . . .

Ou Booi Seland staan nader. Dis vir hom of Toiings en Dissel glad nie die ernstigheid van sy voortekens besef nie. „Ja nee, Toiings, ek sê gisteraand vir jou oompie Dissel ek voel nou maar net souerig. 'n Man weet nie wie aan die pen kan ry nie. Eerste dag ek. Heedé! sê nou dis dalkies my seun Toiings wat aan die pen gaan ry . . ."

„Oompie Booi, laat staan jou geselsery en gaan soek vir ons nog 'n kat. 'n Katvel is nog al wat 'n bietjie help." Ou Bet voel dat Toiings ou Booi nou nie sal kan veel nie, en gevolglik stuur sy hom maar.

Na ou Booi weg is, staan Toiings ook op en verdwyn sonder om 'n woord te sê. Dit word middag, later aand en Toiings kom nog nie. Dawid maar bly aan yl, en dit lyk of die katvelle ook nie veel verligting gee nie. Jannetjie is die een wat trou by Dawid bly, partykeer met hom praat as hy rondrol. Haar hart gaan uit na Toiings. As Toiings maar wis hoe innig lief sy hom het, nie omdat hy nou so 'n wonderlike hotnot is, soos die volkies nou wil voorgee nie, maar omdat sy die Toiings in hom leer lief kry het waar oompie Disselgoed haar elke aand van vertel. Toiings sal natuurlik nou na Drieka of dalkies Anna Sysie uitgedrywe word, nou dit so opdraande gaan, maar hy sal daar tog nie troos kry nie.

Toiings is direk van die lokasie na die gannaleegte regs van die lokasie. In die skadu van een van die grootste gannas het hy gaan sit, en sy lewe in sy verbeelding weer oorgelewe. Die skadu van die bos was eers diekant en toe weer anderkant van die bos, en nog versuim Toiings. Snaakse gedagtes spook in sy kop. Wat is dit wat vir hom so agtervolg. Eers is dit Siena, toe Griet wat hy moes wegja en nou Dawid wat hy sal

moet afgee. want dat Dawid gaan sterwe, is by hom al 'n uitgemaakte saak. Nou ja, as Dawid dan nou moet gaan, sal hy van hierdie klokslag die rieme in sy eie hande vat. Laat Dawid dan maar gaan. Daar is ander, ander wat hom weer kinders sal gee. Drieka sal hom nie afjak nou Dawid so ellendig is nie. Dis dan die ook . . . Miskien moes dit so kom dat hy Drieka kan kry . . .

Vanaand sal hy vir Drieka bring dat sy vir Dawid kan sien, miskien kry sy vir hom jammer, en dan sal hy haar vertel wat hierbinne aangaan. Nou hy die besluit neem, voel hy vir die eerste keer dat hy ellendig honger het en dat dit laat begin word. Hy sal maar gaan hoor hoe dit met Dawid gaan, 'n stukkie eet, en dan na Drieka gaan.

Ou Bet was vir hom glad nie lekker toe hy daar aankom nie, maar hy is so besig met sy eie belange dat hy nie aan haar dink nie. Al wat hy sê is: „Nee, maar dan is ek bly as Dawid nie erger is nie." 'n Ander man, dink ou Bet, sal tog nag en dag by sy kind bly. Dis mos nie soos sy gewoonte is dat hy maak nie. Maar ou Dissel vertel haar dat Toiings se kop net na Drieka Wee staan en hoe gouer Drieka hom wil wegja des te beter, want wegja sal sy hom. Min weet hulle dat sy hart rou is en dat hy liefde moet hê. As Dawid dan moet gaan, soos hy nou seker van is, dan moet hy weer 'n vrou hê. Met Dawid maar sonder hom kan hy nie alleen gaan nie.

Hy sal nou maar vir tant Bet sy planne sê dan kan sy nog dingetjies regsit as sy wil. „Tant Bet, Drieka sal seker graag vir Dawid ook wil kom kyk. Ek gaan haar nou haal."

„Toiings," begin sy, maar ou Dissel spring haar voor. Die ou wil hê Toiings moet nou eenmaal koersvat dat hy kan regkom. Daarom sê hy gou: „Ja-nee, Toiings, bring haar man. Sy sal hom self graag wil sien."

Dit voel vir Jannetjie of sy vir Dawid kan veg soos 'n tierwyfie. Watter reg het Drieka dan nou kwansuis hier? Dawid voel vir haar nou al soos haar eie seun. Haastig verdwyn sy in die stroois.

Terwyl hy na ou Olyn se huisie stap wonder hy waarom tant Bet dan so teen Drieka is. Tant Bet ken nog maar net nie vir Drieka nie. Sy is 'n liewe meid en sal vir hom net so goed wees as Siena destyds was. Waar wil jy nou 'n liewer meid kry as sy? Daar is mos geen nodigheid dat sy van hom, 'n slegte hotnot, notisie hoef te neem nie. En tog lag sy altyd met hom. Sy sal dit waardeer dat hy nou na haar toe kom. Hy moes al eerder gegaan het. Ja-nee, dit was sy eerste plig teenoor haar. Sê nou sy verkwalik hom om hy nie al eerder by haar was nie . . . Dan? . . . Dan sal hy maar vir haar die gannabos gaan wys en haar van sy liefde vertel. Hy wonder of hy dit sal regkry as hulle nie by die gannabos is nie. Sy sal sommer ook voel hoe swaar hy gehad het.

Daar by ou Olyn is hy net haastig om hulle alles te vertel. Hulle weet darem al van Dawid se siekte sodat hy makliker gesels.

„Drieka, ek wil hê jy moet saam met my stap na Dawid toe."

„Oompie Toiings, maar sal die ding dan gaan? Gisteraand dans en vanaand soheentoe."

„Ek wil graag hê jy moet kom, Drieka."

So is hulle weg. Daar word nie gepraat nie. Vir die eerste maal voel Drieka dat sy niks met hierdie hotnot, wat nou neffens haar stap, te doen wil hê nie — hy wat heeldag en aldag met 'n nuwe ding voor die dag kom. Dan is dit 'n siek klong en dan weer dat. Ou Olyn het haar ook alles van sy pa-goed, ou Booi en ou Hessie, vertel. Gelukkig gaan sy oormôre „Eppenton" toe.

Daaar by Dawid het sy nie veel te sê nie. Wat makeer

Toiings om te dink 'n jong meid sal hom wil hê. Daar is mos sommer soveel bokke wat 'n meid vandag kan kry sonder die beslommernis van 'n kleinding. As Toiings miskien eenlopend was, nog jonk en „heppie" soos Sampie . . .

Hulle is weer buite. Hy sal haar nou na die gannabos vat en haar vertel hoe dinge met hom staan. Sy wil eers nie, maar, toe hy beduie dis net 'n klein entjie, willig sy in. Met die voetpaadjie waarmee die donkies altyd kraal toe kom, stap die twee nou. Drieka begin aardig voel en gesels die bang weg. Nou Drieka so gesels kom sy liefde vir haar so onstuimig by hom op dat hy haar hand vat en druk.

„Drieka, daar staan die bos waar ek vandag alles uitgedink het. Sien, Drieka, ek sal jou alles vertel, alles. Ek sal niks wegsteek nie."

Drieka voel dinge gaan nou verkeerd loop en maan Toiings aan dat hulle nou moet gaan.

„Drieka, jy is vir my die mooiste meid wat ek in my kennis het."

„Ag nee! Wat laat vir oompie Toiings dit sê?"

„Drieka, ek kon maklik vir jou gelieg het, maar ek sal nie. Ek is nie watterse hotnot nie. My pa is ou Booi Seland wat so sleg met sy vrou gelewe het, en wat drink en die voorbodes sien. Maar my ma — Drieka, vir haar hoef jy nie skaam te wees nie. Oompie Dissel sê my sy is een van ou Daantjie Baadjies se dogters en vir hulle hoef jy nie skaam te wees nie. Nou weet jy alles Drieka."

„Hoekom vertel oompie Toiings die dinge dan vir my? Ek dag oompie vry na Anna Sysie?"

Nou lê hy sy hart bloot. Hy is nie meer die hotnot wat so omgesukkel senter speel nie, maar die siekte van Dawid, die verlange na 'n opregte liefde het van hom weer die kind van die natuur gemaak. Sy hele wese snak na haar liefde. As die maan agter die koue wolkies uitseil, sien hy die mooi meid so

begeerlik voor hom staan dat hy die woorde moet sê: „Sien, Drieka, ek het jou lief en wil hê jy moet my vrou word." Hy staan nader en wil haar hand vat.

Toe lag sy darem! Hy dag sy gaan nie weer ophou nie. Miskien is dit omdat sy Dawid so siek sien lê het wat sy nou so senuweeagtig lag. Toiings verstaan nie. 'n Mens lag mos nie oor liefde nie. Wonderlik na aan Siena voel hy nou weer. Dis vir hom of hy hier met Siena gesels en soos hy by Siena sou pleit as hy moes uitvind sy het hom nie meer lief nie, so pleit hy nou by Drieka.

„Siena, Drieka, het nooit by my gekla nie. Sy het maar almelewe gesê ek is so goed vir haar. Ek sal vir jou net so goed wees." Nou word hy baie-baie ernstig. Dit is 'n nag vir liefhê, as die Karoolug so stil om jou is, hy so klein voel hier in die onmeetlike afstande. „Weet jy, Drieka, Siena het mos so baie van ghaap en kombro gehou. Daar op Kareeplaas is net sulke yslike tamaai ghape en elke aand het ek vir Siena 'n bos huis toe gebring. Dis darem lekker daar op Kareeplaas by baas Fanie. Jy hoef ook nie baie te werk nie. My vrou werk nie baie nie. Siena het net elke aand in die hek gestaan as ek die bokke melk. Sien die hansies sal sommer in die kraal inbars. Maar jy hoef dit nie eers te doen nie want ek het jou lief, Drieka."

Maar Drieka verstaan hierdie hotnot nie. Vir haar is dit net doodsnaaks dat oompie Toiings nou juis vir haar lief het. Sy sal dit tog vir die ander volkies vertel. Ander hotnots sê sommer vir jou — het jy 'n bok? Olraait! ek sal nou jou bok wees. Maar oompie Toiings weet nie hoe snaaks hy is nie.

„Die oompie Toiings darem! Vra Oompie al die meide so?"

„Nee, Drieka, maar jy is anderste as al die ander meide. Van ek jou op Rooiwal die eerste dag gesien het, was dit klaarpraat met my. Van toe af het ek nie rus gehad nie.

Daar op Kareeplaas het ek soos 'n gifsiekhond rondgeloop. Van ek op Blikkiesdorp is weet ek waarom. Ek het vir jou sommer baie lief geword, Drieka."

Nes hy vroeër eenmaal gebid het, staan hy nou. Die hoed het hy styf teen sy bors vasgedruk. Drieka het sy geluk in haar hande nes Siena dit eenkeer gehad het.

„Jee, oompie Toiings, en nou moet ek seker ja sê? Sie! op Eppenton vra die hotnots nie so meid nie. Wat het Oompie laat dink dat ek sal ja sê? Jy is te laat, oompie Toiings. Gisteraand het ek al vir Sampie ja gesê. Ons moet nou spore maak, Oompie."

Sonder versuim stap sy aan, peil sommer deur die gannaleegte reg op ou Olyn se stroois af. As Drieka al by die stroois is, staan Toiings nog op die einste plek, moedersielalleen. Dis of sy lyf laer en laer afsak nes een wat die slaap oorval. Sy hart is loodswaar. Doodstil staan hy, maar baie gedagtes deurkruis sy brein. Netnou was hy nog so hoopvol, nou is die lewe so leeg en koud . . . „Drieka!" Bang ontglip die woord hom. Dan kyk hy rond maar sy is daar nie meer nie. Alles — genot, hoop, liefde, is onder sy voete uitgeskop. Maar as hy Drieka se liefde nie kan kry nie dan moet hy Dawid behou. Dawid? . . . snaaks maar hy het sy siekte al skoon vergeet. Hy was agterlosig. Daar moes Dawid alleen met die siekte spook terwyl hy by die meide rond is. Dawid is dan al wat hy het! Stadig — soos leiwater deur losgrond aankruie — kom sy ou lewe en liefde weer by hom op. Dawid en Siena . . . Sy lê net onder die rooi grond maar is nog nie dood nie. Hy kyk na die sterre asof hy haar daar sou gewaar . . . Wat was hul kontrak altyd? Hy sal vir haar niks wegsteek nie, selfs na haar dood kon hy dit ook nie doen nie, en nou voel hy tog so diep ongelukkig. Waarom moet 'n mens so verkeerd trek om dan net so ellendig te voel want

„Dawid," fluister Toiings, dan weer harder „Dawid."

dis al wat jy daarvoor kry. Waarom sal hy vir Siena nog langer sy skande wegsteek . . .

Soos hy daar naas die gannabos staan, sak hy op sy knieë, hoed voor die bors en stort sy hart by Siena uit.

„Siena, ek weet jy kan my sien soos ek hier agter die gannabos kniel, maar ek is so ongelukkig. Ek het nie kontrak gehou nie. Van ek op Blikkiesdorp is, Siena, loop ek al agter Drieka Wee. Jy ken haar mos, Siena? Sy is oompie Klaas Wee van Eppenton se dogter . . . Vergewe my Siena . . . en Siena moenie dat Dawid sterwe nie. Hy is al wat ek nog het. Tant Bet sê hy het die inflammasie sommer baie kwaai . . .”

Nog meer het hy haar vertel. En met elke woord het die sielelafenis meer geword. Nou kan hy weer vir tant Bet, baas Fanie, en die ander ferplie in die oë kyk. Ja, en vir Siena ook. Hy het mos in die afgelope tyd nie meer boontoe gekyk nie.

Kalm en gereinig stap hy nou terug. Hy gaan Dawid nie verder verwaarloos nie. Hy gaan nou help nes Siena dit van hom sal verwag.

Hoofstuk XV

TERUG PLAAS TOE

Dis drie weke later. Toiings en oompie Dissel stap 'n bietjie kraal se kant toe. Dis hier wat hulle op hul lekkerste gesels en oompie Dissel voel aan sy lyf dat Toiings vandag sy hart wil leeg praat. So ken hy mos vir hom. Eers krop dit maar op en dit krop op tot hy dit nie meer kan hou nie, en dan word hy rusteloos. As hy so rusteloos begin word dan moet 'n mens met hom praat.

In die drie weke het Toiings 'n benoude tydjie deurgemaak. Van die aand dat hy en Siena weer die ding lekker uitgesels het, het hy pal by Dawid gebly. As Dawid maar net steun, is hy by, en wil weet wat 'n man kan doen. Naas hom kon jy altyd vir Jannetjie kry, 'n nuwe Jannetjie, want sy voel dat Toiings al sy nukke laat staan het. Ou Bet voel ook weer puur mens want dalkies sal hy nou na die kind van oompie Persent begin loer. Die drie was altyd by Dawid te kry — Toiings, Jannetjie en ou Bet. So dan en wan sit ou Dissel ook daar of miskien ou Booi Seland maar dié is maar 'n ou vabond en is meestal by ou Domkrag Klip, en dan suip die twee. Snaaks, Toiings wil nou nie meer 'n dronk jong sien nie, maar sy oordeel oor ou Booi is nou sagter want het hy dan ook nie vir Dawid weggesmyt nie? 'n Mens kan baie maklik versleg nes ou Booi Seland. Hy begin nou al selfs party aande met hom oor sy ma gesels. Hy wens regtig hy kon haar geken

het want as oompie Dissel sê 'n mens is goed dan moet hy goed wees. En tant Bet sê ook so.

Maar Dawid was maar die meeste in sy gedagtes, ja, en ook sy oorlede Siena. Hy gaan nou getrou bly aan hulle. 'n Mens kan ook nie agter elke meid wat jy sien aandrawwe nie!

Ja-nee, Dawid het hulle baie dae en nagte van bekommernis besorg. 'n Kat was later 'n skaars ding op Blikkiesdorp. Kort-kort moet hulle maar 'n katvel opsit en toe dit ook nie meer wil help nie, kry tant Bet die raad dat 'n brakhond se lewer dan nou kamta so 'n uithaler teengif teen ontsteking is. Sommer ook nie enige brakhond nie. Dit moet nou net juis een wees wat die gewoonte het om by sy baas te slaap. Ou Domkrag Klip is die enigste een met so 'n brak en aangesien hy en ou Booi sulke dik-dik vriende is, het die ou nie omgegee om die brak te laat doodmaak nie. Al was ou Domkrag dan ook die aand dronk, dit sê nou nie, dink Toiings, want 'n liefdedaad bly 'n liefdedaad. Met trane in sy oë het ou Domkrag daardie aand hom gesê: „Toiings, vir geen mens ter wêreld sal ek my brak gee nie, maar jou pa is 'n dierbare man en daarom sê ek, Toiings, ou swaer, daar is die brak, en mag die Heer die middeltjie seën." Toiings was so aangedaan dat hy oompie Domkrag gesmeek het om tog maar hierdie halfkroon te vat. „Nee nee, Toiings, so nooit as te nimmer nie! Jy is vannag die verleë een môre is ek weer," sê ou Domkrag toe. Maar die volgende aand het die ou die halfkroon kom leen. En toe hy daardie einste aand weer dronk is, verseker hy ou Booi dat hy 'n dierbare man vir 'n seun het. Hulle het tot laat daardie nag nog oor daardie dierbare seun gesels.

Die warm lewer het Dawid sommer begin regruk, sodat hy nou al sit en lag oor tant Jannetjie se stories. Jannetjie laat hom nou gereeld elke aand bid en leer hom nog baie

Halleluja-liedere, en as Dawid dit so oulik opsê dan kom die vog sommer in Toiings se oë. Dis wonderlik vir hom maar Jannetjie lyk vir hom kompleet nes Siena. Sy is net so 'n goeie meid ook soos Siena . . .

Daarom is hy vanmôre so bly toe oompie Dissel sê hulle moet so 'n bietjie kraal se kant toe staan. Hy sal oompie Dissel maar alles vertel. Maar by die kraal is hy skaam en ingetoë. Uiteindelik kry hy dit darem reg om te sê: „Oompie Dissel, 'n mens is 'n baie wonderlike ding."

„Ek weet, Toiings, ek weet. Ek het jou so gadegeslaan en toe kom die gedagte by my op dat 'n mens mos baster soos 'n donkie is. Jy weet, Toiings, ek het eenkeer so 'n wolhaardonkietjie gehad en reken of die nou by die ander donkies wil loop. Nee, hy neuk aaneen om alleen te wil loop of so nie hou hy net by ou Alwyn se donkies. Nou vra ek jou, Toiings, wat soek hy daar by ou Alwyn se donkies?"

„Praat, oompie Dissel, praat."

„Nou dit wil my baster voorkom of 'n mens net so is. Tant Bet, Jannetjie en ek is van jou klas donkies. Ons is tog van die seimde kraal maar nou loop staan en voeter jy mos al om by ander te hou. Is dit nou so of is dit nie so nie, Toiings?"

„Nee, maar as oompie Dissel so sê, dan is dit so."

„Nou maar so het ek vir ou Bet gesê."

Toiings se tong is los. Die oompie Dissel laat 'n mens sommer gesels. Dis nes hy gewees het. Maar hy wil darem ook graag 'n vergelyking maak, want 'n mens is vir hom kompleet nes nog iets anders. Hy sal dit tog waag.

„Oompie Dissel, dink Oompie nie 'n mens is ook halfpad soos 'n bok nie? Kyk daar was so 'n bont kapatertjie tussen baas Fanie se bokke, en sal hy nou nie dwing om saam met 'n paar ander alleen te loop nie? Hulle het ons darem so 'n sonde gegee."

„Nou maar, Toiings, dit wil my mos voorkom of jy net so was. Kyk Drieka Wee is daardie klas meid. Sy is nes Griet van ou Jan-goed. As daar 'n klomp volkies agter haar kan aantros dan is sy gelukkig. Jy sou vir haar net die eerste aand 'n pak moes gee. Is ek reg of is ek nie reg nie?"

„Nee dit is so, oompie Dissel."

„Maar Jannetjie is jou klas meid. Ek sê nou die dag vir ou Bet: ek sê, Bet, Jannetjie is nes Siena . . ."

„Maar, oompie Dissel, dis nes ek ook dink."

„Toiings, en toe kom die gedagte by my op — maar waarom sou Toiings haar nie trou nie? Dis tog net die meid vir hom. Toiings, waarom doen jy dit nie, man?"

Toe is Toiings eers regtig skaam. Hy het dit self al meer as een dag, hierdie afgelope drie weke gedink, maar Jannetjie sal mos nie so 'n slegte hotnot soos hy vat nie. Wat makeer oompie Dissel dan nou!

„Waarom nie, man?"

„Oompie Dissel, maar ek kan nie. Jannetjie is 'n goeie meid nes Siena. Sy sal baie beter manne as ek kan kry."

„Toiings, my ou neef, laat ek vir jou nou sê. 'n Goeie meid tref maar altyd 'n slegte man. Daar is nou jou ma. Kyk wie het sy nou vir 'n man? Nou ja, as julle goeie manne nou 'n kansie kry om 'n goeie meid te trou moet julle nie wag nie. Onthou dis daarom wat jy na ons toe gekom het, en hier is nou 'n meid duisend. Gesels-gesels nou maar vanaand so verlangs oor die saak. Ek weet daardie meid lief jou en jou klonkie baie."

„Dink, oompie Dissel, regtig so?"

„Natuurlik, Toiings."

„Ai dankie tog, oompie Dissel."

„Nou ja, maar dan staan ons maar so huiswaarts want jou tant Bet-goed sal al wag vir ete."

Maar voor hy nog 'n kansie kon kry om met Jannetjie

oor die gewigtige saak te praat, het iets anders gebeur. Toiings het al straf begin dink om terug te gaan Kareeplaas toe. Hy is uitgekuier van die dorp. 'n Plaasman kan nie so lank op die dorp rondlê nie, en hy het al begin verlang na die stil aande, die plaas en sy stroois. Hy sal weer die wêreld plat loop as hy daar is. Hy wonder of baas Fanie van Dawid se siekte weet. Baas Fanie sal seker sommer 'n knop in sy keel kry as hy van Dawid se siekte hoor, want Dawid is mos tog te snaaks vir baas Fanie. Die baas Fanie darem! As hy darem die môre die plaas kom insleep, sal baas Fanie seker lag want Filand is ook nie watwonderse skaapwagter nie. Hy is kapabel nog om die skaap op elke draai te kierie. Dis net 'n sleg skaapwagter wat met die kierie gooi. As 'n mens met die sweep klap en tegelykertyd skree, dan hoef jy nooit te kierie nie. Dit sal darem lekker wees as hy weer die trop kan skep veld toe.

So hunker hy na Kareeplaas. Maar daar was darem iets wat die mymeringe gestoor het. Ou Booi Seland dwing nou om saam te gaan en dis net weer om 'n trek agter hom aan te sleep. By hom sal daar nie weer 'n drinkery wees nie. Sy pa het alrede verneem hoeveel veetjies hy het, en oompie Domkrag praat nou al van kom kuier. Baas Fanie sal die sleg op sy plaas nie wil hê nie. Daar is net één man wat hy — Toiings — graag daar sal wil hê en dis Bakkies Spyker. Hy is nou wel so lelik maar onder sy vel sit 'n baie goeie hart — dis nou nie alternitters nie. Nee, Bakkies kan kom kuier net wanneer hy wil. Dan oompie Dissel-goed! . . . Dis nou familie wat maar elke dag kan kom. Oompie Dissel het hom ook al baie uit die pekel gehelp.

Uitkoms was naby. In 'n ander deel van die lokasie verneem ou Hessie, ou Booi Seland se vrou, waar haar man is. Sy het op sy spoor gehou en het op Kareeplaas verneem dat hy waarskynlik by Toiings op Blikkiesdorp is. So is sy son-

der versuim soheentoe want ou Booi sal Toiings rinneweer. Seker al al sy geldjies uitgedrink. Sy weet al lankal dat Toiings by so'n goeie baas op Kareeplaas is, maar wou nie hê ou Booi moet dit agterkom nie. As hy eers dood is, so het sy gereken, kan sy na haar seun gaan, maar die slag het ou Booi haar geflous. Sommer die wapad geskep reguit Toiings toe. En oral hoor sy dat ou Booi die storie versprei dat ou Jakob Regop se donkiemerrie haar disnis geskop het. Voor ou Dissel se stroois loop sy hom raak en sommer met die by-mekaarkom begin sy skel.

„Ja, skrik maar, Booi. Dis ek, ou Hessie. Jy het seker gedink ek sal jou nie weer kry nie maar jy het al die vorige kere vergeet. Hêi! moenie so maak nie! Ou Jakob Regop het nie 'n donkie wat my disnis kan skop nie. Maar van nou af sal ek die skoppery doen . . ."

„Suutjies, Hessie suutjies! Dis ons seun hierdie. Dis hy wat hulle Toiings roep."

„Ek weet," en sy soen Toiings — „maar ek ken jou duiwelse gedagtes. Jy wil weer al Toiings se goedjies uitsuip. Ek ken jou stryk. Hêi! . . . Maar baas van der Merwe het gesê ek bring jou terug tot op die plaas en dan sal hy afreken. Reken vir die ander mense vertel dat 'n donkie my Bokveld toe geskop het . . . Toiings, en ek hoor jou klonkie was siek? Daardie dag wat ou Booi jou aan baas Piet gegee het, was ek baie kwaad maar vandag is ek nie spyt nie . . ."

Toe buk ou Hessie om vir Dawid te soen. Ou Booi verdwyn dadelik om ou Domkrag te gaan aansê dat hy vanaand nie kan oorkom nie, want soos hy dit uitdruk „ou Jakob Regop se donkiemerrie het maar sleggerig geskop."

En sommer uitwaans het Toiings van sy ma begin hou. Toe wil hy hulle saam hê plaas toe maar ou Hessie wil daarvan nie hoor nie. Ou Booi sal dit nie meer lank kan maak nie, soos die ou nou drink, en daarna sal sy kom. Toiings

moet nou maar weer vrouvat. Sy sien so 'n deeglike mens hierbinne by Dawid. Net die vrou vir hom.

Weer aand. Ou Booi-goed is alweer op pad. Jannetjie sit neffens hom op 'n paraffienkissie voor die vuur. Oompie Dissel en tant Bet slaap al. Toe hulle loop, dwing Toiings ook net om te gaan slaap maar dis verseg of oompie Dissel daarvan wil hoor. Nee, hulle moet net sit tot die vuurtjie uitgebrand is. Jannetjie se hoop sink in haar skoene. Die laaste kool het al sy lagie as om, en nog sê Toiings nie 'n woord nie. Sy moet darem iets sê.

„Ja, oompie Toiings?"

„Ja, Jannetjie."

Maar weer daardie lastige stilte wat 'n mens se moed skoon wegneem. Oplaas kom die woorde. „Jannetjie, ek is sommer 'n slegte hotnot, sommer 'n baie slegte hotnot."

„Ek dink nie so nie, oompie Toiings."

„Nee, maar jy ken my nie, Jannetjie. Kyk hoe het ek nou agter daardie Drieka-meid gestap."

„Oompie, ek was eenslag net so mal agter 'n sleg klong, maar dis sommer se dinge. Jy kom weer reg en as jy dan liefkry dan kry jy sommer baster baie lief. So sê oompie Dissel."

„Ja, Jannetjie. Hy is reg. Ek het weer reggekom . . . en nou, Jannetjie, is dit jy wat ek lief het."

„Dankie, oompie Toiings."

„Nie te dankie nie, Jannetjie."

Soos oompie Dissel sê — hulle het daardie aand sommer baster laat gesit.

Toiings en Dawid kom die vaal rantjie by Kareeplaas omgesleep. Dis so teen sononder se kant. Daar gunter sien hy Filand met die vee en doer stap baas Fanie watertoe. Ja, daar kyk baas Fanie. Toe laat Toiings die torre aandrawwe. By die stroois trek hy hulle dwars en hou stil. Dan kyk hy skuins na Siena se graf toe. Toiings is net haastig om na die

vee toe te stap. Dawid moet nou maar hier by die vuurtjie bly want dis te koud vir hom teen die aand se kant. Dan is hy af water toe.

„Naand, Baas."

„Naand, Toiings. Dis darem nou onverwags!"

„Ja, Baas. Baas wat het dan van die rooinek-bokooi geword?"

„Die jakkals het haar gevang, Toiings."

„Ja, Baas. Ek meen so, Baas. Baas, die vee lyk maar vir my maer."

„Ja maar, Toiings, Filand kan nie skaapoppas soos jy nie."

„Dankie, my baas. Ja, Baas."

Elke skaap en bok ken hy nog. O, hy sal graag weer in die veld wil wees om elke ou bos en klip te beskou. Maar vanaand is hy geneig om met baas Fanie oor al sy wedevaringe te gesels.

„Baas Fanie, sê bietjie vir nôi Miemie ook. Dawid was mos so ernstig siek op Blikkiesdorp. Inflammasie, Baas, Ja, Baas."

„Ag nee, Toiings."

„Ja, Baas. Maar nou is hy weer gesond, Baas." Dan val 'n nuwe ding hom sommer weer by. „Baas, die Blikkiesdorp se volkies is darem nie soos ons plaasmense nie. Daar is nou net één jong wat ek baie van hou en dis Bakkies Spyker. Hy lyk na g'n ding nie, Baas, maar daar is nou vir jou 'n goeie jong. Baas, toe ek my mos kom kry het die Bakkies Spyker my aan die voetbôel speel."

„Ja, Toiings? Maar jy was mos sommer pure hotnot, Toiings."

„Ja, Baas, Baas, en Bakkies sê ek is glad nie selfies nie."

„So?"

„Ja, Baas, Baas, en hoeveel uierooie het Baas nou? . . ."

Alles word vertel en uitgevra. Die aand weet Fanie Naudé

alles wat met Toiings gebeur het — van die voetbal-spelery, die siekte en Jannetjie, alhoewel hy dit maar geraai het daar Toiings dit nie wou sê nie. Toiings kon net nie met sekerheid sê hoe lank hy nog sal wag voor hy met Jannetjie trou nie.

Toiings voel so lekker tuis in sy stroois daar duskant die ou vaal rantjie. Dis vir hom of dit die hoekie op die aarde is waar hy eendag maar wil sterwe. O, hy is so plesierig by sy werk dat 'n mens hom daar oorkant by die woonhuis kan hoor sing. Elke hoekie en gaatjie van sy stroois word deurgesnuffel. Die ontmoeting tussen hom en Flaai was net so liefdevol. Maar sy werkies is nog nie afgehandel vir die aand nie. Hoe sal hy dan tuiskom en nie eers vir Siena gaan groet nie. As Jannetjie eers eendag hier is, sal hy met haar na die graf gaan en sê: „Jannetjie, dis nou Siena." Nou vat hy Dawid se handjie en stap graf toe. En as hy daar staan, daal die onmeetlike vrede van die Karoovelde op hom neer. Sy siel word gereinig van elke onwenslike gebeure van die tydjie op Blikkiesdorp, en as die vrede so sag neerdaal, soos die windjie wat daar effens deur die spaansriet speel, prewel sy lippe die woorde: „Siena, jy lewe weer. Jannetjie is maar nes jy."

W.P.—22326—11/9/56.